

**MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE
MET GESINNE VAN DIVERSE
KULTUUR
EN AGTERGROND**

deur

M. M. Koch



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die
graad Magister in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van
Stellenbosch.

Studieleier: Prof. S. Green

Stellenbosch

Maart 2002

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

HANDTEKENING

DATUM

OPSOMMING

Suid-Afrika is bekend vir diversiteit, as gevolg van die teenwoordigheid van verskillende kultuurgroepe. Volgens die SA Statistieke Diens is daar 'n toename in immigrante van verskeie Afrika lande, Indië en China. Suid-Afrika word dus genoodsaak om voorsiening te maak vir al die verskillende kultuurgroepe. Behalwe vir die feit dat daar verskillende kultuurgroepe bestaan, is daar ook die moontlikheid dat meer verhoudinge en huwelike sal plaasvind tussen verskillende kultuurgroepe. Die maatskaplike werk professioneel het reeds begin met aanpassings in die verband deurdat opleiding by universiteite en kolleges fokus op multi-kulturele intervensie.

Voor 1994 is daar minder aandag gegee aan opleiding in maatskaplike werk intervensie aan gesinne van verskillende kulturele agtergrond. Ten einde doeltreffende maatskaplike werk intervensie te lewer, is kennis in verband met die verskillende kulture waarby maatskaplike werkers betrokke is, belangrik.

Die doel van die studie was om riglyne daar te stel vir die maatskaplike werker wat dienste lewer aan gesinne van verskillende kulturele agtergrond, sodat intervensie meer effektief sal wees. Bestaande literatuur ten opsigte van intervensie met gesinne van verskillende agtergrond is bestudeer en aangebied in 'n teoretiese raamwerk.

Eerstens is gefokus op algemene maatskaplike werk benaderings, teorieë en modelle wat in maatskaplike intervensie benut kan word. Daar is ook meer spesifiek gefokus op maatskaplike werk-benaderings, modelle en teorieë wat benut kan word met gesinne van verskillende kulturele agtergronde. Die definisies van kultuur en die gesin is ook bespreek en laastens is gefokus op maatskaplike werk intervensie aan gesinne van verskillende etniese agtergronde.

Met behulp van 'n vraelys is 'n verkennende studie by drie welsynsorganisasies gedoen. Hierdeur is maatskaplike werkers in die praktyk se kennis en vaardighede oor intervensie aan gesinne met verskillende etniese agtergronde bepaal. Die gegewens verkry uit die ondersoek word in nege dele aangebied, naamlik : identifiserende besonderhede, die gevallelading,

probleme met gesinne van diverse kultuur, onderrig en kennis van die maatskaplike werker in kulturele diversiteit, verdere opleiding, benaderings en modelle vir intervensie, intervensie met gesinne van verskillende kulturele agtergronde, die gesindheid van die maatskaplike werker en die welsynsorganisasie se betrokkenheid by opleiding.

Gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak ten opsigte van maatskaplike werkers se kennis en vaardighede met betrekking tot verskillende kulture en intervensie aan gesinne van verskillende kulturele agtergronde wat noodsaaklik is vir effektiewe intervensie. Aanbevelings is gemaak ten opsigte van verdere opleiding en navorsing.

SUMMARY

South-Africa is known for diversity because of the existence of so many different cultural groups. According to the South African Statistic Services is there an increase in immigration from different African countries, India and China. South Africa therefore need to accommodate the different cultural groups. Except for the fact that there is so many cultural groups, there is also the possibility that more relationships and even marriages will take place between these different cultural groups. The social work profession already started to adapt to these differences because the teaching at universities and colleges focus on multi-cultural intervention.

Before 1994 little attention was given to training of social work intervention with families of different cultural backgrounds. To be able to make social work intervention count, knowledge about the different cultures where social workers are involved with, is important.

The aim of the study was to establish guidelines for social workers who render services to families of different cultural background, to insure that their intervention will be done more effectively. Existing literature on intervention with families of different cultural background was studied and presented in a theoretical framework.

Social work perspectives, theories and models which can be used in social work intervention were discussed. Specific social work perspectives, models and theories which can be used with intervention of families with different cultural backgrounds were also discussed. The definitions of culture and the family were explained and a study was done on social work intervention with families of different cultural backgrounds.

Exploratory research was done with the aid of a questionnaire at three welfare organisations. Social workers knowledge and skills on counselling with families of different cultural backgrounds was determined amongst practising social workers. Information obtained from the questionnaires are presented in nine categories, namely : identifying particulars, the client system, problems with families from different cultural backgrounds, training and knowledge of the social worker in cultural diversity, further training, perspectives and models for

intervention, intervention with families of different cultural background, the attitude of the social worker and the welfare organization's involvement in training.

Conclusions and recommendations are made regarding social workers' knowledge and skills of intervention with families of different cultural backgrounds that are important for effective intervention. Recommendations are made regarding further training and research.

ERKENNING

Ek betuig graag my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies :

Die “City Revival Church” in Taipei, Taiwan vir finansiële ondersteuning, sowel as die Nagraadse Beurskantoor van die Universiteit van Stellenbosch.

Die welsynsorganisasies vir toestemming, asook die maatskaplike werkers vir die voltooiing van die vraelyste.

Prof. S. Green, as studieleier vir haar rigtinggewende leiding en deurlopende ondersteuning.

Dewald vir sy deurlopende ondersteuning en aanmoediging, sowel as my twee seuns, Dewald en Migaël vir hulle begrip.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE	1
1.2 DOEL VAN DIE STUDIE	4
1.3 METODE VAN ONDERSOEK	4
1.4 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE	6
1.5 AANBIEDING VAN DIE STUDIE	6

HOOFSTUK 2

KULTUUR EN ETNISITEIT : 'N MAATSKAPLIKE WERK PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING	8
2.2 BEGRIPSOMSKRYWING	9
2.2.1 Kultuur	9
2.2.2 Kruis-kultureel	12
2.2.3 Etnisiteit	13
2.2.4 Multi-kultureel	14
2.2.5 Gemengde (“Dual”) etnisiteit	15
2.3 KULTURELE VERSKILLE TUSSEN WESTERLINGE EN OOSTERLINGE	16
2.3.1 Individualiteit versus gesin	16
2.3.2 Lewensbeskouinge	17

2.3.3 Godsdienstige waardes	18
2.3.4 Rolle van die vader en moeder	19
2.3.5 Kommunikasie	21
2.3.6 Sosiale rolle	22
2.4 SAMEVATTING	22
HOOFSTUK 3	
GESINNE MET VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE	
3.1 INLEIDING	24
3.2 BEGRIPSOMSKRYWING	25
3.3 VERSKILLENDE KULTURELE SIENSWYSES VAN DIE GESIN	25
3.4 VERSKILLENDE FASES WAT VOORKOM IN ENIGE GESIN	27
3.4.1 Die pas getroude paar	28
3.4.2 Die gesin met jong kinders	29
3.4.3 Die gesin met tieners	30
3.4.4 Die gesin sonder kinders	30
3.5 IDENTITEITSVORMING VAN DIE GESIN	32
3.6 SOSIALE ASPEKTE BY GESINNE MET VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE	34
3.7 SAMEVATTING	34

HOOFSTUK 4

ALGEMENE MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS, MODELLE EN TEORIEË VIR MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE

4.1 INLEIDING	35
4.2 ALGEMENE MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS	36
4.2.1 Inleiding	36
4.2.2 Enkelteorie raamwerk	36
4.2.3 Eklektiese raamwerk	37
4.2.4 Integreerende raamwerk	37
4.3 MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE	39
4.3.1 Inleiding	39
4.3.2 Probleem-oplossende benadering	39
4.3.3 Psigososiale benadering	42
4.3.4 Psigo-analitiese benadering	44
4.3.5 Behavioristiese benadering	45
4.3.6 Eksistensialistiese benadering	46
4.3.7 Kliënt-gesentreerde benadering	47
4.3.8 Gestalt-beginsels	48
4.3.9 Kognitief-affektiewe benadering	49
4.4 TEORIEË	51
4.4.1 Inleiding	51
4.4.2 Rolteorie	52
4.4.3 Sisteemteorie	54

4.5 MODELLE	57
4.5.1 Inleiding	57
4.5.2 Gedragsveranderingsmodel	58
4.5.3 Taak-gesentreerde model	58
4.6 SAMEVATTING	61
 HOOFTUK 5	
MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS VIR INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE	
5.1 INLEIDING	62
5.2 MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS MET GESINNE VAN VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE	63
5.2.1 Die generiese (“generalist”) benadering	63
5.2.2 Etnies-sensitiewe benadering	67
5.2.3 Proses-fase benadering	69
5.2.4 Ekologiese benadering	74
5.3 MODELLE	77
5.3.1 Inleiding	77
5.3.2 Kulturele bewuswordingsmodel	77
5.3.3 “Culturagram”	77
5.4 SAMEVATTING	80

HOOFSTUK 6

INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE : MAATSKAPLIKE WERK PERSPEKTIEF

6.1 INLEIDING	81
6.2 VOORBEREIDING VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	82
6.2.1 Inleiding	82
6.2.2 Begrip en aanvaarding van kulturele verskille by gesinne	85
6.2.3 Kennis van kulture	87
6.2.4 Persoonlike etnisiteit	90
6.3 TERSAAKLIKE KULTURELE ASPEKTE VAN DIE GESIN WAT IN AG GENEEM MOET WORD	92
6.3.1 Waardes	92
6.3.2 Standaard en klas	93
6.3.3 Gesinsgedrag	93
6.4 DIE MAATSKAPLIKE WERKER/GESIN VERHOUDING	94
6.5 KOMMUNIKASIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE	95
6.6 DIE TAAK EN DIENSLEWERING VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	96
6.7 PROFESSIONELE VERMOË VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	100
6.8 STATUS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	101
6.9 GESINSLEDE SE VERMOËNS	103

6.10 SAMEVATTING	104
 HOOFSTUK 7	
MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE KULTUUR EN AGTERGROND.	
7.1 INLEIDING	105
7.2 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE	106
7.3 GEVALLELADING VAN RESPONDENTE	107
7.3.1 Aantal kliënte in gevallelading	107
7.3.2 Kultuurgroepe	108
7.3.3 Toename in dienslewering aan gesinne van verskillende etniese agtergronde	110
7.4 PROBLEME MET GESINNE VAN DIVERSE KULTURE	111
7.4.1 Die fase van die gesin	111
7.4.2 Tipe probleme	112
7.5 ONDERRIG EN KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	113
7.5.1 Voorgraadse opleiding	113
7.5.2 Ontbrekende kennis	114
7.6 VERDERE OPLEIDING	115
7.6.1 Tipe opleiding	115
7.6.2 Genoegsame kennis	116

7.7 BENADERINGS EN MODELLE VIR INTERVENSIE	118
7.7.1 Bronne benut	118
7.7.2 Kennis van benaderings, modelle en teorieë	119
<i>7.7.2.1 Kennis van benaderings</i>	119
<i>7.7.2.2 Benutting van benaderings, modelle en teorieë</i>	121
<i>7.7.2.3 Gebruik van modelle en teorieë</i>	122
7.8 INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE KULTURELE AGTERGRONDE	123
7.8.1 Verskil in intervensie	123
7.8.2 Taalverskille	124
7.8.3 Godsdiensverskille	125
7.9 GESINDHEID VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	126
7.9.1 Bewustheid van gesindheid	126
7.9.2 Effek van persoonlike kulturele agtergrond	127
7.9.3 Aanvaarding en verstaan	129
7.10 WELSYNSORGANISASIE	130
7.10.1 Kursusse/Programme	130
7.10.2 Redes vir geen opleiding	131
7.10.3 Aspekte belangrik in kursusse	132
7.11 SAMEVATTING	133

HOOFSTUK 8

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING	134
8.2 GEVOLGTREKKINGS	134
8.2.1 Persoonlike besonderhede	135
8.2.2 Gevallelading	135
8.2.3 Probleme met gesinne	136
8.2.4 Kennis van gesinne met diverse kulture en opleiding	136
8.2.5 Benaderings, modelle en teorieë	136
8.2.6 Welsynsorganisasie se betrokkenheid	137
8.3 AANBEVELINGS	137
8.3.1 Voortgesette opleiding	137
8.3.2 Maatskaplike werk opleiding	138
8.3.3 Verdere navorsing	138
8.3.4 Taalverskille	139
BIBLIOGRAFIE	140
BYLAES	
Bylae 1 Toestemmingsbrief aan hoofde van SA Statistieke Diens	146
Bylae 2 Tabele van Statistieke Diens	147
Bylae 3 Vraelys	152
Bylae 4 Toestemmingsbrief om navorsing te doen aan Communicare	163

Bylae 5 Goedkeuring vir voltooiing van vraelyste by ACVV en CMR	164
Bylae 6 Benutting ACSVV	165

LYS VAN FIGURE

BLADSY

Figuur 4.1	Skematiese voorstelling van die integrerende benadering	38
Figuur 5.1	Sisteem en teiken probleme	65
Figuur 5.2	'n Ekologiese benadering	76
Figuur 5.3	Culturagram	78
Figuur 6.1	Professionele vermoë van die maatskaplike werker	100
Figuur 6.2	Besluite wat maatskaplike werkers moet neem tydens dienslewering	102
Figuur 6.3	Die gesin se vermoëns	103
Figuur 7.1	Ontbrekende kennis	115
Figuur 7.2	Redes vir voldoende kennis en vaardighede	116
Figuur 7.3	Onderwerpe vir opleiding	117
Figuur 7.4	Gesindheid van die maatskaplike werkers	126

Figuur 7.5	Effek van persoonlike kulturele agtergrond	128
Figuur 7.6	Probleme om gesinne van diverse kulture te verstaan	129
Figuur 7.7	Redes vir geen opleiding	131
Figuur 7.8	Aspekte belangrik in kursusse	132

LYS VAN TABELLE

BLADSY

Tabel 7.1	Tydperk wat professie beoefen word	106
Tabel 7.2	Aantal kliënte in gevallelading	107
Tabel 7.3	Kultuurgroepe waarby dienste gelewer word	108
Tabel 7.4	Spesifieke kultuurgroepe	109
Tabel 7.5	Toename in dienslewering	110
Tabel 7.6	Die fase van die gesin	111
Tabel 7.7	Tipe probleme	112
Tabel 7.8	Voorgraadse opleiding	114
Tabel 7.9	Bronne benut	118
Tabel 7.10	Kennis van benaderings, modelle, teorieë	119
Tabel 7.11	Benaderings wat wel benut word	121

Tabel 7.12	Gebruik van modelle, teorieë	122
Tabel 7.13	Verskil in intervensie	123
Tabel 7.14	Taalverskille	124
Tabel 7.15	Kursusse/programme	130

LYS VAN BYLAES

BLADSY

Bylae 1	Toestemmingsbrief aan hoofde van SA Statistieke Diens	146
Bylae 2	Tabelle van Statistieke Diens	147
Bylae 3	Vraelys	152
Bylae 4	Toestemmingsbrief om navorsing te doen aan Communicare	163
Bylae 5	Goedkeuring vir voltooiing van vraelyste by ACVV en CMR	164
Bylae 6	Benutting ACVV	165

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Indien die populasie van elke land bestudeer word, sal daar verskillende kulturele groepe gevind word. Mense emigreer na verskillende lande wat dus 'n toename in verskillende kulturele groepe veroorsaak.

Volgens Jonker (2000:218) is die Suid-Afrikaanse populasie etnies divers en sal dit jaarliks toeneem. Dit is duidelik sigbaar in die statistieke wat verkry is van die Suid-Afrikaanse Statistieke Diens dat immigrante na Suid-Afrika toeneem. Die meerderheid immigrante na Suid-Afrika is vanaf die volgende lande: Lesotho, Malawi, Mozambique, Swaziland en Zimbabwe. Daar is ook 'n toename van immigrante vanaf Tanzanië, Senegal, Pakistan, Nigerië, Indië, Angola en China. (Sien Bylae 2). Strydom (1995:39) bevestig dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap uit 'n diversiteit van kulture bestaan. Volgens Gould (1995:200) kan multi-kulturalisme 'n probleem vir die maatskaplike werk professioneel inhou as gevolg van die kompleksiteit van multi-kulturalisme. Die professioneel besef wel dat die maatskaplike werkers verskillende kulture en sosiale diversiteit moet verstaan en waardeer, maar die probleem wat steeds opgelos moet word, is of maatskaplike werkers se ondervinding om 'n multi-kulturele benadering tot die hantering van gesinne met diverse kulture te ontwikkel, wel in lyn is met die verstaan van die komplekse en subtiele dimensies van die konsep multi-kulturalisme.

Yamashiro (1997:183) meld dat verskillende kulture, individue met verskillende waarde oriëntasies en wêreld standpunte oplewer. Om dus met gesinne van ander kulture te werk, is begrip nodig vir die verskillende norme en waardes wat hulle gedrag bepaal. Sosiale faktore onder andere, wat 'n mens se persoonlikheid vorm, begin by geboorte en pogings om kultuur uit te wis, impliseer dat jare se kondisionering en leer wat in die mees kritieke periode van ontwikkeling, dit wil sê, die kinderjare, plaasgevind het, uitgewis moet word. Dus is dit belangrik dat die maatskaplike werker die gesinne met verskillende etniese agtergronde moet

verstaan en hulle kulture moet waardeer. Die Raad vir Maatskaplike Werk Opvoeding (1988) in Engeland het die behoefte uitgespreek dat die maatskaplike werk professionele etniese en kulturele diversiteit van kliënte moet beseftig. (Gould, 1995:198). Volgens Lee (1999:21) is dit egter moeilik vir maatskaplike werkers om deskundiges te wees van elke kulturele groep. Dit is egter belangrik dat die maatskaplike werkers ten minste kennis moet dra van die spesifieke gesinne wat verskillende etniese en kulturele agtergronde het en wat deel uitmaak van hulle gevallestudies.

Steven (1999:525) beskryf spesifiek die situasie van die Asië-Amerikaanse kliënt en meld dat die kliënt in ten minste twee sosiale wêreldes moet funksioneer. In enige huweliksverhouding waar egpare van verskillende etniese groepe betrokke is, is bogenoemde ook van toepassing. Die kliënte leef volgens hulle eie familiebande, gewoontes, godsdiens, taal, waardes en ook binne die huweliksmaat se familiebande, godsdiens, taal en waardes. Volgens Steven (1999) word kultuur, die familie, tradisies en die lewensondervindinge van die spesifieke gesinne as onbelangrik in die intervensie van maatskaplike werkers beskou. Steven (1999) fokus dus op die noodsaaklikheid om die kollektiewe "self" van beide partye te ontdek. Volgens hom bepaal dit die effektiwiteit van die intervensie proses. Bogenoemde is uiters belangrik vir die maatskaplike werker tydens intervensie aan enige gesin waar verskillende etniese en kulturele agtergrond voorkom. In die Westerse kultuur word individuele waardes geleer ten einde persoonlike verantwoordelikheid te neem voordat verantwoordelikheid vir ander geneem sal word, terwyl die Oosterse kultuur waardes van sosiale kollektiwisme insluit en dus meer familie- en inter-persoonlik georiënteerd is. Indien die maatskaplike werkers in hulle spesifieke benadering nie die bogenoemde inligting tydens die intervensie proses inag neem nie, sal die intervensie proses nie kan vorder nie. Dit is dus belangrik om vas te stel of die maatskaplike werker se kennis van verskillende kulture voldoende is ten einde dienslewering te vergemaklik. Meer belangrik is egter om die kollektiewe self van beide kulture inag te neem en te verstaan. Lee (1999:22) meld dat indien maatskaplike werkers wat dienslewer aan gesinne van verskillende agtergronde, beseftig dat die kliënte se waardes, norme en maniere om realiteit te interpreteer, verskil, sal dienslewering meer effektief wees. Strydom (1995:117-118) sluit aan by bogenoemde en meld dat die maatskaplike werkers sensitief moet wees vir die persoonlike waardes van die verskillende kliënte/gesinne, dat hulle die individuele gedrag moet begryp om elke individu te laat beseftig wat hulle eie potensiaal is. Pinderhughes (1997:20) meld ook dat die maatskaplike werkers kennis van die waardes, gelowe en kulturele praktyk moet hê en dat

hulle oor die vermoë moet beskik om respek en waardering vir die verskillende waardes, gelowe en kulturele praktyke te hê. Hy meld verder dat die maatskaplike werkers oor die vermoë moet beskik om valse gelowe en idees te verander en ook die vermoë sal hê om te besef dat 'n mens se persoonlike idees nie die enigste idees is nie.

Met bogenoemde in gedagte is dit dus belangrik dat die maatskaplike werkers in gevallewerk kennis sal dra van verskillende benaderings, modelle en teorieë ten einde maatskaplike werkintervensie bevredigend te laat verloop. Devore & Schlesinger (1981:130) het ses verskillende maatskaplike werk benaderings geïdentifiseer wat meer algemeen deur maatskaplike werkers gebruik word. Die benaderings is as volg: die psigo-sosiale benadering, die probleem oplossende benadering, die strukturele benadering, die sisteem benadering, die ekologiese benadering en die etnies-sensitiewe benadering. Lum (1992:91) fokus egter op die proses-fase benadering wat behels dat die maatskaplike werker die kliënt met empatie en warmte moet hanteer ten einde die intervensie proses te bevorder. Bogenoemde benaderings is gebaseer op die werke van Perlman, wat reeds in 1957 oor die probleem oplossende benadering 'n studie gedoen het, Reid en Epstein (1972,1986), oor die taak-gesentreerde benadering, Hollis en Turner en Streat (1972,1986,1978) oor die psigo-sosiale benadering. Die vraag bestaan steeds oor hoe effektief die toepassing van bogenoemde benaderings met gesinne van verskillende etniese en kulturele agtergronde deur die maatskaplike werker is en wat die sukses is wat bereik word as gevolg van die toepassing daarvan.

Dit is egter belangrik om vas te stel of die etnies-sensitiewe benadering nie meer effektief sou wees in die intervensie proses met gesinne van verskillende etniese agtergronde nie. Bruno Oriti (1996:575) maak melding van etnies-sensitiewe benadering vanuit 'n vermoëns benadering. Die benadering fokus op die effektiewe akkommodering van verskillende kulture in plaas van die mislukte akkommodering van kulture. Die maatskaplike werker fokus dus in die intervensie proses op maniere om die etniese identiteit van kliënte te bepaal ten einde die kultuur te akkommodeer. Die maatskaplike werker kan ook van sekere modelle en teorieë gebruik maak in die intervensie proses met gesinne van verskillende kulture en agtergronde. Dit is dus belangrik om vas te stel watter modelle en teorieë wel benut kan word tydens intervensie met gesinne van verskillende agtergronde.

1.2 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doelstelling van die studie is om 'n teoretiese en praktiese raamwerk daar te stel wat maatskaplike werkers kan benut vir intervensie met gesinne van verskillende etniese agtergronde.

Die doelwitte van die studie is om :

- bestaande literatuur oor maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë wat benut kan word vir intervensie met gesinne van verskillende kulturele agtergronde te bestudeer en aan te bied in 'n teoretiese raamwerk.
- vas te stel of maatskaplike werkers wel van bogenoemde benaderings, modelle en teorieë gebruik maak in die intervensie proses met gesinne van verskillende etniese agtergronde.
- Riglyne vir maatskaplike werkers neer te lê ten einde intervensie met gesinne van verskillende etniese agtergronde, te verbeter.

1.3 METODE VAN ONDERSOEK

'n Omvattende literatuurstudie is onderneem ten opsigte van die verskillende maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë wat maatskaplike werkers gebruik in intervensie met gesinne van verskillende etniese agtergronde. 'n Rekenaarsoektog na beskikbare literatuur in die JS Gericke-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch is onderneem . Die Erika Theron-leeskamer in die Maatskaplike werk Departement van die Universiteit van Stellenbosch is ook geraadpleeg om literatuurbronne te identifiseer.

Na die voltooiing van die literatuurstudie is 'n empiriese ondersoek onderneem om die toepassing van die verskillende benaderings, modelle en teorieë met gesinne van verskillende etniese agtergronde in die intervensie proses vas te stel. Daar is besluit om 'n verkennende studie te doen. Verkennende navorsing het ten doel om 'n relatief onbekende terrein te

verken. (Mouton en Marais, 1989:43) , (Babbie, 1992:90-91). Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995) beskryf verkennende navorsing as 'n voorlopige ondersoek om die navorser op hoogte te bring van die aard van 'n verskynsel of maatskaplike probleem met die oog op die afbakening van die navorsingsterrein. Dus sal verkennende navorsing die ondersoeker in staat stel om nuwe insigte oor die verskynsel te ontwikkel (Mouton en Marais, 1989:43). Verkennende navorsing kan derhalwe as die toepaslike ontwerp vir die doel van die studie beskou word, aangesien die navorsingsterrein relatief onbekend is en verdere ondersoek ten opsigte daarvan derhalwe nodig is.

Die universum word gesien as alle gesinsorgorganisasies wat as deel van hulle omvattende dienste hulp aan gesinne van diverse kulture verleen. Vir die doel van die studie is daar besluit op vier gesinsorgorganisasies naamlik Communicare, ACVV, CMR en FAMSA in die Wes-Kaap. Doelbewuste seleksie volgens nie-waarskynlikheidsteekproefneming soos deur Grinnell (1988:252) beskryf, is gevolglik benut. Die tipe seleksie is volgens die genoemde skrywer toepaslik vir verkennende navorsing. Doelbewuste seleksie word gebaseer op die navorser se oordeel en die doel van die studie (Rubin en Babbie, 1993). Aangesien die navorser voorheen betrokke was by sommige van die bogenoemde organisasies en die kennis wat sy dra van bogenoemde organisasies, dra by tot die keuse van die seleksie. As gevolg van die wye geografiese verspreiding van die universum, beperkte tydsduur, fondse en omvang van hierdie studie is respondente beperk tot maatskaplike werkers werksaam by die genoemde vier gesinsorgorganisasies in die Wes-Kaap.

Briewe is aan die geïdentifiseerde instansies gefaks ten einde toestemming te vra om die maatskaplike werkers wat langer as 12 maande by die instansie werksaam is, by die studie te betrek. Die navorser het besluit om maatskaplike werkers te betrek wat reeds 'n geruime tyd betrokke is by die gesinne, omrede die wyse hoe die toepassing van die verskillende benaderings wat gebruik word met gesinne van verskillende etniese agtergronde, beter bepaal kan word.

Volgens Grinnell (1988:307) het selfgeadministreerde vraelyste die voordeel van konfidensialiteit en eerlike response op sensitiewe vrae en dus is daar van vraelyste gebruik gemaak om die empiriese inligting in te win. Verder is daar ook gebruik gemaak van groepgeadministreerde vraelyste aangesien die responssyfer hoër is en die navorser het ook meer beheer oor die voltooiing van die vraelyste deurdat sy teenwoordig is tydens die

voltooiing daarvan. Tyd is ook bespaar aangesien al die respondente tegelykertyd betrek is (Babbie, 1992:263; Grinnell en Williams, 1990:219). Datakolleksie is gestruktureer deur middel van gestruktureerde vraelyste, maar 'n groot aantal oop vrae is gestel waar die respondente hul eie menings kon verwoord. Laasgenoemde is volgens Mouton en Marais (1985:164) noodsaaklik vir kwalitatiewe navorsing. Na aanleiding van De Vos (1998 :38) sal die ondersoeker gebruik maak van 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering in die navorsingsproses. Ongestruktureerde vrae het die respondente vrye geleentheid gebied om antwoorde eerlik en in hul eie woorde te beantwoord, wat belangrik is vir verkennende navorsing (Arkava en Lane, 1983:168).

1.4 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Die volgende kan as beperkinge beskou word :

Een van die organisasies, naamlik die ACVV het geweier om deel te neem aan die navorsing.

As gevolg van die organisasie se onbetrokkenheid, het die universum wat met doelbewuste seleksie geïdentifiseer is, verminder.

Die navorser het nie betyds die vraelys kon voltooi nie en dus kon die groepgeadministreerde voltooiing van die vraelys nie plaasvind nie. Dit het egter nie afbreek gemaak aan die geldigheid van die bevindinge en gevolgtrekkings nie.

Sommige van die maatskaplike werkers wou nie betrokke raak by die voltooiing van die vraelys nie omrede hulle nie betrokke is by gesinne van diverse kulture nie.

1.5 AANBIEDING VAN DIE STUDIE

Die tesis bestaan uit 8 hoofstukke. Hoofstuk 1 dien as 'n inleidende hoofstuk terwyl hoofstukke 2 tot 6 op die teoretiese fundering fokus. Hoofstuk 7 handel oor die empiriese studie terwyl hoofstuk 8 bestaan uit gevolgtrekkings en aanbevelings. Die tesis word soos volg aangebied :

Hoofstuk 1 dien as inleiding tot die navorsingsverslag. Aspekte rakende die motivering, doelstellings, asook metodes van die ondersoek word bespreek.

Hoofstuk 2 fokus op die definiëring van kultuur en die beskrywing van kultuur. Dit dui ook die effek wat kultuur op gesinne van verskillende etniese agtergronde het.

Hoofstuk 3 beskryf die gesin en spesifiek gesinne met verskillende etniese agtergronde.

Hoofstuk 4 fokus hoofsaaklik op die verskillende maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë wat aangewend kan word in maatskaplike werk intervensie.

Hoofstuk 5 fokus op die benaderings wat spesifiek gebruik word in intervensie met gesinne van verskillende etniese agtergronde.

Hoofstuk 6 bespreek die maatskaplike werk intervensie en die veranderinge wat die maatskaplike werker moet maak in die intervensie proses met gesinne van verskillende etniese agtergronde.

Hoofstuk 7 is 'n ontleding van maatskaplike werkers se leerbehoefte rakende die vaardighede wat hulle hantering met gesinne van verskillende etniese agtergrond kan bevorder.

Hoofstuk 8 sluit die tesis af met gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van die literatuur en empiriese ondersoek.

HOOFSTUK 2

KULTUUR EN ETNISITEIT :‘N MAATSKAPLIKE WERK PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING

Ten einde gesinne van diverse kulture te verstaan, is dit belangrik om ‘n studie te doen oor die verskillende sienswyses van kulture en etnisiteit. Die afdeling wat volg, sal die maatskaplike werkers in staat stel om kulture beter te verstaan en sodoende sal hulle meer insig ontwikkel ten einde gesinne van diverse kulture tot beter hulp te wees.

Volgens Steven (1999:526) word kulture selde in ag geneem by enige maatskaplike werk behandelingsplan. Kulture beïnvloed alle aspekte van elke persoon se lewe en dus is daar nie so iets soos kulture vrye maatskaplike werk nie (Pinderhughes, 1989).

Hines (1992:323) meld dat mense se kulturele waardes en idees asook hulle bewussyn, elke aspek van hulle lewe beïnvloed, sowel as wat hulle as probleme beskou, hoe hulle kommunikeer, wat hulle glo die oorsake van probleme is, wie hulle as ‘n helper sal beskou en wat se soort oplossings hulle graag wil ervaar.

Oriti (1996:575) meld dat daar veelvoudige probleme voorkom by inter rasse/ etniese gesinne en individue. Identiteitsverwarring, rebellie en oor-kompensasie vir ‘n swak selfbeeld is ‘n paar gedragsprobleme en motiverings wat by lede van multi-etniese groepe voorkom. Compton en Galaway (1994:166) meld dat “culture and cultural norms are powerful forces that are inevitably part of our unconscious so deeply buried and accepted as part of us that we express them in all areas of life without any awareness. We need to quit denying that we have such attitudes, accept them as part of ourselves and work at identifying theirs and how we express them in order to change.”

Pinderhughes (1989:21) meld die volgende oor verskillende etniese gesinne :“How one responds to being different from others and what it means are issues that are rarely given attention in preparing people for cross-cultural work. Yet the experience of the self as different from another is important for both worker and client in the cross-cultural encounter. And the feelings, attitudes, perceptions and behaviors that are mobilized can play a prominent part in the work they do. “

Met die inagneming van bogenoemde skrywers se standpunte is dit duidelik dat verskillende kulture die mens se gedrag, denke, gevoelens en optrede beïnvloed en daarom moet ‘n studie van kultuur gedoen word. Daar sal dus aandag gegee word in die volgende hoofstuk aan die definisies van kultuur, etnisiteit en multi-kultureel. Verskillende sieninge van kulture sal ook bespreek word, naamlik sekere lewensbeskouinge, godsdienstige waardes, rolle van ouers, kommunikasie, sosiale rolle en kulturele identiteit.

2.2 BEGRIPSOMSKRYWING

Ten einde gesinne met verskillende etniese agtergronde te verstaan, is dit belangrik om die verskillende begripsomskrywings te bestudeer.

2.2.1 Kultuur

Die term, etnies-sensitief dui op verskillende kulture betrokke en daarom moet die term, kultuur bespreek word. Volgens Devore en Schlesinger (1996:43) dui kultuur op groepe wat verskil in gedrag, in hulle wêreldsienswyses, hulle perspektiewe van lewenspatrone en hulle konsep van die natuur van die menslike kondisie. Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:16) word kultuur as volg beskryf : kultuur vorm ‘n sisteem wat kennis, geloof, kuns, morele standaarde, wette, gedrag en enige ander kapasiteite en gewoontes deel deur lede van ‘n gemeenskap.

D’Ardenne (1989:3) meld dat die terme kultuur, etniese groepe en ras algemeen gebruik word ten einde verskillende idees oor die samelewing weer te gee. Sy het ‘n studie gedoen oor verskillende skrywers se sieninge van kultuur en dit is belangrik om in die studie daarna te verwys. Triandis (1980) sluit fisiese en subjektiewe aspekte in in sy definisie van kultuur.

Fisiese aspekte dui op paaie, geboue en gereedskap wat dien as elemente van kultuur en subjektiewe aspekte sluit in rolle, waardes en gesindhede wat in die kultuur voorkom. Reber (1985:170) definieër kultuur as “the system of information that codes the manner in which the people in an organised group, society or nation interact with their social or physical environment.” In common use, the term “culture” has come to mean any difference between one group of people and another. Cultural differences can be differences in family role, gender, lifestyle, religion or politics (D’Ardenne, 1989:4).

Kultuur volgens Pinderhughes (1989:6) is “the sum total of ways of living developed by a group of human beings to meet biological and psychological needs. It refers to elements such as values, norms, beliefs, attitudes, folkways, behavior styles and traditions that are linked together to form an integrated whole that functions to preserve society.” Kultuur beïnvloed die wyse waarop individue hulle probleme, doelstellings en oplossings definieër. Pinderhughes (1989:13) meld dat kultuur kliënte se sienswyses rondom probleme bepaal met die volgende in gedagte: die wyse waarop uitdrukking gegee word aan probleme, byvoorbeeld of dit somaties van aard is, deur sekere gedrag of deur sekere gevoelens weer te gee, die spesifieke simptome van probleme verskil, elke kultuurgroep maak gebruik van sekere hulpsisteme wanneer nodig, wat hulle beskou as hulp en die behandeling strategieë wat hulle verkies. Pinderhughes (1989:22) meld verder dat kulturele waardes die betekenis om anders te wees as ander beïnvloed en ook die optrede teenoor die andersheid, byvoorbeeld die verskil van velkleur. Volgens Pinderhughes (1989:24) vereis die verstaan van die self sowel as die verstaan van kulturele dinamika, die vermoë om beide kommodaliteite van die verskille tussen die self en ander te aanvaar. “A variety of human attributes and conditions can cause people to experience themselves as different from others. The sources of difference ranging from biological to psychological to sociocultural and are as follow: race, religion, ideology, nationality, ethnicity, appearance, body structure, behavior style, sex, age, size, family constellation, occupation and socio-economic class” (Pinderhughes, 1989:25).

Strydom (1995:116) beskryf kultuur as die aangeleerde metode van lewe wat deur ‘n groep persone aangeneem is en wat oorgedra word van generasie tot generasie. Jayasuriya (1992 :39) se definisie van kultuur is veel meer omvattend en word as volg beskryf :“ elements of culture are the normative (value, norms), affective (sentiments, loyalties), cognitive (knowledge, myths, beliefs), aesthetic (beautiful, pleasing) and behavioural (customs,

practices, rites).” Laasgenoemde elemente kan binne enige kultuur of etniese groep gevind word .

Forte (1999:51-52) dui aan dat kultuur in ‘n biologiese wyse gebruik word as bakterie wat in ‘n laboratorium groei. Kultuur word deur sommige waargeneem as ‘n teken van kultivering. Sekere spraak- en sosiale gewoontes, maak onderskeid tussen die kulturele elite en die laer klasse. Kultuur is die verskil tussen die mens en die dier. Kultuur word ook gebruik as ‘n sinoniem vir ‘n sosiale groep byvoorbeeld mense wat gebind word deur ‘n geografiese omgewing. Kultuur kan verder ook beteken:die totaliteit van kuns, gewoontes, geloof, institusies, kennis, emosies en gedagtes wat tipies is van ‘n gegewe gemeenskap. Ten einde kultuur te bestudeer, moet daar na kommunikasie gekyk word. Kommunikasie is ‘n gemeenskap se sisteem van verbale en nie-verbale simbole, die wyse waarop mense met mekaar praat. Binne dieselfde kultuur praat die mense dieselfde taal.

Compton en Galaway (1994:172) se definisie van kultuur is as volg :Kultuur is ‘n verenigde siening van waardes, idees, geloof en standaarde vir aksie wat deur ‘n geïdentifiseerde groep behou word. Verskeie kulturele groepe kan binne een land geïdentifiseer word. Lum (1992 :62) beskryf kultuur as volg :Dit is nie ‘n enkele konsep nie, maar eerder ‘n samestelling van institusies, taal, waardes, godsdienstige idees, gewoontes van denke, kunssinnige uitdrukkings, en patrone van sosiale en interpersoonlike verhoudings. Volgens Compton en Galaway (1994:166) verskil kultuur in die wyse waarop besluite gestruktureer word, in die lewensgebeurtenisse, in hoe die ontwikkelingsiklus van die huishouding en die gesinseenhede georden word en hoe individue en huishoudings optree in krisisse en hoe hulle reageer op invloede van buite.

Kultuur bestaan verder volgens Forte (1999:53-54) uit verskillende aspekte byvoorbeeld kulturele geloof, wêreldsiening, rituele, seremonies, kuns , taal, stories en kommunikasie wyses. Binne ‘n spesifieke kultuurgroep weet elke lid outomaties wat om te doen, hoe om dit te doen en waarom hy optree op ‘n sekere manier, byvoorbeeld by ‘n huwelikseremonie, ‘n sport geleentheid, ‘n skool graduering of ‘n begrafnis. In gegewe omstandighede word mense gelei deur tradisie. Oriti (1996:574) meld dat sekere fisiese kenmerke, patrone van gedrag en wyses van waarneming tipies is van ‘n etniese groep, maar dat kulturele variasies tog binne die patrone mag voorkom.

O'Hagan (1999:269-279) beskryf kultuur as volg: kultuur is 'n konsep wat voorkom in antropologie. Antropoloë beskryf kultuur as 'n komplekse geheel wat kennis, gelowe, kuns, morele standaarde, wette en gewoontes insluit. Kultuur stel ook riglyne vir individue wat lede is van 'n spesifieke gemeenskap. Kultuur bepaal dus die individue se wêreldsiening, dit bepaal emosionele optredes op gebeurtenisse, en optrede teenoor ander persone, dit bepaal sieninge oor geestelike magte en gode en siening van die natuurlike omgewing. Kulturele studies daarenteen definieër kultuur as 'n groep met 'n besondere lewenswyse. Die waardes en idees, sosiale verhoudinge, gelowe, gewoontes en die gebruike is dieselfde binne die groep. Kultuur sluit ook die tipe kleredrag, die huweliksgewoontes en die gewoontes van die gesin, die patrone van werk, godsdienstige seremonies en wyses van ontspanning in.

Uit bogenoemde skrywers se siening is dit duidelik dat kultuur elke aspek van menswees bepaal. Maatskaplike werkers moet dus die belangrikheid van kultuur in elke individu se lewe besef, sowel as die effek wat kultuur op die optrede van elke individu het.

Die volgende definisie soos bespreek deur O'Hagan, (1999:273) sal gebruik word vir die studie. "Culture is the distinctive way of life of the group, race, class, community, or nation to which the individual belongs. It is the product of the values, ideas, perceptions, and meanings which have evolved over time. These values, ideas, perceptions, and meanings constitute the individual's knowledge and understanding of the world in which he or she lives, and they derive from, and are embodied in, the physical environment of birth and upbringing, in language, institutions, family and social relationships, child rearing, education, systems of belief, religion, morals and customs, dress and diet, and in particular uses of objects and material life." Die definisie is 'n omvattende opsomming van kultuur en dui op elke aspek van lewe van geboorte tot dood. Dit dui op die invloed van kultuur op elke lewensfase waardeur die individu gaan.

2.2.2 Kruis-kultureel

Wanneer die term kruis-kultureel gebruik word, dui dit op die interaksie van twee verskillende kulture. Etniese groepe daarenteen dui dus op belangrike elemente van godsdiens, kultuur, fisiese optrede of geskiedenis wat dieselfde is binne 'n groep (Devore & Schlesinger, 1996

:44). Maatskaplike werkers moet kennis dra van die begrip ten einde hulle kliënte wat wel betrokke is in kruis-kulturele omstandighede te verstaan.

2.2.3 Etnisiteit

Dit is belangrik dat maatskaplike werkers kennis dra van die begrip etnisiteit wat dui op die unieke kenmerke van 'n etniese groep. Dit is die determinant van hoe gesinne sekere aanvaarbare reëls ten opsigte van sekere rituele, waardes, houdings, gedragspatrone en wyse van emosionele uitdrukking daarstel. Etnisiteit speel 'n belangrike rol in die vorming van die individuele- en gesinsidentiteit. Behalwe vir ras, godsdiens en nasionale en geografiese oorsprong, verwys etnisiteit na die groep se samehörigheid en voorsien dit 'n eendersheid wat by die gesin oor generasies voorkom. Etnisiteit voorsien ook 'n historiese kontinuïteit en dit vorm die individu en gesin se identiteit. Elke groep se etniese agtergrond beïnvloed hoe die groep dink, hoe hulle voel, hoe hulle werk, hoe hulle ontspan, hoe hulle vakansies deurbring en ook rituele hou, hoe hulle angs hanteer en hoe hulle voel oor siekte of lewe en dood. Etnisiteit maak diegene wat dieselfde dink eenders (Galdenberg en Galdenberg, 1998:293).

O'Hagan (1999:269-279) meld die volgende ten opsigte van etnisiteit: "Ethnicity and culture are terms used synonymously in social work practice. The definition of ethnicity is as follows: "all the characteristics which go to make up cultural identity: origins, physical appearance, language, family structure, religious beliefs, politics, food, art, music, literature, attitudes towards the body, gender roles, clothing, education. "

Pinderhughes (1989:39-40) beskryf etnisiteit as volg: die bewustheid van eendersheid met ander en die individuele etniese betekenis dat mense ontwikkel as gevolg van hulle ondervindinge het verdere implikasies as net die eenderse godsdiens, nasionaliteit, geografiese oorsprong en ras. Deur individuele psigologiese dinamika en sosiale nagelate definisies van die self, is etnisiteit verbind aan prosesse, albei bewustelik en onbewustelik, wat 'n fundamentele behoefte vir historiese eendersheid en sekuriteit bevredig. Dit bied sekerheid by die groep en die individu wat ook deur waardes wat die gemeenskap verplig, beïnvloed word. Etnisiteit is 'n altyd teenwoordige invloed wat gemobiliseer kan word in interaksie tussen mense. Vir sommige word etnisiteit gereflekteer in belangstellings en omstandighede wat opgewektheid veroorsaak. Vir ander word etnisiteit gemanifesteer in

verwarring en onsekerheid, terwyl ander optree in die ignorering van etnisiteit en die verwerping om uitdrukking te gee aan etnisiteit. Die wyse waarop 'n persoon reageer teenoor sy etniese agtergrond, is 'n refleksie van hoe die persoon oor hom/haarself voel. 'n Positiewe siening van etnisiteit kan vryheid, sekuriteit en gemak, buigbaarheid in gedrag en 'n kapasiteit om oop verhoudinge teenoor ander, wat van ander kulture is, te hê, bring. Die siening van Pinderhughes sal gebruik word in die studie om etnisiteit te verstaan. Dit bespreek die belangrikheid van elke individu om sy/haar etnisiteit te aanvaar ten einde 'n positiewe uitkyk en ontwikkeling te ervaar.

Carter en McGoldrick (1989:69) meld dat etnisiteit die denke, gevoelens en gedrag van elke individu op alle maniere, beheer. Dit speel 'n belangrike rol in die bepaling van wat mense eet, hoe mense werk, hoe hulle optree, hoe hulle vakansies en rituele vier en hoe hulle voel oor lewe, dood en siekte. Mense sien die wêreld deur hulle eie kulturele filters en gaan voort in hulle eie bestaande sienswyses. Etnisiteit in die studie of etniese sensitiwiteit word gebruik en verwys na 'n groep gebaseer op 'n kombinasie van ras, godsdiens en kulturele geskiedenis. Dit beskryf ook die eendersheid wat deur die gesin oor generasies oorgedra is. Dit is egter ook meer as net ras, godsdiens of nasionale en geografiese oorsprong, maar dit verwys en sluit in die bewuste en onbewuste prosesse wat 'n diep psigologiese behoefte vir identiteit en historiese eenheid vervul. Die bewustheid van etniese identiteit verskil grootliks van kultuurgroep tot kultuurgroep en van een groep na die ander groep. Gesinne varieër in gesindheid teenoor hulle etnisiteit. 'n Regressiewe vashou aan tradisies van die verlede word gemotiveer deur 'n vrees vir verandering (Carter en McGoldrick, 1989:69-70).

Maatskaplike werkers moet kennis dra van hulle kliënte se siening van hulle etnisiteit, omrede dit belangrik is om etniese identiteit te vorm. Die kliënt se siening van sy/haar etnisiteit kan sekerheid of verwarring in hulle lewe veroorsaak. Die maatskaplike werker kan dus die kliënte bystaan ten einde 'n positiewe gesindheid van aanvaarding van etnisiteit te verseker.

2.2.4 Multi-kultureel

Aangesien maatskaplike werkers betrokke is by gesinne van diverse kulture, is dit belangrik om ook die term, multi-kultureel te verstaan ten einde kliënte behulpsaam te wees waar nodig.

Multi-kultureel kan gedefinieer word as die bestaan van 'n plorale gemeenskap, volgens Gould (1995:199). Gould meld ook dat deur rasse, kultuur en sosiale diversiteit te verstaan, word multi-kulturalisme verstaan.

Multi-kultureel volgens Strydom (1995:39) word gedefinieer as 'n diversiteit van pluraliteit van kulture, wat daarom interaksie tussen meer as slegs twee kulture insluit. Strydom (1995:116) beskryf dit ook in 'n studie as volg: kulture is die aangeleerde leefwyse van 'n groep mense wat van geslag tot geslag oorgedra en verfyn word. Die begrip sluit sekere meer tasbare en ander minder tasbare elemente in. Kultuur is verder ook die totaal van menslike skepping, ondervinding en uitdrukking wat neerslag vind in 'n eie lewens- en wêreldbeskouing. Strydom (1995:116) se definisie van multi kulture dui op 'n verskeidenheid of veelheid van kulture en impliseer dus meer as bloot die tweerigtingverkeer tussen slegs twee kultuurgroepe.

Die term multi-kultureel is belangrik omrede maatskaplike werkers betrokke mag raak by gesinne waar meer as twee kulture betrokke is, byvoorbeeld wit, bruin en swart kulture binne een gesin. Die gesin sal meer kompleks wees as gevolg van die verskillende kulture wat gedrag en optrede bepaal.

2.2.5 Gemengde (“dual”) etnisiteit

Dit is in die studie ook belangrik om die begrip gemengde (“dual”) etniese agtergrond te verstaan. Daar is 'n toename in huwelike tussen verskillende rasse en etniese groepe. Persone wat dieselfde godsdienstige agtergrond deel, maar 'n verskillende etniese geskiedenis, of diegene met 'n totale verskillende godsdienstige oorsprong, trou en vorm nuwe gesinne. Die partye betrokke in so 'n huwelik het meer etniese invloede om in ag te neem. Etnisiteit is een van die baie aspekte van identifisering van inligting wat in ag geneem moet word om te bepaal watter benadering gebruik sal word (Devore en Schlesinger, 1996:117-118). Die impak van die etniese realiteit op die daaglikse lewe van die kliënt en/of gesinne is teenwoordig (Devore en Schlesinger, 1996:119). Die maatskaplike werkers moet dus beseef dat die gesinne se daaglikse roetine deur kultuur beheer word. Die wyse waarop probleme hanteer word elke dag, word deur kultuur bepaal. Etnisiteit kan meer gesien word as oorsakende faktore van sekere optrede en probleme wat mag voorkom binne gesinne met

diverse kulture. Die maatskaplike werker moet dus al die terme inag neem tydens dienslewering ten einde 'n deeglike evaluasie te maak van oorsake van probleme en die hantering van probleme.

2.3 KULTURELE VERSKILLE TUSSEN WESTERLINGE EN OOSTERLINGE

Die moontlikheid bestaan ook in Suid-Afrika dat huwelike sal toeneem tussen Oosterlinge en Westerlinge. Dit kan die geleentheid skep vir maatskaplike werk intervensie indien die egpare vir dienslewering sou aanmeld.

2.3.1 Individualiteit versus gesin

Indien huwelike tussen Westerlinge en Oosterlinge sou plaasvind, is dit belangrik vir elke maatskaplike werker om die verskille in kultuur te verstaan, omrede die verskille tussen Westerlinge en Oosterlinge soveel groter is en dit dus meer probleme kan veroorsaak in die huweliksverhouding.

Carter en McGoldrick (1989:69) dui daarop dat die menslike ontwikkeling in Oosterse en Westerse kulture verskil. Die definiëring van 'n persoon as 'n sosiale wese en die definiëring van ontwikkeling as die groei van die mens se kapasiteit om empaties op te tree en aanraking as belangrik te beskou, verskil in die Westerse kulture. Westerlinge definieër die individu as 'n psigologiese wese en definieër ontwikkeling as die groei van die menslike kapasiteit met differensiasie.

In die Westerse kultuur word die individu as belangrik beskou met al die ander verhoudings gekonsentreer rondom die self. In die Oosterse kulture daarenteen word die gesin in die middel geplaas en die self is 'n deel van interpersoonlike verhoudings waarin die persoon leer om die self te sub-ordineer aan die gesin se sosiale eenheid om dus solidariteit en eenheid te beklemtoon (Compton en Galaway, 1994:303)

In dienslewering is dit belangrik dat die maatskaplike werker die belangrike verskil tussen Westerlinge en Oosterlinge sal in ag neem. Tydens intervensie sal die maatskaplike werkers die gesin in die Oosterse kulture moet inag neem, terwyl hulle slegs dienste aan die individu alleen kan lewer in die Westerse kultuur.

2.3.2 Lewensbeskouinge

Oosterlinge en Westerlinge se beskouinge rondom die lewe verskil. Indien 'n huwelik sou plaasvind tussen Oosterlinge en Westerlinge is leiding nodig ten einde die egpaar van raad te bedien rondom die verskillende sieninge van die lewe. Individue se gedrag word bepaal volgens sekere lewensbeskouinge. Dit kan spanning in huwelike teweeg bring indien die egpaar nie beseft dat hulle of moet konformeer aan mekaar se lewensbeskouinge of verandering van lewensbeskouinge nodig mag wees.

Dit is belangrik om die verskille tussen Westerlinge en Oosterlinge te verstaan. Oosterlinge is geneig om die natuurlike loop van lewensgebeurtenisse te aanvaar. Hulle glo dat die mens bestaan binne 'n raamwerk waar vorige dae en toekomstige doelwitte vooraf bepaal is. Die lewe word ervaar as buite beheer van die individu en dus sal 'n hoeveelheid probleme in die individu se lewe voorkom. As gevolg van hul filosofie is Oosterlinge meer voorbereid op die feit dat sekere gebeurtenisse sal plaasvind, byvoorbeeld siekte. 'n Algemene aanvaarding van lewenssituasies moet nie verkeerdelik verstaan word as passiwiteit of aanvaarding van negatiewe gebeurtenisse nie. Alhoewel die Oosterlinge glo dat hulle nie beheer het oor hulle omstandighede nie, kan hulle tog besluite maak oor hoe om te leef binne die omstandighede. Die onus is dus op die individu of die gesin om die probleem te oorbrug. Hulle sal daarom nie hulp van buitestaanders vra nie en definitief nie hulp van persone van ander kulture nie. Indien hulle hulp sou soek by maatskaplike werkers van 'n Westerse kultuur, sou hulpverlening moeilik wees (Yamashiro, 1997:178-179).

Hierteenoor glo die Oosterlinge dat ouderdom, opleiding en lewensondervinding geassosieer word met wysheid. Westerlinge glo dat elkeen in beheer is van sy eie noodlot, terwyl Oosterlinge glo dat die individu nie absoluut in beheer is nie. Die persoon is altyd 'n integrale deel van die groter wêreld wat outoriteit oor hom of haar het.

In enige bespreking van multi-kulturele bewustheid is dit belangrik om vas te stel waarin kulture wel verskil. In kulture is daar verskillende dimensies van diversiteit. Jonker (2000 :223-224) bespreek Beckett en Dungee-Anderson (1996) se verskillende dimensies van diversiteit en dit is van toepassing op die studie. Volgens laasgenoemde skrywers bestaan daar 'n verhouding tussen die mens en sy fisiese omgewing. Die verhouding kan as volg beskryf word, naamlik die mens leef in harmonie met die natuur, hy/sy heers oor die natuur en/of sy/haar lewe word grootliks deur eksterne magte beheer.

Die volgende dimensies van diversiteit kom voor binne elke kultuur en verskil van kultuur tot kultuur. Tyd oriëntasie is 'n belangrike dimensie in kultuur en dit dui op groepe wat fokus op of hulle verlede, hede of toekoms en dit bepaal hulle daaglikse interaksie en betrokkenheid met mekaar. 'n Kulturele groep wat 'n verlede-oriëntasie behou, sal tradisies as waardevol beskou en daarom is geskiedenis belangrik vir diegene betrokke. Die huidige oriëntasie groep glo dat die huidige oomblik alles is. Die toekoms oriëntasie kulturele groepe glo dat opofferinge nou gemaak moet word ten einde verbetering in die toekoms te verseker. Elke kultuurgroep verskil ten opsigte van hulle oriëntasie. Maatskaplike werkers moet dus bewus wees van die oriëntasies ten einde te bepaal waarom sekere groepe sekere besluite neem of nie neem nie. Hulle besluitneming sal deur hulle tipe oriëntasie beïnvloed word.

Soos reeds gemeld word elke individu se optrede bepaal deur sy/haar lewensbeskouing. Twee uiterste lewensbeskouing in 'n huweliksverhouding kan lei tot ernstige konflik. Maatskaplike werkers moet bogenoemde inag neem tydens maatskaplike werk intervensie. Sekere konflik in die huwelik kan veroorsaak word deur verskillende lewensbeskouing.

2.3.3 Godsdienstige waardes

Godsdienstige waardes is deel van elke kultuur en maatskaplike werkers moet dus kennis neem hiervan. Dit het 'n groot invloed op die wêreldsiening van elke kultuurgroep. Die invloed van Buddhisme en Confusionisme is sentraal aan Oosterse filosofie en leefstyl. Buddhisme is gebaseer op vier waarhede :1) Alle lewe is onderdanig aan lyding; 2) die begeerte om te lewe is die rede vir bestaan; 3) die onderdrukking van begeertes gee 'n vermindering van lyding en 4) die weg om te ontvlug, vind plaas deur 'n agtvoudige weg naamlik, glo reg, dink reg, praat reg, voer regte aksies uit, leef reg, regte pogings, regte denke

en die regte konsentrasie om van begeertes te vlug. In die Westerse kultuur word baie waarde gegee aan self-uitdrukking deur taal. Die vermoë om nuwe idees te vorm, word gesien as die hoeveelheid intellek waaroor 'n persoon beskik en die vermoë om gevoelens te wys word as 'n belangrike kwaliteit beskou. Gedagtes of gevoelens wat te moeilik is om deur taal uitdrukking te kry word beskou as te abstrak om weer te gee. In die Westerse kultuur word gevoel gesien as die oorsaak van die persoon se kognitiewe denke (Yamashiro, 1997:179).

Steven (1999:526-537) se standpunt sluit aan by bogenoemde skrywer en meld dat duidelike verskille tussen die Westerse en Oosterse kulture voorkom. Westerling is geneig om persoonlike verantwoordelikheid te neem voordat hy verantwoordelikheid vir ander sal neem, terwyl die Oosterling se waardes meer gesin georiënteerd is. Dit is die gevolg van die filosofie van Confucius, Buddhisme en Taoïsme. Steven (1999:537) bespreek ook die vier waarhede wat bestaan volgens Buddhisme, wat voorheen in hierdie afdeling genoem is. Steven voeg egter by dat konsentrasie en meditasie sielkundige prosesse is wat die ontwikkeling van die regte kennis teweegbring.

Westerlinge daarenteen word deur die Christendom beïnvloed. Beginsels in die Christendom verskil duidelik van die beginsels van Buddhisme. Maatskaplike werkers, indien betrokke by gesinne van Westerse en Oosterse afkoms, moet hulle kennis in verband met die verskille in godsdienste verbreed. Indien die twee partye in die huwelik waarlik volgens die godsdienstige waardes leef, kan dit konflik veroorsaak en die taak van die maatskaplike werker sal dus wees om insig te ontwikkel by beide partye ten opsigte van die verskille in godsdienstige waardes.

2.3.4 Rolle van die vader en moeder

Die rolle van die ouers is basies dieselfde in die Westerse en Oosterse kultuur, maar tog het dit geringe verskille en dus moet maatskaplike werkers bewus wees van die verskille, veral waar huweliksprobleme voorkom as gevolg van rolle wat verskil of waar opvoedingsprobleme voorkom, ook as gevolg van die verskillende rolvertolkings van die egpaar.

Steven (1999:526-537) meld dat gesins-identiteit volgens die Oosterlinge verkry word deur te fokus op die voorvaders in die man se gesinslyn, die huidige gesinslede en die moontlike toekomstige gesinslede. Die gesin is nie tydgebonde of beperk tot alleenlik die mees belangrikste gesinslede nie. Die vader is die hoof van die huishouding en is verantwoordelik vir die gesin se ekonomiese en fisiese bestaan, maar hy moet ook lojaal wees aan sy lewende of oorlede vader en ouer broers, sowel as sy lewende of oorlede moeder en haar ouer susters. Die ouer mense in die uitgebreide gesin moet ook gerespekteer word. Die moeder word ingesluit in die uitgebreide gesin van haar man. As moeder is sy die emosionele steun van haar onmiddellike gesin van bestaan, verantwoordelik vir haar man en sy kinders se versorging. Sy tree ook op as die een wat verhouding bou en kommunikasie vergemaklik tussen die kinders en hulle vader. Sy het egter baie min openbare gesag en outoriteit. Sosiale harmonie is die sosiale reël wat heers binne enige interpersoonlike verhouding.

Sosiale rolle binne die Oosterse gesin is gebaseer op posisie, geslag, ouderdom, sosiale klas en sosiale posisie en nie op kwalifikasies en vermoëns nie. Hines (1992:324) meld dat 'n belangrike verskil tussen verskillende etniese groepe die wyse is waarop verantwoordelikheid gedefinieer word volgens geslagsrolle. Groepe verskil baie in hulle verwagtinge van hulle moeder en hulle vader, sowel as in hulle optrede teenoor hulle seuns en dogters. Die huwelik, kinderopvoeding, huisverlating en die omgee vir die ouer persone in die gesin, vereis veranderinge in verhoudinge wat stresvol is, veral wanneer kulturele reëls voorgelê word oor hoe om met die verskillende lewensiklusse te handel. Die mens se kulturele lense dikteer hulle wêreldsiening en wat hulle beskou as "normaal".

In die Westerse kultuur is die vader se status belangrik. Kwalifikasies en opleiding is belangrik omrede dit die status van die vader bepaal. Tans is beide partye in die huwelik verantwoordelik vir ekonomiese voorsiening. Voorvaders speel nie 'n rol in die status van die vader of moeder nie.

Die maatskaplike werker moet die verskillende sieninge van die ouers se rolle verstaan, ten einde intervensie te vergemaklik.

2.3.5 Kommunikasie

Die wyse waarop kommunikasie plaasvind tussen die Oosterse en Westerse kulture is verskillend. Die maatskaplike werker moet die verskille beseef en hulle kommunikasie daarvolgens aanpas.

Oosterlinge verwag dat interpersoonlike interaksie daar is om sosiale harmonie te weeg te bring en daarom word direkte konflik vermy, terwyl Westerlinge standpunte sal lig wat konflik veroorsaak. Kommunikasie is sosiale interaksie en vind plaas van die meer gesagvolle persone na die minder gesagvolle persone. Verbale en geskrewe kommunikasie is indirek en dus passief. Meeste kommunikasie is nie-verbaal. Hierdie standarde van Oosterse kommunikasie style dien om sosiale harmonie in enige interpersoonlike verhouding te weeg te bring. Westerlinge is meer geneig tot verbale kommunikasie as nie-verbale kommunikasie. Ses algemene lewensomstandighede wat probleme tot gevolg het vir Oosterlinge is die volgende :1) bi-kulturele identiteitsontwikkeling, 2) verhoudings met nie Oosterlinge, 3) dood, 4)siekte, 5) gesinsverwerping en 6) disfunksionele gesinne van oorsprong (Steven, 1999 :526-537).

Volgens Steven (1999:526-537) word psigiese verwarring en onsekerheid oor die self beïnvloed sodra 'n individu in 'n ander kultuur leef en met ander mense te doen kry. Kommunikasie in verhoudinge word dus beperk, as gevolg van die verskil in taal en sieninge oor byvoorbeeld die huwelik. In enige Oosterse kultuur verlaat die seun nooit sy gesin van oorsprong nie, terwyl die Westerlinge die gesin van oorsprong verlaat en hulle eie gesin bou. Die gesin wat Oosterlinge vorm, word deel van die gesinslyn. Die dogter verlaat haar gesin wanneer sy trou en word deel van haar man se gesinslyn. Sy moet haar lojaliteit en plig teenoor haar eie vader en moeder verander deur dit te verskuif na haar man se ouers (Steven , 1999:526-537) . Die verskuiwing van lojaliteit bestaan nie in die Westerse kultuur nie. Die nuwe egpaar is 'n byvoeging tot beide ouers.

Compton en Galaway (1994 :177) meld dat kommunikasie tussen mense wat verskil in terme van belangrike faktore soos klas, ras, etnisiteit en geslag, moeilik is om te handhaaf ten spyte van gesamentlike belangstellings en gesamentlike doelstellings. Maatskaplike werkers moet dus kennis dra van die wyse waarop kommunikasie tussen Westerlinge en Oosterlinge

plaasvind. Indien die maatskaplike werker konflik ontlok terwyl sy besig is met berading aan 'n Oosterling, kan dit daartoe lei dat vertroue geskaad word en verdere kommunikasie bemoeilik.

2.3.6 Sosiale rolle

Dit is belangrik vir maatskaplike werkers om kennis te dra van die sieninge van interpersoonlike verhoudinge tussen die Oosterlinge en Westerlinge.

Volgens Jonker (2000:223) is vertikale verhoudinge tussen leiers en volgelinge belangrik. Westerlinge beskou individuele outonomieit, onafhanklikheid en kompetisie as belangrik. Sommige kulture beskou sosiale verhoudinge as waardevol en dit word gekenmerk deur 'n siening dat die gesin en vriende primêre bronne vir probleemoplossings is. Ander persone is meer belangrik as die gesin. Kulturele groep optrede is ook belangrik. Groepe wat 'n oriëntasie tot die lewe het wat die bestaan van die mens waardevol vind, glo dat die waarde van die lewe in die lewe self lê, terwyl 'n groep wat 'n "being-in-becoming" oriëntasie navolg, die lewe waardevol vind vir die geleenthede wat die lewe bied vir ontwikkeling van die innerlike self. Die kultuurgroepe wat taakgeoriënteerd is, is baie aktief en hardwerkend en glo dat die grootste beloning in die lewe van harde werk afhang. Die natuur van die menslike karakter word verskillend in elke kultuurgroep waargeneem. Sommige kulture beskou die innerlike self as die motiveerder van gedrag, terwyl ander die omgewing en sy spanninge as die motiveerder beskou. Indien die maatskaplike werkers kennis dra van faktore wat kultuurgroepe motiveer, kan dit hulle help om die beste resultate uit die gesinne te kry.

2.4 SAMEVATTING

Elke maatskaplike werker behoort kennis te dra van die voorafgaande bespreking oor kultuur en die verskille wat dit meebring in elke gesin. Maatskaplike werkers kan nie effektiewe dienste aan gesinne van diverse kulture lewer indien hulle nie oor die nodige kennis van kultuur en etnisiteit beskik nie. Kultuur bepaal hoe die mens dink, wat hy/sy as probleme beskou en hoe hulle hulle probleme sou wou oplos. Dit is dus belangrik om kultuur inag te

neem, maar dit is veel belangriker om die verskille wat by gesinne van verskillende kulture voorkom, inag te neem. Waar meer as een kultuur in 'n gesin voorkom, behoort intervensie meer gefokus te wees op die invloed van die verskillende kulture op die individue se optrede en besluitneming. Die maatskaplike werk benaderings wat gevolg sal word tydens intervensie behoort ook met groter oorweging gekies te word.

Die volgende hoofstukke fokus op gesinne van verskillende etniese agtergronde, verskillende maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë wat benut kan word en intervensie met gesinne van diverse etniese agtergronde.

HOOFSTUK 3

GESINNE MET VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE

3.1 INLEIDING

Na aanleiding van Galdenberg en Galdenberg (1998:289) is die Amerikaanse samelewing besig om vinnige sosiale veranderinge te ondergaan wat onsekerheid in gesinne se leefstyl en waardesisteme veroorsaak. Amerika is 'n diverse samelewing, 'n ploralistiese samelewing wat bestaan uit verskeie rasse en etniese groepe. Na aanleiding van die Suid-Afrikaanse statistieke diens is daar 'n toename van immigrante na Suid-Afrika (Sien Tabel 1). Suid-Afrika is dus ook 'n diverse samelewing wat bestaan uit verskeie rasse en etniese groepe. Dit is egter nie as gevolg van immigrasie alleenlik nie. Sedert die bestaan van Suid-Afrika is daar reeds verskeie kultuurgroepe. Net soos Amerika, maak Suid-Afrika ook ruimte vir intergroep misverstande en spanning. Assimilasie, indien te vinnig, maak voorsiening dat mense geskei word van hulle etniese en kulturele oorsprong (Galdenberg en Galdenberg, 1998:329). Volgens Jonker (2000:218) bestaan die Suid-Afrikaanse samelewing uit 'n diversiteit van kulture en daarom kan Suid-Afrika beskou word as 'n multi-kulturele samelewing en daar word na Suid-Afrika verwys as die "reënboog nasie". Volgens die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika word aanvaar dat "... the people of South Africa believe that South Africa belongs to all who live in it, united in our diversity".

Strydom (1995:115) meld ook dat daar soveel sosio-politieke veranderinge in Suid-Afrika is en daarom moet maatskaplike werkers veranderinge maak in hulle dienslewering aan multi-kulturele groepe en gesinne. Hy meld verder dat daar nog te min navorsing gedoen is om kennis te ontwikkel en te kommunikeer en om vaardighede aan te leer om doeltreffend en met sensitiwiteit etniese vraagstukke in maatskaplikewerk-opleiding aan te spreek. Dienslewering het tot op hede binne eie kultuurverband, primêr aan gesinne en individue, geskied. Teorieë en modelle in maatskaplike werk moet gevind word wat geskik is vir die

tipe kulturele diverse bestel van Suid-Afrika (Jonker, 2000:90). Tot redelik onlangs was maatskaplike werkers gemaklik met dienslewering aan kliënte van hul eie kultuur en veral binne hulle eie taalgroep. Hulle was nie bekommerd of ongemaklik daaroor dat hulle eie menings ten opsigte van etniese groepe blootgestel en bevraagteken word nie. Die veranderende siening van maatskaplikewerk intervensie word reeds geruime tyd onder die soeklig geplaas, en aanpassings na aanleiding daarvan gemaak.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat Suid-Afrika net soos die res van die wêreld uit gesinne met diverse kulture bestaan en dat die maatskaplike werkers dus hulle intervensie moet aanpas ten einde die spesifieke gesinne te help.

3.2 BEGRIPSOMSKRYWING

Volgens die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:24) word die gesin as volg gedefinieër : “The family is the smallest social unit in society consisting of a man and his wife, a man and his wife and child, a woman and her child or a man and his child, usually under one roof.” Dit is slegs ‘n algemene definisie van die gesin en daarom sal die gesin in die volgende afdelings verder bespreek word.

3.3 VERSKILLENDE KULTURELE SIENSWYSES VAN DIE GESIN

Die begrip, gesin sal in die volgende afdeling verder binne kulturele konteks ontleed word.

Devore en Schlesinger (1996:258-259) het ‘n studie gedoen oor die verskillende sienswyses van die gesin en dit kan as volg uiteengesit word. Die gesin kan gedefinieër word as ‘n eenheid van persone in interaksie. Die ouers en kinders word as die belangrikste lede van ‘n gesin beskou. Die gesin word deur elke kultuur anders gedefinieër volgens Devore en Schlesinger (1996:258) en Carter en McGoldrick (1989:70-71). Die Amerikaners definieër oorwegend hulle gesin as slegs die nukliêre gesin. Terwyl ‘n Italianer oor die algemeen sy ooms, tantes, neefs en grootouers insluit in sy definisie van gesin. Hulle is dan ook almal by gesinsbesluitneming betrokke, byvoorbeeld wanneer daar besluit moet word waar hulle hul

vakansie sal deurbring. Die Italianers woon ook gewoonlik naby aanmekaar indien nie in dieselfde woning nie. Die woord, gesin, word deur die Italianers in verskillende kontekste gebruik naamlik dit verwys na “a specific constellation in a household, an extended group of relatives, or, in the broadest sense, the blood ties with many individuals in this country and in Italy”. Swart gesinne in Amerika en Afrika fokus op ‘n wyer informele netwerk van verhoudinge in hulle siening van gesin. Hulle sluit ook vriende in wat as gesinslede beskou word. Die Chinese sluit hulle voorvaders en al hulle afstammelinge in, in hulle siening van gesin. Alles wat Chinese doen, word gedoen in die konteks van hulle familie groep en kan dus vernedering of trots bring aan die hele generasie. Na die huwelikeremonie van die Asiatiese egpaar, word die vrou verplig om by haar man se gesin in te trek. Die Puerto Rico gesin verwys na die gesin as die uitgebreide gesin, dit wil sê dit sluit die grootouers, ooms en tannies en niggies en neefs in.

Die Afro-Amerikaanse gesinne word beskryf as ‘n intieme assosiasie van persone van Afrika afkoms wat in Amerika woon. Hulle staan in verhouding met mekaar as gevolg van verskeie redes, naamlik bloed, huwelik, formele en informele aanneming of deur gemeenskaplike woning en hulle maak deel uit van ‘n netwerk van sosiale strukture wat intern en ekstern mag wees. Die Afro-Amerikaners het die volgende tipe gesinne : 1) nukliêre, 2) die uitgebreide en 3) die vergrote gesinne. Die nukliêre gesin is slegs die man en vrou, die man en sy vrou met hulle kinders of ‘n enkel ouer met kinders. Die uitgebreide gesin voeg verdere gesinslede by en die vergrote gesin voeg nie familiêre lede by, byvoorbeeld kamermaats of huurders by die uitgebreide gesin. Gesinne kan egter verander na gelang van omstandighede byvoorbeeld waar ouers oorlede is, kan die gesin verander na die grootouers met hulle kleinkinders. Etniese groepe maak aanpassings, soos beïnvloed word deur hulle etniese realiteit. Verdere tipe gesinne wat voorkom, maar nie deur die samelewing aanvaar word nie, is byvoorbeeld homoseksuele pare en lesbiese pare wat saamleef as gesinne met hulle kinders. Heteroseksuele pare wat ook saam leef, maar nie getroud is nie. Die heteroseksuele pare mag kinders van hulle eie hê of mag kinders uit vorige verhoudinge hê (Devore & Schlesinger, 1996:258-259).

Die siklus waardeur gesinne beweeg, kan as volg beskryf word :egpaar sonder kinders, getroud, gesinne met jong kinders, gesinne met adolessente, gesinne met kinders wat volwasse word, en die egpaar weer alleen, sonder hulle kinders.

Gesinne kan ook gesien word as die enkel ouer, die enkel ouer met jong kinders, die enkel ouer met adolessente, die enkel ouer met kinders wat volwasse raak en dan die enkel ouer wanneer die kinders die huis verlaat. Kliënte word enkel ouers as gevolg van egskeiding, die dood of waar die persoon ongetroud is met 'n kind (Devore & Schlesinger, 1996:262).

Carter en McGoldrick (1989:20-22) voeg ook by dat daar variasies in die gesin kan plaasvind, as gevolg van egskeiding of 'n tweede huwelik en dan ook die enkel-ouer met sy/haar kind/ers. Carter en McGoldrick (1989:25) meld die volgende oor etniese gesinne: "The definition of "family" as well as the timing of life cycle phases and the importance of different transitions, varies depending on a family's cultural background. It is important to consider how ethnicity intersects with the life cycle and to encourage families to take active responsibility for carrying out the rituals of their ethnic or religious groups to mark each phase." Etnisiteit is in interaksie met die gesin se lewenssiklus in elke fase. Gesinne verskil in hul siening van "gesin", in hul definisie van die tyd van die lewenssiklus fases, die take wat geskik is in elke fase, en in hul tradisies, rituele en seremonies wat die lewenssiklus oorskakelings verteenwoordig.

Wanneer kulturele spanning of veranderinge in interaksie is met die lewenssiklus veranderinge, verander die tipe probleme binne die gesin ook. Volgens Carter en McGoldrick (1989:70) is dit belangrik om te weet dat elke gesin waar die egpaar verskillende etniese agtergronde het, hanteer moet word as uniek. Volgens Keller (1997:63) ervaar die gesin met kinders 'n moeilike en veeleisende taak. Dit is belangrik dat die gesin 'n ondersteuningsstelsel het ten einde die moeilike taak uit te voer, veral waar kulturele verskille voorkom.

3.4 VERSKILLENDE FASES WAT VOORKOM IN ENIGE GESIN

Carter en McGoldrick (1989:15) meld dat daar verskillende fases in elke gesin voorkom. Sy beskryf die fases as volg: die pas getroude paar, die gesin met jong kinders, die gesin met adolessente, die gesin met volwasse kinders en die gesin in hulle latere lewe. Daar sal aandag gegee word aan verskillende kulturele aspekte van die gesin in elke lewenssiklus.

3.4.1 Die pas getroude paar

Carter en McGoldrick (1989:73) bespreek die verskillende lewenssiklusse wat gesinne deurgaan en meld dat die jong pas getroude egpaar probleme ervaar as gevolg van die wyse waarop die partye hanteer word as gevolg van kulturele waardes en wette. Byvoorbeeld in die Japanese kultuur is die vrou slegs 'n byvoeging tot die man se generasie of die man se gesin. Die vrou moet dus konformeer aan die man se gesinsvereistes. Vir die Ierse egpaar, is die grense rondom die jong egpaar baie sterk en indien 'n ouer enige raad sou gee, sou dit as ernstige inmenging beskou word. Die Swart en Italiaanse kulture sal die uitgebreide gesin nader vir enige raad en leiding oor konflikte en probleme. Kulturele gesindhede rondom die seksrolle verskil van kultuur tot kultuur en daarom veroorsaak dit probleme vir die jong egpaar gedurende die spesifieke fase. In die Ierse kultuur word verwag dat die vrou sterk moet wees en na alles moet omsien. Die Griekse en Italiaanse gesinne verwag weer dat die mans na alles moet omsien. Joodse gesinne vereis dat die egpaar demokratiese rolle sal vervul. Egpare van verskillende kulture sal ook verskil ten opsigte van intimiteit, verwagtinge van mekaar, gesindheid teenoor seksuele verhoudinge en die egpaar se siening van onafhanklike aktiwiteite. Sommige groepe beskou die vrou as die een wat die huissake moet hanteer en die man is verantwoordelik vir alle sake buite die huis. Sommige egpare se tradisies vereis slegs sosialisering met gesinslede in, terwyl ander kulture vriende as meer belangrik beskou.

Carter en McGoldrick (1989:73) haal aan uit McGoldrick & Preto (1984), wat meld dat hoe groter die verskille in kulturele agtergrond, hoe moeiliker sal die egpaar dit vind om aan te pas in die huwelik. Kennis oor die verskille in kulturele geloof sisteme kan tot hulp wees vir pasgetroude pare. Volgens Carter en McGoldrick (1989:73-74) trou 'n egpaar met mekaar omrede hulle herbalansering van die karakteristieke van hulle eie etniese agtergrond soek. Hulle beweeg weg van sekere waardes, maar beweeg ook nader na ander waardes. Egpare kan as gevolg van die verskille in kultuur, die ander se optrede as 'n persoonlike aanslag ervaar in plaas van 'n verskil in etnisiteit. Sommige kulture kan onder stres, onttrek van die situasie wat stres veroorsaak, ten einde hulle denkkrag te mobiliseer. Jode sal egter die rede vir verskil in optrede wil bespreek en analiseer. Italianers sal uitkoms soek vir probleme deur onder andere te eet. Italianers sal ook hulle gevoelens weergee in emosionele uitbarstings en

dramatiese uitdrukkings. Italianers en Jode mag die verskillende optredes binne die huweliksverhouding van die pas getroude egpaar as onsensitief ervaar, maar binne die kultuur, maak hulle optrede heeltemal sin. Dit is dus duidelik uit bogenoemde bespreking van die verskillende sienswyses van kulture dat die maatskaplike werker 'n belangrike taak het om tydens terapie die gesinslede te help om mekaar se gedrag binne die verskillende kulture te verstaan.

3.4.2 Die gesin met jong kinders

Tydens die oorskakeling na 'n ander lewenssiklus, beskou die egpaar hulle sienswyses as die enigste regte en morele weg. Elke kultuur se praktyk rondom die geboorte van die eersteling, verskil. Die Amerikaanse kultuur bepaal dat geboorte binne 'n gesteriliseerde mediese omgewing plaasvind, met slegs mediese personeel teenwoordig.

Geboorte word in sommige kulture as 'n mediese gebeurtenis beskou, terwyl ander kulture geboorte as 'n natuurlike proses beskou. Die mees dominante patroon tans is om die vader in te sluit tydens geboorte, maar ander gesinslede of vriende word uitgesluit. In Holland daarenteen word die meeste babas tuis gebore en slegs die vader en die vroedvrou is teenwoordig. Die geboorte proses in Holland en Swede word gesien as die vrou se ondervinding. In kontras met bogenoemde, sien die Indiërs geboorte as 'n gebeurtenis om met almal te deel. Die vader, die vrou se moeder en 'n vroedvrou is teenwoordig. Die mans word gekritiseer indien hulle nie teenwoordig is tydens die geboorte nie.

Die opvoeding van die kind verskil ook van kultuur tot kultuur. Die dominante Amerikaanse waardes is steeds dat die moeder primêre verantwoordelikheid dra vir die kind se opvoeding, maar in ander kulture word kinders versorg deur grootouers of voogde. Die Britte daarenteen maak gebruik van verpleegsters en versorgers. Groepe verskil in die wyse van opvoeding deurdat sommige kulture groepe streng opvoeding vereis en ander nie so streng optree nie. Joodse gesinne fokus op die kind, terwyl Ierse gesinne die kind sien en nie hoor nie. Die Grieke is streng met hulle kinders en veral met die dogters. Swart gesinne gaan volgens die reel: "Spare the rod and spoil the child". Sekere kultuurgroepe toon baie emosie teenoor kinders. Intellektuele ontwikkeling is ook belangrik in sekere kultuurgroepe. Die

maatskaplike werkers moet dus die gesinne evalueer in verhouding met hulle etniese agtergrond. (Carter, 1989:75-76)

3.4.3 Die gesin met tieners

Gesinne met adolessente kinders is meer intens, omrede adolessente nuwe waardes aanleer en die verwagting is daar dat die gesinslede moet konformeer daaraan. Joodse gesinne is demokraties en sal eerder nuwe waardes kan aanvaar, terwyl ander groepe, soos byvoorbeeld die Italianers, Grieke en Chinese meer fokus op tradisionele waardes en dus kan die verhoudinge met die tieners meer intens wees.

Gedurende die oorskakeling van kind na tiener, wil tieners meer tyd met hulle vriende spandeer. Sommige kulture, byvoorbeeld die Iere sal vriende verwelkom. Italianers daarenteen sal langer neem om buitestaanders te aanvaar en deel van die gesin te maak. Ierse gesinne is geneig om nie meer soveel beheer uit te oefen oor hulle tieners nie, terwyl Grieke en Puerto Rikane sal probeer om steeds hulle tieners se gedrag te beheer en veral die van die dogters. Joodse gesinne beskou sukses as baie belangrik en dit kan ernstige ouer-kind probleme veroorsaak gedurende die fase, veral waar die ouers se siening van sukses verskil van die tiener se siening (Carter en McGoldrick, 1989:76).

Uit bogenoemde bespreking is dit belangrik dat die maatskaplike werkers kennis dra van die siening van elke kultuur rondom die adolessent en hulle ontwikkeling. Sodoende sal maatskaplike werkers effektiewe intervensie kan bied.

3.4.4 Die gesin sonder kinders

Sodra die tiener sy/haar skoolloopbaan voltooi het, volg die fase waar tieners die huis moet verlaat of nie. Weereens reageer verskillende kultuurgroepe verskillend. Italiaanse gesinne wil graag hulle kinders behou en verwelkom nuwelinge deur huwelike en geboortes. In die gesinne sal kinders se ambisie om onafhanklik te raak, 'n bedreiging vir die gesin inhou. Italiaanse gesinne verwag om na hulle kinders om te sien so lank hulle nodig het. Ander kulture plaas weer groot klem op onafhanklike funksionering en self-dissipline (Carter en McGoldrick, 1989:76-78).

Sodra kinders die gesin verlaat, beweeg die gesin in 'n nuwe fase in. 'n Belangrike aspek hier is die verantwoordelikheid wat kinders het teenoor hulle ouers se versorging. Dit verskil van kultuur tot kultuur. Die Griekse, Italiaanse en Chinese gesinne glo dat ouers nie “weggegooi” kan word nie, maar stel ook nie belang in institusionele versorging nie. Die verwagting dat die kinders hulle ouers moet versorg, plaas groot verantwoordelikheid op die kinders. Die Skandinawiese en Joodse gesinne daarenteen sal eerder van institusionele versorging gebruik maak. Volgens navorsing is ouer persone geneig om aan hulle tradisies vas te hou, byvoorbeeld die kos wat hulle eet, vakansie dag vieringe, taal en musiek. Dit is egter in vandag se tyd al moeiliker om vir die ouer familieledede te sorg. Gewoonlik werk die kinders beide, die netwerk van die uitgebreide gesin is ook kleiner. Die jonger generasie daarenteen verstaan nie die ouers se wens om deur hulle versorg te word nie en die las om vir die grootouers te sorg nie (Carter en McGoldrick, 1989:78-79).

Dood kom in alle kulture voor en word verskillend deur alle kulture hanteer. Siekte is ook 'n ondervinding wat deur kulturele reëls beheer word. Elke kultuur het karakteristieke probleme. Hierdie probleme is dikwels gevolge van kulturele karaktertrekke, byvoorbeeld Amerikaners se optimisme wat lei tot selfversekerdheid en buigbaarheid om initiatief te neem. Dit is 'n innerlike krag wat aangewend kan word tydens spesifieke geleenthede. Optimisme daarenteen is negatief wanneer mense 'n tragedie beleef (Carter en McGoldrick, 1989:82).

Volgens Carter en McGoldrick (1989:83) verskil gesinne in hulle patrone van vieringe en rituele. Vakansie dae (Kersfees, Paasfees) is geleenthede vir gesinne om saam te vier. Hiertydens word groep grense daargestel en dit versterk gemeenskaplike en sosiale waardes. Met tye kan etnisiteit gebruik word om die kultuur te bedek byvoorbeeld wanneer ouers hulle kinders verhoed om 'n huwelik by te woon, aangesien die eggenoot/eggenote met iemand buite die groep trou. Dit is dus duidelik dat etnisiteit elke fase van die gesin se lewe beïnvloed. Dit is daarom belangrik dat gesinne aangemoedig moet word om hulle lewensfasies te gebruik om die individu en die gesin se kulturele identiteit te versterk (Carter en McGoldrick, 1989:89).

3.5 IDENTITEITSVORMING VAN DIE GESIN

Identiteitsvorming is baie belangrik binne gesinne waar verskillende kulture voorkom. Dit bied sekuriteit aan die gesinslede.

Volgens Steven (1999:525-526) voorsien die gesin elke individu van 'n identiteit wat elke aspek van lewe van geboorte tot dood mag affekteer. Howe (2000:188) sluit aan by bogenoemde siening. Hy meld "Parentage identifying the legal relationships and the social consequences which flow from the circumstances of conception." Hy meld verder dat gesinsverhoudinge bestaan uit die gee en neem van die self van elke gesinslid betrokke. Hy noem dat geen ouer hulle kinders se belange bo hulle eie sal plaas nie (Howe, 2000:188).

Sommige glo dat die gemengde oorsprong van 'n egpaar 'n unieke vermoë om veelvoudige identiteite te vorm, impliseer. Oriti (1996:575) meld dat beide partye binne die huweliksverhouding van verskillende etniese groepe 'n begeerte het om onderdrukkende magte wat in hulle onderskeie kulture heers, te oorkom, byvoorbeeld onafhanklikheid en die soeke na diversiteit. Ander onderdrukkende magte is byvoorbeeld rassisme en kolonialisme. Kruis kulturele eenheid kom voor as gevolg van een lid wat deel is van 'n onderdrukkende kultuur en dus verder onderdruk word binne die huwelik en die meerderheidskultuur. Die gesinne moet meer moeite doen ten einde hulle rasse en etniese identiteit te bepaal.

'n Gevallestudie is gedoen deur Oriti (1996:576-577) en hy het gevind dat gesinne van verskillende etniese groepe (wit en swart kulture) ernstige huweliksprobleme ondervind, bloot as gevolg van die feit dat hulle buite hulle etniese groep getrou het. Die kinders uit sogenaamde huwelik ervaar etniese identifikasie as 'n ernstige probleem om te oorbrug, omrede hulle byvoorbeeld lig van vel is (as gevolg van hulle moeder se etniese groep), maar tog krul hare en gesigsuitdrukkinge van die swart kultuur (as gevolg van hulle vader se etniese groep) volgens die gevallestudie. Die gevolg is dat die polisie die kind sleg behandel as gevolg van sy ras. Sy ouers sien kleur egter nie as 'n probleem nie. Dit veroorsaak spanning in die gesin. Bogenoemde kind uit die gevallestudie ervaar aggressie en is skaam oor die feit dat hy die gevolg is van twee verskillende etniese verenigings. Die kultuur (swart/wit) leen hom toe aan verskille in status van elke gesinslid op grond van hulle ras. Die

gesin het ook verwerping van hulle uitgebreide gesinne ervaar en dit mag 'n effek op die kinders hê wat hulle weer kan blameer vir die pyn en verwarring as gevolg van isolasie. Dit is duidelik uit die gevallestudie dat die kinders nie opgewasse is om hulle etniese identiteit te bepaal nie. Dit kan veroorsaak dat kinders 'n keuse tussen die ouers se ras moet maak. Verder is dit duidelik dat die kinders gebore is in 'n konflik situasie. Die maatskaplike werkers het die rol om gesinne van diverse kulture te help om hul waarde en krag in hulle diversiteit te vind.

“Gemengde” ouers of “gemengde” rasse word gebruik om die eerste generasie nageslag van ouers van verskillende rasse te beskryf (Robinson, 2000:7). Robinson (2000:7) meld dat een uit elke vyf kinders van alle etniese kinders in Brittanje onder die ouderdom van vier jaar, uit huwelike met gemengde ouers is. Daar is gevind in studies dat probleme met identiteit nie by kinders van gemengde ouers voorgekom het nie, maar eers tydens adolessensie was daar probleme met identiteitsverwarring en lae selfbeeld. Verdere probleme wat kinders uit gemengde huwelike ervaar het, was om die voorgeslag van beide ouers te verenig in 'n samelewing wat individue in enkele groepe kategorieer. Die ontwikkeling van 'n gesonde identiteit binne “gemengde” huwelike, beteken nie alleenlik die aanvaarding en die waardebevestiging van beide voorgeslagte nie en die feit dat die individu gemaklik moet voel binne beide minderheids- en meerderheids-groepe nie, maar moet ook die buigbaarheid he om ander te aanvaar en te identifiseer as minderheid, meerderheid of “gemeng” (Robinson, 2000:8).

Barn (1999:269) het 'n studie gedoen met gesinne van gemengde huwelike en meld dat kinders wat uit sodanige huwelike gebore word, meer vatbaar is. Volgens Barn (1999:278) is “gemengde” ouers 'n term wat gewoonlik verwys na swart/wit kulture wat meng. Die term, “gemeng” dui op 'n ras/kultuur groepering wat problematies is. Barn (1999:278) meld verder in sy studie dat huwelike met verskillende etniese agtergronde etniese identiteit afbreek en dus 'n gemengde etniese populasie skep. Hy vind verder in sy studie dat adolessente uit gemengde huwelike wel 'n positiewe rasse identiteit ontwikkel en hulle beskryf hulself as “swart”, “gemengde ras” of “bruin”. Hy meld egter dat Gibbs (1999) in sy studie gevind het dat kinders uit gemengde huwelike tog konflik ervaar met seksualiteit en die keuse van seksuele maats, afhanklikheid van ouers, opvoeding en loopbaan aspirasies. Die rol van die ouers is egter belangrik, ten einde leiding en sekuriteit te bied.

Barn (1999:179) meld verder in sy studie dat gemengde ouers probleme met gesinsverhoudinge ervaar. Onoplosbare probleme rondom etniese identiteit mag aanleiding tot bogenoemde gee. Die kwaliteit van ouerskap kan daartoe bydra dat etniese identiteit nie 'n probleem word nie.

3.6 SOSIALE ASPEKTE BY GESINNE MET VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE

Hines (1992:337) meld dat gesinne met verskillende etniese agtergronde in terme van hulle verhoudinge verskil, asook die reëls van verhoudinge, persoonlike probleme binne die gesinne en in strategieë om konflik op te los. Die maatskaplike werker moet verskillend optree ten einde intervensie 'n sukses te maak. Verdere inligting rondom verhoudinge wat belangrik is, gaan rondom die kliënte se betrokkenheid by enige godsdienstige instansies, die beskikbaarheid van fasiliteite vir aanbidding en die tipe hulp, insluitend berading wat deur die godsdienstige instansies aangebied word. Elke aspek van die kliënt moet binne hulle kultuur benader word byvoorbeeld mediese dienste, politieke oortuiging, opvoeding, beroep en werksgeleenthede (D'Ardenne, 1989:21).

3.7 SAMEVATTING

Volgens verskeie skrywers is dit duidelik dat gesinne met verskillende etniese agtergronde meer probleme kan ervaar as die gesin met dieselfde etniese agtergrond. Selfs in die verskillende lewensiklusse van die gesin, is daar gedurig twee kulture wat inag geneem moet word. Dit maak die huwelik en gesinslewe meer gekompliseerd. Verder maak dit maatskaplike werk intervensie meer gekompliseerd, omrede die maatskaplike werker oor meer kennis moet beskik van die verskille in kultuur. Kennis oor die tradisies wat bestaan ten opsigte van die pas getroude egpaar, die geboorte van die eersteling, die opvoeding van die kinders, adolessente ontwikkeling en die versorging van die ouers nadat kinders die huis verlaat het, is nodig ten einde dienste te vergemaklik en leiding aan die gesinne te bied.

HOOFSTUK 4

ALGEMENE MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS, MODELLE EN TEORIEË VIR MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIË

4.1 INLEIDING

Ten einde maatskaplike werk-intervensie toe te pas, is dit belangrik om kennis te dra van die verskillende maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë wat bestaan. Benaderings het begin ontwikkel sedert die vyftiger jare en soos wat gemeenskappe verander, kulture ontwikkel en probleme toeneem, so het nuwe benaderings, modelle en teorieë ontwikkel ten einde maatskaplike werk-intervensie te bevorder.

Maatskaplike werkers het vanweë die aard van hul dienslewering 'n besondere funksie teenoor gesinne met verskillende etniese agtergronde. Kadushin (1985:168) noem dat maatskaplike werk-intervensie slegs suksesvol kan wees indien die maatskaplike werker 'n basiese kennisinhoud het van die persoon aan wie hulp verleen word. Kennis van die maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë wat aangewend kan word tydens intervensie is ook belangrik.

In die hoofstuk sal verskillende maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë bespreek word. Die doel van die hoofstuk is slegs om 'n algemene oorsig aan die leser te verskaf ten einde insig in die benaderings, modelle en teorieë te ontwikkel.

4.2 ALGEMENE MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS

4.2.1 Inleiding

Voordat die maatskaplike werkers besluit om van bepaalde maatskaplike werk benaderings gebruik te maak vir intervensie, is dit belangrik dat hulle vooraf besluit op die raamwerk waarbinne hulle gaan werk. Daar sal dus op die volgende raamwerke gefokus word :die enkelteorie -, die eklektiese- en die integreerende praktykraamwerk. Sodra die maatskaplike werkers besluit het op die raamwerk wat hulle gaan gebruik, kan hulle verder besluit op die intervensie proses wat hulle sal volg en dus word die volgende intervensie prosesse bespreek :probleem-oplossende benadering, psigososiale benadering, psigo-analitiese benadering, behavioristiese benadering, eksistensialistiese benadering, kliënt-gesentreerde benadering, kognitief-affektiewe benadering en die gestalt-beginsels. Sommige van die benaderings word meer algemeen in die sielkunde aangewend, maar dit weerhou nie die maatskaplike werker om van die benaderings gebruik te maak waar dit van toepassing is nie.

Tydens die intervensie proses kan die maatskaplike werkers ook gebruik maak van sekere teorieë byvoorbeeld die rolteorie of die sisteemteorie. Hulle kan ook gebruik maak van sekere modelle byvoorbeeld die taak-gesentreerde model of die gedragsveranderingsmodel. Ten einde die kliënt of die gesin op 'n professionele wyse te help, is dit belangrik dat die maatskaplike werkers self besluit van watter benaderings, teorieë en/of modelle hulle gebruik wil maak ten einde die mees effektiefste intervensie proses te volg.

4.2.2 Enkelteorie raamwerk

Die maatskaplike werker kan besluit om slegs van een teoretiese benadering gebruik te maak. Die enkelteorie benadering word aanbeveel omrede dit makliker is om die konsepte te bemeester en sodoende verdieping in die werk te bereik. (Van Rooyen en Combrink, 1980 :34)

4.2.3 Eklektiese raamwerk

Eklekties beteken om te selekteer en/of uit te kies. Shertzer en Stone (1974:188) voeg by dat eklekties ook die kies van korrekte metodes van verskeie sisteme of bronne insluit. Die maatskaplike werkers kan besluit wat vir hulle spesifieke doel gebruik kan word sodat hulle kliënte op die beste moontlike wyse gehelp kan word. (Van Rooyen en Combrink, 1980:34)

‘n Enkele oriëntasie is dus beperk en daarom word prosedures, tegnieke en konsepte van verskeie bronne gebruik ten einde die kliënt wat hulp soek die beste te help (Shertzer en Stone, 1974:188-191).

In die eklektiese benadering gaan dit nie oor die skep van ‘n eie kennisbasis uit erkende teorieë, navorsing en praktykervaring nie, maar in die eklektiese benadering observeer en kritiseer die maatskaplike werker die kliënt se gedrag. (Van Rooyen en Combrink, 1980:35) Die maatskaplike werkers bestudeer ook die geskiedenis van intervensie prosesse en terapie sodat hulle kan bou op wat hulle ken. Die maatskaplike werkers moet ook hulle eie persoonlikheid goed ken. Hulle moet bewus wees van hulle eie interaksie styl met spesifieke kliënte. Verder moet die maatskaplike werker beskik oor ‘n evaluasie van die kliënt naamlik, sy geskiedenis, sy huidige situasie en sy toekomstige moontlikhede. Die evaluasie help om persoonlikheidsontwikkelingsmetodes te verstaan. Die maatskaplike werkers help die kliënt om sy intellektuele vermoëns te vermeerder ten einde probleemoplossende gedrag te ontwikkel. Wanneer die kliënt nie sy intellektuele vermoëns benut nie, sal die kliënt as wanaangepas beskou word (Shertzer en Stone, 1974 :188-191).


Fisher (1978:67) meld dat die eklektiese benadering gebruik maak van verskeie intervensie beginsels en prosedures van verskillende sisteme van verandering, met inagneming van die tipe kliënt met sy spesifieke probleem.

4.2.4 Integreerende raamwerk

‘n Integreerende benadering kom in werking wanneer die maatskaplike werkers eklekties te werk gaan om ‘n eie teorie te skep waaruit inhoude van teoreties benaderings, praktykervaring

en navorsing vervat is. Die maatskaplike werkers selekteer bruikbare en toepaslike inhoude van aanverwante dissiplines en teoretiese beskouings en verwerk dit om deel te vorm van 'n eie verwysingsraamwerk. Die verwysingsraamwerk word ook deur navorsing en praktykervaring uitgebou (Van Rooyen en Combrink, 1980:35).

Drie stadiums word onderskei in die proses van integrering, naamlik die selektering van kennis en tegnieke uit aanverwante dissiplines, die verwerking van die inhoude om te pas in die bestaande verwysingsraamwerk en die integrering van inhoude in die bestaande verwysingsraamwerk. Eie kennis en die skep van eie tegnieke deur praktykervaring en navorsing word verder bygevoeg (Van Rooyen en Combrink, 1980:37). Die onderstaande skematiese voorstelling van die integrerende benadering word deur Van Rooyen en Combrink (1980:36) aangebied.



Figuur 4.1:Skematiese voorstelling van die integrerende benadering (Van Rooyen en Combrink, 1980:36)

Uit die voostelling is dit duidelik dat 'n selektering van verskillende maatskaplike werk benaderings moet plaasvind, tesame met navorsing wat gedoen is en die praktykervaring wat die maatskaplike werkers opgedoen het.

4.3 MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE

4.3.1 Inleiding

In die afdeling wat volg, sal die verskillende maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë bespreek word wat deur maatskaplike werkers benut kan word vir intervensie.

4.3.2 Probleem-oplossende benadering

Gevallewerk word deur Perlman (1957:4) beskryf as 'n persoon kom na 'n plek waar 'n professionele persoon hom/haar kan help deur 'n gegewe proses. Daarom is die volgende belangrik :Wie is die persoon wat hulp nodig het? Wat is die persoon se probleem? Wat is die plek? Wat is die proses? Die benadering bestaan dus uit 'n aantal probleem-oplossende sessies wat binne 'n betekenisvolle verhouding uitgevoer word. Volgens Perlman (1957:5) is die resultaat van die probleem-oplossende benadering om die klient/persoon so te beïnvloed dat hulle effektiwiteit ontwikkel in die hantering van hulle probleem of om die probleem so te beïnvloed dat dit opgelos word of die effek daarvan verminder word. Die kliente word as die probleemoplossers gesien en hulle moet gehelp word om hulle eie probleme bevredigend op te los. (Van Rooyen en Combrink, 1980:67).

Hierdie benadering fokus op beweging en verandering binne die lewenssituasies. Die maatskaplike werker moet daarom kennis dra van wie die persoon werklik is, die aard van die probleem en die aard van die plek wat beskik oor die moontlikhede om probleme op te los.

Dit is belangrik om te weet dat die persoon, die probleem en die plek gedurig in interaksie is met mekaar.

Die persoon opereer as 'n fisiese, psigologiese, sosiale entiteit met sy/haar probleem van neurotiese spanning of met sy/haar probleem van onvoldoende inkomste. 'n Persoon is 'n produk-in-proses van sy/haar fisiese en sosiale omgewing, sy/haar ondervindinge in die verlede, sy/haar huidige persepsies en reaksies en ook sy/haar toekomstige aspirasies (Perlman, 1957:6-7).

Die maatskaplike werker se rede om die persoon te ken, is bloot om 'n effektiewe weg te vind om hulle probleme op te los. Die aard van die probleem bepaal die kennis wat nodig is oor die persoon. Dit is noodsaaklik vir die maatskaplike werker om die struktuur en die funksies van die persoonlikheid van elke kliënt te verstaan. Elke kliënt se gedrag is anders en daarom is dit belangrik dat die maatskaplike werker die dryfkrag agter elke persoon moet besef. Sy moet weet wat se optrede energie vrystel of inhibeer. Sy moet dus kennis dra van die id, superego en ego van elke persoon/kliënt (Perlman, 1957:17).

Elke persoon se individualiteit word bepaal deur hulle gene en ook die ervarings wat hulle sedert geboorte ervaar het. Later het sosiale verhoudings 'n effek op die ontwikkeling (Perlman, 1957:18). In die huidige situasie, net soos in die verlede, probeer 'n mens om ekwilibrium te beheer en ter selfde tyd probeer 'n mens om huidige probleme te voorkom of om toekomstige doelwitte te bereik (Perlman, 1957:19). Die feit dat die maatskaplike werkers bewus is van die impak wat huidige emosionele ondervindinge op 'n persoon se totale persoonlikheid het, versterk hulle verstaan van die potensiaal om persone te help of om hulle teleur te stel tydens die onderhoudvoering (Perlman, 1957:20). Elke persoon se gedrag word bepaal deur verwagtinge wat die kultuur in die status en die sosiale rolle plaas. Elke persoon se status word bepaal deur die kombinasie van hulle geslag, ouderdom en hulle ekonomiese klas en ook verwagtinge van verantwoordelikhede (Perlman, 1957:22).

Die verskillende rolle wat elke persoon het, kan ook stres veroorsaak, indien die persoon probleme ervaar om die rolle deeglik uit te voer. Die maatskaplike werkers moet die kliënt verstaan in verhouding met sy sosiale rolle waarmee hy/sy probleme ervaar. Die maatskaplike werkers moet daarom kennis dra van die verwagtinge van sekere rolle binne elke kultuur (Perlman, 1957:25).

Enige persoon wat dienste van 'n maatskaplike werker nodig, is gewoonlik onder stres. Dit maak nie saak wat die probleem is nie, daar sal stres wees. Die rede vir stres is gewoonlik tweevoudig :die persoon ervaar die probleem as stresvol en 'n hulpelose gevoel om die probleem op te los, verhoog die stres verder (Perlman, 1957:26) .

Probleme wat meestal deur maatskaplike werker hanteer word, is probleme wat persone se sosiale funksionering beïnvloed. Dit kan dus die volgende probleme insluit:ekonomies, medies, opvoedkundig of dit kan probleme wees wat stres veroorsaak, naamlik psigologiese, sosiale, fisiese probleme wat die persoon oneffektief maak om sy/haar sosiale rolle te vervul (Perlman, 1957:28). Die maatskaplike werkers moet saam met die persoon bepaal watter probleem die belangrikste is en saam met die persoon oplossings vind.

Die maatskaplike werk proses is 'n probleem-oplossende proses. In die probleem-oplossende proses is dit belangrik om te weet dat die probleem nie opgelos kan word :

- Indien daar nie noodsaaklike bronne beskikbaar is nie.
- Indien persone die oorsake van die probleme nie kan raaksien nie, sowel as die maniere om dit op te los nie kan raaksien nie.
- Indien die persoon met die probleem emosioneel en fisies gedreineer is en dus nie in staat is om die probleem volgens plan te hanteer nie.
- Indien probleme gevoelens in 'n persoon raak wat emosioneel so sterk is dat dit sy denkpatrone beïnvloed.
- Indien probleme die persoon se gedagtes en aksies oor 'n tyd beheer.
- Indien persone probleme te moeilik vind, omrede hulle nooit geleer het om geordende denkpatrone en beplanning te ontwikkel nie (Perlman, 1957:55-57) .

Bogenoemde aspekte moet die maatskaplike werker slegs motiveer om oplossings te vind ten einde die probleme wel op te los. Dit is duidelik uit die benadering dat die maatskaplike werker en die persoon/kliënt van die begin af besig is om gesamentlik die probleem op te los (Perlman, 1957:61). Die taak van die maatskaplike werker is om die persoon te help wat probleme ervaar ten einde sy eie krag om probleme op te los, te vind en om geleenthede daar te stel om sy doelwitte te bereik (Perlman, 1957:100).

Volgens Devore & Schlesinger (1996:136) maak die maatskaplike werkers wat die probleem-oplossende benadering gebruik, ook gebruik van die ego-sielkunde, die leer teorie, die rolteorie en kommunikasie teorie. Die maatskaplike werker gaan van die standpunt uit dat alle persone probleme het en dat die lewe 'n probleem oplossende proses is. Moeilikeheid om probleme te hanteer, word gebaseer op 'n tekort aan geleenthede, motivering en vermoëns. In die proses van menslike groei, ontwikkel individue probleem oplossende kapasiteite. Daarom sal uitermatige spanning, krisis of onvoldoende bronne die kapasiteit om dit te hanteer, benadeel. Interpersoonlike konflik, onvoldoende bronne, ontevredenheid in rol verwagtinge, en probleme om deur die fases van die lewensiklus te beweeg, word beskou as probleme. Ondervindinge in die verlede, huidige persepsies en optrede teenoor die probleem en toekomstige aspirasies vorm saam die persoon met sy probleem. 'n Persoon se optrede teenoor die probleem oplossende proses word beïnvloed deur die wyse waarop sy persoonlikheid funksioneer, wat gevorm word deur oorerwing en ook deur interaksie met die fisiese en sosiale omgewing. Die persoon in sy kultuur word dus inag geneem. Die doel van die probleem -oplossende benadering is om bronne te voorsien om ekwilibrium te verseker en optimale funksionering deur 'n proses wat klem lê op tydelike realiteit en huidige probleem situasies (Devore & Schlesinger, 1996:137).

4.3.3 Psigososiale benadering

In die gebruik van die psigososiale benadering fokus die maatskaplike werker eerder op die individu as die gesin. Die verhouding tussen die maatskaplike werker en die kliënt is ook baie belangrik. Die maatskaplike werkers moet beseft dat hulle onder alle omstandighede met die mens in sy situasie te doen het. (Van Rooyen en Combrink, 1980:26)

Die benadering fokus op die persoon-in-die-situasie. Hollis (1981:27) meld dat bogenoemde uit drie konfigurasies bestaan, naamlik die persoon, die situasie en die interaksie tussen beide. Die terme "interne druk" en "eksterne druk" word gebruik om die mag in die individu en die mag in die omgewing te beskryf wat in interaksie is met mekaar. Die interaksie is baie kompleks. Die eksterne druk word bepaal deur hoe die individu die eksterne omstandighede waarneem. Elke individu sal die druk dus verskillend waarneem na aanleiding van die interne druk wat elk ervaar. Die "situasie" daarenteen verwys gewoonlik na 'n familie, 'n vriend, 'n werknemer of 'n onderwyser, so dit maak die situasie ook meer gekompliseerd.

Die situasie is nie net een persoon nie, maar 'n aantal persone wat elk 'n rol speel in die lewe van die individu of die kliënt (Hollis, 1981:27-28) .

In die beoordeling word die volgende aspekte in berekening gebring: die kliënt se ego-funksionering en ego-ontwikkeling, sy interpersoonlike verhoudinge, ander betekenisvolle persone in sy rolnetwerk en die invloed van belangrike omgewings- en gemeenskapsfaktore. Ten einde intervensie 'n sukses te maak, word daar nie net gefokus op die veranderinge in die persoon self nie, maar ook in sy interpersoonlike milieu en in die gemeenskap (Van Rooyen en Combrink, 1980:66).

Intervensie fokus dus op inherente veranderinge in die persoon self en in sy maatskaplike situasie en in die wisselwerking tussen die persoon en die situasie. 'n Uitvloeisel van die intervensie is persoonlikheidsverandering en -groei. Daar is ses vorme van direkte psigososiale intervensie, naamlik :onderskragende prosedures, prosedures van direkte beïnvloeding, prosedures van ventilasie, omskrywing en eksplorاسie, prosedure van reflektiewe beoordeling van die persoon-situasie, prosedure van reflektiewe beoordeling van persoonlikheids- en gedragspatrone en die onderliggende dinamiek, prosedure en reflektiewe beoordeling van die verlede en die uitwerking op die huidige funksionering (Hollis, 1981 :29).

Volgens Devore en Schlesinger (1996:133) het elke persoon die verantwoordelikheid en kapasiteit om hulle eie toekoms te bepaal. Mense is sosiale wesens wat hulle potensiaal bereik deur hulle verhoudings met hulle familie, vriende, klein groepe en gemeenskappe. Geloof in sy eie kapasiteit om te kies en om keuses te maak tussen alternatiewe hou verband met die geloof dat elke persoon uniek is . Die benadering lê klem op die siening dat die verlede 'n belangrike rol speel in die huidige gedrag.

Die benadering fokus op die familie, die sosiale groep en die gemeenskap wat die sosiale funksionering beïnvloed. Devore en Schlesinger (1996:133) som die psigo-sosiale benadering op in die volgende woorde :“the approach stresses the interplay of individual and environment, the effect of past on the present, the effect of nonconscious factors on the personality, and the impact of present environmental as well as psychologically induced sources of stress and coping capacity.” Dit is dus belangrik om die interaksie tussen die

individu en sy omgewing waar te neem, sowel as die rol wat die verlede op die toekoms van die gesin of individu gespeel het.

4.3.4 Psigo-analitiese benadering

Die psigo-analitiese benadering verwys na die metode vir die behandeling van afwykings en die kennis oor die menslike psige en emosies (Van Rooyen en Combrink, 1980:38) . Volgens Strean (1978:26-27) help die psigo-analitiese benadering met die volgende: fisiese determinasie, die onderbewussyn, psigo-sosiale ontwikkeling, verdedigingsmeganismes en weerstand, en die maatskaplike werker om die kliënt se gedrag beter te verstaan.

Alles wat 'n persoon doen, voel, dink, fantaseer en droom het 'n psigologiese motief. Deurdat psigiese determinasie inag geneem word, help dit die maatskaplike werker om te erken dat die gedrag van die individu, groep en organisasie nie alleenlik 'n aksie is van eksterne faktore soos die familie, vriende en bure nie, maar dit word ook gevorm deur die kliënt se hoop, vrese en wense (Strean, 1978:103-104).

Die psigo-analitiese benadering ontleed die persoonlikheidsstruktuur in drie vlakke naamlik die id (impulse), die ego (uitvoerende mag) en die super-ego (moraliteit, gewete) (Van Rooyen en Combrink, 1980:39) . Dit is belangrik vir die maatskaplike werker om te weet wat die omvang van die kliënt se drange is en hoe die drange die gedrag van die kliënt beïnvloed. Sonder die psigoanalitiese kennis van die instinkte sou die maatskaplike werker se begrip van sekere probleemgedrag beperk gewees het (Van Rooyen en Combrink, 1980:39).

Werner (1965:23) bevestig bogenoemde deur te meld dat die lewe beheer word deur 'n onbewuste dryfkrag, emosies, konflikte, idees en motiewe waarvan die mens onbewus is. Die basiese doel van die benadering is om die individu te help om sy eie veranderingsmeganismes te verstaan wat hom sal help om sy probleme op te los. Die mens is 'n biologiese wese met instinktiewe drange. Sy gedrag is slegs 'n reaksie op sy drange. Die mens word dus gemotiveer deur sy gedagtes en sy gedrag wat weer deur impulse wat hy/sy nie erken nie, geaktiveer word (Shertzer en Stone, 1974 :205-208).

4.3.5 Behavioristiese benadering

Die benadering gaan vanuit die veronderstelling uit dat 'n persoon se drange primêr fisiologies van aard is, maar dat sekondêre motiewe deur die proses van sosialisering kan ontstaan. Die drange en motiewe bepaal dus die persoon se doelstellings. Die persoon weet dus uit vorige ondervinding dat indien hy op 'n sekere manier te werk gaan, hy sy doel kan bereik.

In die benadering word daar dus gefokus op waarneembare gedrag en nie veel aandag word geskenk aan subjektiewe optrede nie. Die behaviorisme fokus op gedrag wat deur interaksie met die omgewing aangeleer word. Daar bestaan dus 'n funksionele verhouding tussen die omgewing en gedrag. Shertzer en Stone (1974:226) sluit hierby aan deur te meld dat die mens deur die omgewing beheer word en dus word die mens se gedrag beheer deur die wette van die samelewing.

Gewenste en ongewenste gedrag word op dieselfde manier aangeleer. Indien ongewenste gedrag afgeleer moet word, word dit op dieselfde manier gedoen as wat gewenste gedrag aangeleer word. Die oorsprong van gedrag is vir die behavioris nie belangrik nie, omrede dit oor die "hier en die nou" gaan. Dit gaan dus oor uiterlike gedrag wat verander moet word en nie oor innerlike veroorsakende faktore wat verander moet word nie (Van Rooyen en Combrink, 1980:42).

Indien die maatskaplike werkers van die behavioristiese benadering gebruik maak, stel dit hulle in staat om menslike gedrag beter te verstaan, dit wil sê hoe gedrag aangeleer word en hoe dit verander kan word. Die kennis is baie belangrik omrede die maatskaplike werker juis met probleemgedrag gekonfronteer word (Van Rooyen en Combrink, 1980:43-44). Die benadering het ook spesifieke tegnieke wat aangewend kan word, ten einde die gedrag te verander. Daar kan ook duidelik rekord gehou word van die gedrag wat wel verander het.

Die behavioristiese benadering beskik oor wye toepassingsmoontlikhede. Enige persoon van enige kultuur se gedrag kan verander word, omrede gedrag by enige persoon voorkom. Gedrag kan verander word deur beloning, straf en navolging (Van Rooyen en Combrink, 1980:44).

4.3.6 Eksistensialistiese benadering

Die benadering beklemtoon die waardigheid van die mens, die belangrikheid van sy subjektiewe belewenisse, die moontlikhede in die mens word beklemtoon en die belangrikheid van sy verhouding tot sy medemens word onderstreep (Van Rooyen en Combrink, 1980:46). Shertzer en Stone (1974:223) meld dat die benadering die mens as 'n komplekse organisme sien in verhouding met die heelal. Hy behoort in die heelal van natuurlike dinge, maar hy alleen kan vrye besluite neem en doelstellings daarstel. Elke persoon moet leer om as 'n vry persoon op te tree in plaas van om deel van 'n groep te wees.

Die uniekheid van elke persoon se beleving van die werklikheid word beklemtoon. Lyding en ondervinding is noodsaaklik in die ontwikkelingsproses van die mens. Die persoon moet dus self die sin van die lewe ontdek (Van Rooyen en Combrink, 1980:45).

Eksistensialisme poog om die mens te verstaan. Eksistensialisme sien die mens as 'n betekenisvolle geheel. Indien die maatskaplike werkers nie fokus op die "hele" mens nie, sal hulle drange en gedrag nie verstaan kan word nie. 'n Gesonde individu is bewus van die realiteit en kan betekenis vir homself kry, terwyl 'n individu wat nie werklik leef nie, dood is en dus fokus op totale konformering en absorbering aan die kollektiewe gemeenskap. Dit wil sê daar bestaan geen uniekheid en individuele identiteit nie (Shertzer en Stone, 1974:225-226). Volgens die eksistensialistiese benadering bepaal elke individu sy kultuur. Die vry persoon leef binne die wette van die kultuur. Die wette beheer hom nie, maar hy self het die vryheid om dit te gehoorsaam of nie. Dit wil sê die individu besluit oor sy bestaan en nie sy omgewing nie (Shertzer en Stone, 1974:226).

Die eksistensialistiese benadering sien die mens as volg :

- 1) Elke mens is verantwoordelik vir sy eie dade.
- 2) Die mens kan nie veel doen om die fisiese heelal te verander nie, maar hy kan sy lewe gelukkiger maak deur die realiteit te besef.
- 3) Elke mens moet ander help en probeer om hulle gevoelens te verstaan, maar die mens is eintlik alleen in 'n wêreld wat nie omgee nie.

- 4) Die mens bepaal sy eie natuur. Dit is 'n individuele keuse.
- 5) Die mens moet teenoor ander optree, soos wat hy wil hê hulle moet teenoor hom optree.
- 6) 'n Besluit word gemaak op grond van die volgende kriteria naamlik :“Wat sal die effek wees op die mensdom?” Die mens moet met respek hanteer word.
- 7) Gedetermineerdheid word aan die fisiese wette gekoppel. Keuse is 'n feit van menslike bestaan binne die raamwerk van die gegewe omstandighede.
- 8) Die mens het raad nodig of gee raad omrede geen mens alle probleme alleen kan hanteer nie.
- 9) Keuses moet deur die kliënt gemaak word.
- 10) Die resultaat van hulpverlening is om geluk te ervaar en individuele vervulling te smaak.
- 11) Die mens moet opereer asof alleen in die heelal met sy vriende, omrede dit sinneloos is om oor die bonatuurlike te argumenteer, want daar is geen bewys daarvoor nie.
- 12) Die mens se ellende kan tot 'n einde kom, deurdat ander wat dieselfde pad geloop het, voorstelle kan maak en dus kan help.
- 13) Dit sal 'n gruwelike daad wees indien 'n mens nie ander wil help nie, want hulle is saam betrokke in die lewe (Shertzer en Stone, 1974:227).

Met bogenoemde in ag genome, is dit duidelik dat die eksistensialisme wel die maatskaplike werkers kan help in hulle intervensie proses met enige kliënt. Deur gebruik te maak van die eksistensialistiese benadering kan die maatskaplike werkers die kliënt of die gesin vryheid gee in besluitneming binne hulle kultuur.

4.3.7 Kliënt-gesentreerde benadering

Die benadering fokus op die “self” wat verwys na die beeld wat die persoon van homself het of andersins die selfbeeld. Shertzer en Stone (1974 :216) voeg by dat “die self” ook dui op die bewuswording van sy eie funksionering. Die selfbeeld is 'n aangeleerde konsep en word deur sosialisering gevorm. Indien 'n persoon se gedrag ooreenstem met die beeld wat hy van homself het, beleef hy 'n gevoel van bevrediging, maar indien sy optrede nie ooreenstem met die beeld wat hy van homself voorhou nie, beleef hy gevoelens van bedreiging en kan as wanaangepas beskou word. Hy sal dan verdedigingsmeganismes gebruik om homself teen

die gevoelens te verdedig (Van Rooyen, 1980 :47). Shertzer en Stone (1974 :216) noem dat self-aktualisering 'n belangrike konsep in die benadering is. Self-aktualisering beteken dat die individu se gedrag gemotiveer word deur motiewe of drange, dit wil sê die self word bevorder en sy potensiaal word geaktualiseer en nie sy motiewe en drange nie.

Die maatskaplike werker se taak is dus om die verdedigingsmeganismes te help afbreek en sodoende die selfbeeld van die persoon te verhoog. Verder in die kliënt-gesentreerde benadering gaan dit ook oor die ontwikkeling van elke persoon na volle verwesenliking. Die maatskaplike werker moet dus 'n atmosfeer skep en tegnieke gebruik sodat die natuurlike groei-moontlikhede van die kliënt in 'n gesonde rigting kan ontwikkel (Van Rooyen en Combrink, 1980:47). Shertzer en Stone (1974:215) meld dat die maatskaplike werker 'n warm, persoonlike en aanvaarbare klimaat moet skep wat die kliënt in staat sal stel om sy eie potensiaal te ontdek binne sy eie unieke ondervinding. Hy kan dus sy onaanvaarbare karaktertrekke ontdek sonder om gevoelens van spanning te ervaar. Hy kan dus homself en sy waardes aanvaar en sodoende die aspekte van homself wat nodig is, verander.

Volgens Van Rooyen en Combrink (1980:48) gaan die kliënt-gesentreerde benadering ook van die standpunt uit dat 'n persoon slegs begryp kan word deur te verstaan hoe hy bepaalde sake sien en beleef. Die inherente verwysingsraamwerk van die kliënt moet gepeil word en daar moet gepoog word om die kliënt se siening van sy werklikheid te bepaal.

Die kliënt is dus die middelpunt van die intervensie omdat hy in homself die krag tot selfverwesening moet vind. Shertzer en Stone (1974:215) meld dat die kliënt as 'n gelyke behandel word en nie soseer as 'n pasiënt nie. Die individu se potensiaal vir konstruktiewe verandering word benut. Die benadering lê klem op die individu se vermoë om belangrike aspekte te bepaal en sodoende sy eie probleme op te los. Deur gebruik te maak van die kliënt-gesentreerde benadering kan die maatskaplike werker enige kliënt of gesin help om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel wat sodoende hulle gedrag positief sal beïnvloed.

4.3.8 “ Gestalt”-beginsels

“Gestalt” verwys na 'n geheel en daarom is 'n reaksie op 'n situasie, nie as gevolg van stimulus-response nie, maar wel 'n reaksie op die hele situasie. Volgens Van Rooyen en

Combrink (1980:49) en Shertzer en Stone (1974:229) is die mens 'n geheel en kan nie geskei word van die omgewing of die situasie waarby hy/sy betrokke is nie. Die hele situasie beïnvloed die mens.

Die maatskaplike werker kan dus van die gestalt beginsels gebruik maak wat haar kliënt sal help met insigontwikkeling. Die kliënt sal die aard van persepsie in gedrag kan vasstel. Die maatskaplike werker kan dus leer dat gedrag 'n funksie van die kliënt se persepsie van objekte, gebeurlikhede en omstandighede is. Die maatskaplike werker moet dus kan verstaan hoe die kliënt die wêreld sien. Die kliënt kan dus sy persepsie teenoor die maatskaplike werker projekteer en sodoende word hy bewus van sy gevoelens en houdings. Die kliënt se selfbewussyn word dus bevorder (Van Rooyen en Combrink, 1980:49) . Volgens Shertzer en Stone (1974:230) word elke individu getreiter deur konflikterende innerlike magte. Daar is altyd 'n stryd om beheer in elke individu. Elke mens leef volgens twee standaarde naamlik die publieke standaard (doen) wat sigbaar is en die private standaard (dink). Elke situasie behoort die individu se aksies of gedrag te beheer. Daardie individue wat te min selfvertroue het, of diegene wat nie hulself verstaan nie, sal optree om beheer te kry, in plaas van spontaan te reageer.

Aangesien die gestalt-terapeute fokus op die geheelbeeld van die kliënt se probleem of omstandighede, behels die intervensie 'n herstrukturering van die kliënt se siening van sake. Sodoende word insig ontwikkel by die kliënt. Die kliënt word dus gehelp om na sy ondervindinge in die verlede te kyk, dit in 'n duideliker lig te sien en dit met die huidige werklikheid in verband te bring (Van Rooyen en Combrink, 1980:50) . Shertzer en Stone (1974:231) beskryf 'n persoon met 'n gesonde persoonlikheid as iemand wat nie aanpas by die samelewing nie, maar iemand wat verstaan en homself kan assosieer met wat ookal gebeur. Dit is iemand wat verantwoordelikheid neem vir sy gedrag.

4.3.9 Kognitief-affektiewe benadering

Volgens die benadering is die persoon se denke die primêre bepaler van motiewe, emosies en gedrag. Enige persoon skep deur sy denke vir hom/haar doelstellings en dit gee aanleiding tot sekere gedragspatrone. Die mens is nie net 'n rasonale wese nie, maar is ook 'n emosionele

wese en daarom kan enige emosionele probleem teruggevoer word na onlogiese denke. Daar bestaan dus 'n verband tussen denke en emosies.

Werner (1965:20) meld dat die benadering die bestaan van die onderbewussyn erken, maar dit is nie onderdanig aan die onderbewussyn nie. Die onderbewussyn is nie bewus van die realiteit nie. Bewussyn daarenteen is nie die kennis van die onbewuste nie, maar wel van die bewuste of die realiteite van die samelewing waarin die kliënt leef. Die kliënt se probleme word dus as bewuste probleme beskryf, omrede dit ook sy gevoelens en motiewe raak (Werner, 1965:22). Volgens Van Rooyen en Combrink (1980:50) fokus die kognitief-affektiewe benadering op 'n herkonstruering van die kliënt se denkpatroon wat sodoende die kliënt help om sy denkpatroon in perspektief te sien.

In die benadering word 'n diagnose gemaak op grond van: 1) gedagtes, gevoelens, motiewe en gedrag wat deur die kliënt beskryf word 2) die gemoedstemming, optrede/gedrag soos deur die maatskaplike werker waargeneem en 3) deur betroubare bronne bevestig (Werner, 1965:23). Menslike gevoelens en gedrag kom voor uit die mens se denke, oordeel, evaluasie en gevolgtrekkings. Laasgenoemde is bewuste aktiwiteite en word deur die term "redenering" beskryf. Die maatskaplike werker moet dus in benutting van die benadering die probleem definieer en hulp beplan in terme van die bewussyn. Die doel van die intervensie proses is om verandering in die kliënt se bewussyn teweeg te bring en dit sluit in sy gedagtes, gevoelens en gedrag. Deurdat die gedagtes die oorsprong van die gevoelens en gedrag is, is die mees effektiewe en vinnigste manier om die kliënt se bewussyn te verander deur verandering van wat hy dink te bewerkstellig (Werner, 1965:27).

Objektiewe data word gebruik ten einde probleemdefiniëring te doen. Emosies word ook objektief benader. 'n Emosie kom voor as gevolg van 'n ervaring (daad of insident) wat die persoon bewus is van deur dit te doen, te sien, te hoor of daarvan te hoor, te raak, te smaak en/of te ruik. Wanneer die gebeurtenis meer as een van die sinuïe raak, maak die individu 'n oordeel van wat die gebeurtenis/ervaring vir hom beteken. Dit lei dus tot die emosie. Die maatskaplike werker moet die emosie kan oordeel en deurdat sy die fisiologiese reaksies ervaar, bewys dat die emosie wel 'n bewuste aktiwiteit is. Hoe sterker die fisiologiese reaksies is, hoe sterker is die emosie (Werner, 1965:30-33).

Motiewe word ook as 'n bewuste reaksie beskou. 'n Motief word gedefinieer as 'n gekose objek gebaseer op die individu se persepsie van noodsaaklikheid. Ten einde te kies wat noodsaaklik is, moet die kliënt dink. Daarom is dit 'n bewuste reaksie. Gedrag ontwikkel vanuit denke, so ook die gevoelens en motiewe (Werner, 1965:33-34).

Intervensie aan die kliënt verloop as volg :

- 1) Deur konkrete dienste - dit wil sê gedrag gebaseer op akkurate denke. Denke is akkuraat byvoorbeeld waar 'n seun ongelukkig is in sy skool, omrede hy die kursus as moeilik ervaar. Deur toetse en die onderwyser se terugvoering is dit duidelik dat die kursus te moeilik is. 'n Verandering van die akademiese program is dus nodig.
- 2) Die behandeling van gedrag is nodig waar die persoon se gedrag onvoldoende is ten spyte van akkurate denke.
- 3) Verandering van gedrag is nodig waar die persoon se gedrag gebaseer is op verkeerde denke (Werner, 1965:61-75).

Die maatskaplike werker wat meer ingestel is om die kliënt se denkpatrone te verander, kan van die kognitief-affektiewe benadering gebruik maak. Deurdat sy die kliënt of die gesin help om hulle denke te verander, help sy hulle ook om hulle emosies te verander.

4.4 TEORIEË

4.4.1 Inleiding

Volgens Compton en Galaway (1999:28) word teorieë gebruik as 'n basis vir maatskaplike werk praktyk en moet teorieë die maatskaplike werker inlig oor die oorsprong van die verhouding tussen die persoon en sy omgewing en die interaksie tussen die persoon en die situasie. Die benutting van teorieë kan dus die maatskaplike werkers help om hulle kliënte beter te verstaan. Die rolteorie en die sisteemteorie sal bespreek word.

4.4.2 Rolteorie

Volgens Compton en Galaway (1999:40) “helps the role theory to enrich and expand our understanding and use of systems theory. It can help us to understand interactions within a system; it also serves as a transactional, or bridging, concept between individuals and the larger social systems in which they are embedded.” Volgens Streaan (1978:27) word gedrag voorgeskryf deur die sosiale situasies wat deur die individu se motivering en die samelewing se waardes beheer word. Die psigo-sosiale funksionering kan beter verstaan word wanneer die take wat aan verskillende rolle gekoppel word, in ag geneem word. Elke rol bestaan uit verskillende aktiwiteite en wanneer die aktiwiteite nie voorkom nie, kan disfunksionering plaasvind.

Stabiliteit en ekwilibrium van sisteme word verkry deur die komplimentering van rolle. Komplimentering bestaan wanneer ‘n lid sy rol outomaties uitvoer, sonder probleme en op die verwagte manier. Rolkonflik ontstaan wanneer die status van ‘n lid verskillend gedefinieer word (Streaan, 1978:97-99). Elke individu vervul verskeie rolle na gelang van die status wat hy in die samelewing beklee (Van Rooyen en Combrink, 1980:51). Daar is dus ‘n noue verband tussen rol en status. “Rol” kan beskryf word as die werklike gedrag waarmee ‘n persoon wat ‘n spesifieke status beklee, reageer of “rol” kan ook beskryf word as hoe ‘n persoon in ‘n spesifieke posisie behoort op te tree. Rolle word deur elke samelewing of kultuur gespesifiseer en gekarakteriseer deur norme of verwagte gedrag (Compton en Galaway, 1999:40). Compton en Galaway (1999:40) maak ook melding van informele rolle wat slegs belangrik is vir persone binne ‘n sisteem, soos byvoorbeeld die rol van die gesin se “swartskaaap” of die grapmaker. Maar formele rolle binne kleiner sisteme soos die gesin, het belangrike implikasies vir die individu sowel as vir die gesin, want die groter sosiale sisteme (gemeenskap) het bestaande reëls, patrone en verwagtinge vir die spesifieke rol binne die kleiner sisteem. Rolle kan of beskryf word, of dit kan bereik word, byvoorbeeld beskrywende rolle is byvoorbeeld, die tiener, die dogter, die man. Individue het geen keuse oor die rol nie, maar tree op met verwagte gedrag wat geassosieer word met die rol. Die rol van die maatskaplike werker, die vrou, die ouer en die student is rolle wat bereik moet word.

Die teorie gaan van die standpunt uit dat mense saam leef en reageer in georganiseerde samelewings, waar hulle gedrag deur maatskaplike norme bepaal word. Die norme word aangeleer deur 'n sekere posisie of status te beklee of waar te neem en na te boots en sodoende word gedragspatrone geïntegreer. Wanneer die gedragspatrone vaste vorm aangeneem het, kan hulle as rolle beskou word. 'n Rol is slegs 'n voorskrif vir gedrag, wat voorskryf hoe verskillende persone hulle in gegewe posisies gedra en hoe ander teenoor hulle optree (Van Rooyen en Combrink, 1980:57). Compton en Galaway (1999:41) meld dat sosiale norme as riglyne vir gevoelens, gesindhede en gedrag dien wat aanvaar word en verwag word van die individu wat 'n spesifieke rol vervul. Hierdie norme of verwagtinge van rolle word deur die persone binne die sisteem of van 'n ander sisteem deurgegee. Norme sal dus verskil van kultuur tot kultuur, byvoorbeeld alle kulture het voorgeskryfde gedrag vir 'n vrou om haar rol as moeder binne die gesin sisteem te vervul. Dit is belangrik vir die maatskaplike werkers om te weet, veral tydens probleem definiëring, data invordering en intervensie.

Die maatskaplike werker kan deur die teorie te gebruik 'n duidelik geformuleerde probleemstelling hê wat deur die samelewing verskaf word, te wete :hoe vervul die kliënt die spesifieke rol of rolle en hoe vertoon hulle funksionering as dit gemeet word aan verwagte funksionering en waar ontstaan die spanning wat die probleem veroorsaak? (Van Rooyen en Combrink, 1980:60). Die maatskaplike werkers kan self bepaal indien hulle die teorie wil benut tydens intervensie. Indien sy tydens probleembepaling agterkom dat die kliënt of die gesin probleme ervaar in hulle rolvertolking, kan die rolteorie baie waardevol wees in die intervensie proses. Compton en Galaway (1999:41) meld dat sosiale rolle in oop sisteme meer algemeen is en maak ruimte vir verandering in gedrag.

Compton en Galaway (1999:41) bespreek ook die rol posisies of status van die rolle en meld dat vir elke ouer is daar 'n kind; vir elke vrou, is daar 'n man. Indien die posisie van die man nie meer teenwoordig is in die gesin sisteem nie, verander die rol van die vrou na die rol van 'n weduwee, 'n geskeide persoon of 'n verlate vrou. Indien 'n sisteem stabiliteit wil geniet, moet die verwagtinge tussen die twee partye in 'n mate vervul word. Rolle help kliënte om verantwoordelikhede na te kom.

4.4.3 Sisteemteorie

Daar is 'n verskeidenheid vorme van sisteme. Onderskeid kan gemaak word tussen lewende en nie-lewende sisteme, wat waargeneem kan word. Volgens Van Rooyen en Combrink (1980:61) is daar ook die abstrakte sisteme wat gedrag en verhoudings insluit. Hollis (1981:28) en Van Rooyen en Combrink (1980:61) meld dat 'n primêre eienskap van enige sisteem is dat al sy dele in interaksie is met mekaar, dit wil sê enigiets wat een deel van die sisteem beïnvloed of affekteer, affekteer alle ander dele van die sisteem in 'n sekere mate, byvoorbeeld 'n siek kind, sal definitief beide ouers ook affekteer. Dit mag ook 'n effek op hulle werksituasie hê, indien die kind ernstig siek is en dus versorging nodig het. Verandering in een deel, bring ook verandering in alle ander dele mee.

Terugvoering binne die sisteme is ook baie belangrik, omrede die terugvoering van een sisteem na 'n ander spanning kan verhoog. Wanneer een individu iets sê of doen aan 'n ander, sal die tweede persoon se respons selde eenvoudig of direk wees. Eerstens word die reaksie deur die individu se perseptuele waarneming gefilter, wat moontlik die waarheid kan verdraai. Daarna word die persepsie verander deur die ego, die super-ego of die ego ideale prosesse. Die reaksie kan dus beïnvloed word deur die individu se gemoedstoestand en ook gevoelens teenoor die eerste persoon. Die reaksie hang ook af van die individu se persoonlikheid. Die moontlikheid om verhoudinge te bou, die intensiteit van sekere dryfkrag, standarde en ideale en die wyses waarop die ego beskerming ervaar. Die persoonlikheid is dus ook 'n sisteem met verskeie magte van interne konflik en dus word elke respons deur die interne magte bepaal asook deur andere met wie die individu in interaksie is (Hollis, 1981:29-30).

Van Rooyen en Combrink (1980:62) en Compton en Galaway (1999:29) meld dat daar ook oop sisteme en geslote sisteme is. Lewende sisteme sal as oop sisteme beskou word. Die sisteme is dus in interaksie met sy omgewing, dit wil sê daar is 'n uitruil van materiaal, energie of gegewens met sy omgewing. Indien 'n sisteem oop is, beteken dit ook dat dit noodsaaklik is vir die sisteem se voortbestaan en sy vermoë om te verander. Oop, lewende sisteme is individue, groepe, organisasies, en gemeenskappe. Die oop sisteme is vatbaar vir beïnvloeding van buite af, maar oefen ook invloed na buite toe uit. Daar is dus 'n wisselwerking of wedersydse beïnvloeding wat op verandering moet uitloop. Die mens is dus

as oop sisteem nie net van buite af beïnvloedbaar nie, maar die invloede word verwerk en nie selgs geabsorbeer nie. Die mens is dus in voortdurende transaksie met sy omgewing en beïnvloed dit en word daardeur beïnvloed. Strean (1978:27-28, 96) meld dat die menslike persoonlikheid 'n oop sisteem is wat in gedurige interaksie is met sy omgewing. Dit ontvang stimuli van die omgewing en verander sy interne meganismes ten einde ekwilibrium te verseker en aanpassings by veranderinge van binne te verseker. 'n Oop sisteem daarenteen ruil energie uit met ander sisteme. Die oop sisteem ontvang inligting en gee ook inligting uit aan die omgewing. As gevolg van die kwaliteit van oopheid, kan sisteme groei en volwasse raak.

Geslote sisteme daarenteen is nie in interaksie met ander sisteme nie. Hulle aanvaar geen leiding nie en gee ook geen leiding nie. Compton en Galaway (1999:29) meld dat sisteme wat wil groei en ontwikkel oop moet wees vir leiding van ander sisteme. Die geslote sisteem daarenteen ruil nie energie of gegewens met die omgewing uit nie. Die geslote sisteem is dus selfonderhoudend en is dus nie van die omgewing afhanklik vir hulp of ondersteuning nie (Van Rooyen en Combrink, 1980:63). Strean (1978:28-29) bevestig bogenoemde en meld dat 'n geslote sisteem nie afhanklik is van ander sisteme om te funksioneer nie. Tog is geslote sisteme geneig tot selfvernietiging. Sekere gesinne, klein groepe en organisasies isoleer hulself.

Die teorie maak dit moontlik om ingewikkelde verskynsels waar interaksie voorkom op gemeenskaplike vlak te ontleed. Daar is dus bewuste en onbewuste vlakke van beïnvloeding in alle sisteme. Die beïnvloeding van buite en van binne, tesame met die prosesse van ewewig, hou die sisteem in 'n staat van stabiliteit. Stabiliteit word dus teweeggebring wanneer 'n verandering in die een deel van die sisteem 'n verandering in die ander dele tot gevolg het. In die toepassing van die benadering kan daar gekyk word hoe die een persoon die ander beïnvloed, maar ook hoe hul gesamentlike gedrag mekaar beïnvloed. Kommunikasie is dus 'n noodsaaklike komponent in die onderlinge interaksie tussen twee of meer mense. Indien gevoelens en gedagtes op 'n direkte wyse oorgedra word sonder dat vrees bestaan, is die sisteem stabiel. Indien kommunikasie daarenteen op 'n indirekte wyse oorgedra word en daar weerstand by die lede ontstaan, kan die sisteem tot niet gaan (Van Rooyen en Combrink, 1980:64). Compton en Galaway (1999:30) fokus op die grense wat maatskaplike werkers met hulle kliënte bepaal. Grense kan meer oop wees deurdat die

maatskaplike werker verwelkom word. Indien daar geen grense bestaan binne 'n gesin nie, kan dit 'n teken wees dat daar ook ernstige probleme voorkom binne die gesin.

Pincus en Minahan (1973:53-68), Compton en Galaway (1999:33-34) en Parsons (1994 :127-132) meld dat daar basies vier sisteme is waaraan die maatskaplike werkers aandag moet gee in hulle hulpverlening :1) die veranderde agent sisteem, 2) die kliënt sisteem, 3) die teikensisteem en 4) die aksie sisteem. Die veranderde agent sisteem dui die helpers aan naamlik die maatskaplike werkers, kan die veranderingsagent wees, terwyl die gemeenskap, die publiek of 'n organisasie die veranderde agent sisteem is. Die veranderingsagent is spesifiek aangestel om verandering teweeg te bring. Die kliëntsisteem dui op die persoon wat kom vir hulp. Die kliëntsisteem kan ook 'n familie, 'n groep, 'n organisasie of 'n gemeenskap wees wat hulpverlening verlang. Die teikensisteem word saam met die kliëntsisteem bepaal deurdat doelstellings vir verandering geformuleer word. Ten einde die doelstellings te bereik moet spesifieke persone – teikens – verandering ondergaan. Hier is dit belangrik om te besef dat die kliëntsisteem nie altyd die een is wat verandering moet ondergaan nie. Die maatskaplike werker kan self met die teikensisteme in verbinding tree en verandering bespreek of andersins kan ander sisteme in die gemeenskap gebruik word ten einde die teikensisteem te beïnvloed. Die kliëntsisteem en die teikensisteem kan dieselfde wees, byvoorbeeld waar 'n individu kom vir hulpverlening. Die aksie sisteem is diegene wat die maatskaplike werkers gebruik in hulle pogings om take/doelwitte te bereik. Die doel van die aksie sisteem kan wees om mense te beïnvloed wat moontlik potensiële kliënte is, maar tans slegs teikens is. 'n Aksie sisteem kan ook gevorm word ten einde informasie in verband met 'n sekere probleem te bekom, byvoorbeeld die maatskaplike werkers vorm 'n groep om huislike omstandighede in die buurt te bestudeer en om teikens wat verandering nodig het, te identifiseer.

Die nut van die sisteem teorie is volgens Pincus en Minahan (1973:64-68) as volg :

- 1) Die teorie kan gebruik word by verskeie situasies en persone wat verband hou met verandering.
- 2) Die teorie kan die maatskaplike werker help om take te identifiseer wat nodig is vir verandering.
- 3) In die gebruik van die teorie kan die maatskaplike werker nie voorgee dat die persone wat hulp kom vra die teikens van intervensie is nie, omrede die maatskaplike werker soms ander sisteme moet beïnvloed ten einde verandering by die kliëntsisteem teweeg te bring.

- 4) Geen afleidings kan gemaak word ten opsigte van die grote of tipe aksie sisteem wat die mees effektiefste sal wees om die probleem te hanteer wat deur die kliëntsisteem aangemeld is nie. Eers na die opstel van die doelstellings kan die maatskaplike werker bepaal of 'n een-tot-een verhouding, 'n groep of 'n ander aksie sisteem die mees geskikste is.
- 5) Die maatskaplike werkers moet erken dat hulle nie net verhouding met die kliënt bou nie, maar ook met mense wat nie kliënte is nie.
- 6) Die organisasie kan 'n teiken sisteem wees in die maatskaplike werker se intervensie om die probleem op te los. Die maatskaplike werker moet weet hoe om die sisteem te hanteer en so ook dieselfde met die individu, die groep en die gemeenskap.
- 7) Maatskaplike werkers mag ook in 'n posisie wees waar hulle hul eie agentskappe moet verander ten einde die kliëntsisteem te kan help.
- 8) Die maatskaplike werker moet gereeld die aksie sisteem diagnoseer en vasstel in watter rigting dit opereer. Indien dit nie opereer ten einde verandering in die probleem teweeg te bring nie, moet die dienste gestaak word en alternatiewe gevind word.

Die maatskaplike werker kan baie nut uit die gebruik van die teorie kry, omrede dit die sisteme waarmee sy werk, duidelik uiteensit. Die invloed van die verskillende sisteme op mekaar, kan meer rigting verleen tydens die intervensie proses. Indien die maatskaplike werker die teorie in samewerking met enige benadering gebruik, kan dit slegs tot voordeel van hulle kliënt/e strek.

4.5 MODELLE

4.5.1 Inleiding

Net soos maatskaplike werkers van teorieë gebruik kan maak, kan sy ook gebruik maak van modelle om die proses van intervensie te vergemaklik. Daar sal spesifiek aandag gegee word aan die gedragsveranderingsmodel en die taak-gesentreerde model, omrede dit die mees bekendste modelle is wat deur maatskaplike werkers benut word.

4.5.2 Gedragsveranderingsmodel

In die gedragsveranderingsmodel kan die kliënt gehelp word deur behavioristiese tegnieke en beginsels om sy gedrag te verander. Die hulpverlening fokus dus op gedragsverandering (Van Rooyen en Combrink, 1980:68). Volgens Shertzer en Stone (1974:198) fokus die maatskaplike werker op waarneembare gedrag. Die intervensie proses vind plaas waar die maatskaplike werker ondervindinge leer of herleer ten einde hulle gedrag te verander en sodoende hulle probleme op te los. Alle gedrag wat aangeleer is, kan weer verander word. Spesifieke veranderinge van die individu se omgewing kan sy gedrag beïnvloed. Sosiale leerbeginsels byvoorbeeld sosiale modelering en toepassing kan gebruik word in hulpverlening. Gedragstoepassing skep geskikte omstandighede wat sekere gedrag versterk.

Ten einde 'n kliënt te help om wel sy gedrag te verander, is dit belangrik dat die maatskaplike werker insig by die kliënt ontwikkel. Die nuwe insig wat ontwikkel word, moet egter lei tot gedragsverandering. Die insig is nie diepgaande nie, maar sentreer veral rondom die gemanifesteerde gedrag. Wanneer 'n persoon tot insig gelei word, sal die persoon homself ken, verstaan die persoon sy behoeftes en motiewe, begryp hy sy verhouding met ander, sien hy sy situasie in 'n ander lig en is hy emosioneel ontlaai, en dus sal gedragsverandering makliker plaasvind (Van Rooyen en Combrink, 1980:167).

Die doel van gedragsverandering is om die kliënt te help om problematiese gedrag af te leer en bevorderlike gedrag aan te leer. Die kliënt leer dus om gedrag wat sy maatskaplike funksionering strem, af te leer en gedrag aan te leer sodat hy homself in sy situasie kan handhaaf (Van Rooyen en Combrink, 1980:168). Tegnieke wat spesifiek in die gedragsveranderingsbenadering aangewend word, is as volg: Positiewe versterking, negatiewe versterking, straf, uitwissing, ongevoeligmaking, versterking van afkeer, gedagtestolling, eksperimentering en oefening en modellering (Van Rooyen en Combrink, 1980:205-209).

4.5.3 Taak-gesentreerde model

Die taak-gesentreerde model is ontwikkel ten einde korttermyn dienslewering te verseker. Probleme wat deur die model gehanteer kan word, is as volg : Interpersoonlike konflik,

ontevredenheid in sosiale verhoudinge, verhoudinge met formele organisasies, rol optrede, onvoldoende bronne en sosiale transformasie (Reid en Epstein, 1972:20).

Nadat 'n probleem geformuleer is, word take geselekteer in samewerking met die kliënt. Die taak definieer wat die kliënt moet doen ten einde die probleem op te los. Die taak dui op 'n spesifieke aksie wat die kliënt moet verrig ten einde die probleem te elimineer. Meer as een taak kan ook geformuleer word (Reid en Epstein, 1972:21).

Die maatskaplike werker kan die kliënt help om die taak meer gefokus en uitvoerbaar te maak. Indien die kliënt nie in staat is om die taak uit te voer nie, is dit die maatskaplike werker se plig om met behulp van bespreking van moontlike take wat die kliënt ook voorstel, te bepaal watter taak meer uitvoerbaar is. Die model fokus dus om die kliënt binne agt tot twaalf onderhoude te help en te termineer. Onderhoude word weekliks gevoer. Die maatskaplike werker moet ook die kliënt help om wel die take waarop besluit is, uit te voer (Reid en Epstein, 1972:22).

Kommunikasie is baie belangrik in die taak-gesentreerde benadering. Die spesifieke kommunikasie sluit in :

- Eksplorاسie van die kliënt se probleem, taak moontlikhede en taak-gesentreerde gedrag.
- Struktureer die behandelingsverhouding en die kommunikasie daarin.
- Verhoog die kliënt se bewuswording van maniere om probleme te oorkom of om meer take te verrig.
- Aanmoediging van taak-gesentreerde gedrag en maak voorstelle van die waarde wanneer take wel afgehandel is.

Die terminering van die proses begin reeds tydens die eerste onderhoud, omrede daar besluit word hoe lank die behandeling sal plaasvind. Tydens die finale onderhoud word gefokus op toekomstige take wat die kliënt self kan uitvoer ten einde probleme op te los (Reid en Epstein, 1972:23).

Volgens Reid en Epstein (1972:79) fokus die taak-gesentreerde benadering daarop om probleme te verander en nie so seer persoonlikheid, gedrag of houding nie. Daar is drie kenmerke wanneer probleme verander, naamlik probleme verander definitief en bly nie staties

nie, die verandering vind plaas in die rigting van probleem vermindering en die tydperk om die verandering te weeg te bring, is baie korter, gewoonlik slegs 'n paar maande (Reid en Epstein, 1972:80). Tolson, Reid en Garvin (1994:4) voeg die volgende kenmerk by ten opsigte van die model :

- Die taak-gesentreerde model is 'n probleemoplossende metode van intervensie.
- Dit is goed gestruktureerd dit wil sê die prosedures om die model te implimenteer, is spesifiek.
- Dit fokus om probleme op te los soos deur die kliënt ervaar word.
- Dit vind plaas binne beperkte tyd.
- Verandering vind plaas deur die uitvoer van take.
- Dit is georiënteerd vir die huidige omstandighede.
- Dit is ook 'n empiriese model omrede dit ontwikkel is deur navorsing, dit is gekonstrueerd deur konsepte wat nagevors kan word en dit is getoets en effektief gevind.

Die model kan waardevol wees tydens intervensie. Die maatskaplike werker moet weereens besluit of die model wel van toepassing is op die tipe kliënt en sy/haar probleem. Die gemotiveerdheid van die kliënt ten einde sy probleem op te los, is hier van belang, omrede die model ruimte maak vir korttermyn intervensie.

Die maatskaplike werker kan die volgende riglyne gebruik ten einde take te bepaal :

- Dit is belangrik om die motivering van die kliënt in ag te neem. Hier word gelet op die kliënt se betrokkenheid by sy probleem. Die kliënt se motivering is belangrik in probleem vermindering.
- Daar moet gelet word op die uitvoerbaarheid van die taak. Die kliënt mag gemotiveerd wees, maar die uitvoerbaarheid van die taak sluit in dat die kliënt eers sy gesindheid verander ten einde meer sukses te bereik.
- Daar moet gelet word op die aanloklikheid van die taak. Hier word gevra of die taak regtig nodig is? Indien 'n alkoholistiese moeder haar kinders wil terughê by haar, moet daar ook gekyk word na die kinders se belange. Sou dit ten gunste van die kinders wees om terug te keer. Die maatskaplike werkers moet hier die redes verstrek waarom hulle voel die take nie aanloklik is nie. Die kliënt moet weet hoe die maatskaplike werker voel en waar sy staan sodat die uitvoerbaarheid van die take deeglik bespreek kan word.

- Sub-take en menigvuldige take moet inag geneem word. Meer as een taak kan gegee word en daarom is dit belangrik dat die take geselekteer en georganiseer moet word. Waar daar slegs een taak is, kan daar ook sub-take wees wat verrig moet word ten einde die algemene taak te bereik. Sodra daar meer as een probleem bestaan, sal daar menigvuldige take wees om te verrig. Dit is egter belangrik om nie te veel take te gee nie, want sodoende word die kliënt oorlaai en motivering om take te verrig, word beperk.
- Oop en geslote take moet inag geneem word. 'n Oop taak het geen natuurlike terminering nie, byvoorbeeld "Om vriende te maak", omrede die kliënt kan aanhou om vriende te maak. Daarteenoor is 'n geslote taak 'n taak wat 'n definitiewe termineringspunt het, byvoorbeeld "om by 'n sosiale klub aan te sluit" (Reid en Epstein, 1972:106-120).

Devore en Schlesinger (1996:138) som die taak-gesentreerde model op in die volgende woorde: "it stresses the importance of helping clients with solutions to problems in the terms defined by the clients". Die maatskaplike werker se rol is om te help om begeerde veranderinge teweeg te bring. Die kliënt, en nie die maatskaplike werker nie, is die primêre agent van verandering. Klem word gelê op menslike vermoëns om probleme op te los deur aksies uit te voer om die begeerde resultate te bereik. Deur die model te gebruik, verseker die maatskaplike werker vinnige behandeling en verandering vind vroeg in die proses plaas. Probleme kom voor in die individu, familie en omgewingsisteme. Aandag word gegee aan die probleme waar aksies uitgevoer kan word ten einde verandering teweeg te bring.

4.6 SAMEVATTING

In die hoofstuk is daar gefokus op die verskillende praktykraamwerke, benaderings, teorieë en modelle wat maatskaplike werkers kan benut tydens maatskaplike intervensie met enige kliënt of gesin. Dit is dus duidelik uit die literatuur dat daar 'n wye keuse vir elke maatskaplike werker is ten opsigte van watter benaderings, modelle en teorieë sy/hy kan benut. Dit is belangrik dat die maatskaplike werkers hulle kliëntsisteem sal ken, ten einde die beste keuse vir intervensie te maak.

In hoofstuk 5 sal daar gefokus word op benaderings wat gebruik kan word met gesinne van verskillende kulturele en etniese agtergronde.

HOOFSTUK 5

MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS VIR INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE

5.1 INLEIDING

Etnisiteit kan vanuit 'n kategoriese en/of 'n transaksionele standpunt benader word. Volgens die kategoriese sienswyse is daar verskille tussen en in groepe en mense waar kulturele kenmerke duidelik sigbaar is, byvoorbeeld wyses van kleredrag, praatstyl en eetgewoontes. Die kenmerke is slegs belangrik waar dit die groep en die kruis-kulturele verhoudings beïnvloed. Die transaksionele siening fokus op die wyse waarop mense van verskillende groepe, waar kommunikasie voorkom, hulle kulturele uitsonderlikheid beheer. Dit dui op die manipulasie van grense tussen kulturele groepe. Etnisiteit kom voor wanneer mense van verskillende etniese groepe in interaksie is. Ten einde 'n transaksionele uiteensetting van die kruis kulturele verskeidenheid te gee, moet gelet word op die skeiding en hoe dit beheer word (Devore en Schlesinger, 1996:146).

Die maatskaplike werkers tree op as grens bepalers, deurdat hulle inligting weergee en bronne reguleer binne verskeie groepe. Maatskaplike werkers kan die volgende rolle vertolk tydens intervensie met gesinne van verskillende etniese agtergronde: Hulle kan optree as die advokaat. Gewoonlik is konflik in verhoudings tussen die minder- en meerderheidsgroepe. Meerderheidsgroepe domineer gewoonlik die minderheidsgroepe en dus fokus die advokaat op die kliënte wat gedomineer word. Hulle tree op as reguleerders. Die rol fokus om intervensie te verleen waar 'n onvrywillige kliënt voorkom. Hulle tree op as tussengangers. In die rol tree die maatskaplike werker in by die individu en die gemeenskap, byvoorbeeld waar 'n tekort aan sosiale diensorganisasies voorkom ten einde in die behoeftes van sekere kultuurgroepe te voorsien. Al die rolle dra by tot positiewe of negatiewe interaksie met

kultuurgroepe en die gesinne binne die spesifieke kultuurgroepe (Devore en Schlesinger, 1996:146-148).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die maatskaplike werker wat by ander kultuurgroepe en/of gesinne van ander kultuurgroepe betrokke is, maatskaplike werk benaderings en modelle moet kies ten einde intervensie meer effektief te maak met gesinne van verskillende etniese agtergronde. Strydom (1995:115) meld dat Suid- Afrika moet wegbeweeg van die Amerikaanse en Britse benaderings en dat teoretiese modelle wat vir die ontwikkelingsbehoefte van Suid Afrika gepas is, tot stand moet kom.

Dit is duidelik uit die literatuur dat daar spesifieke maatskaplike werk benaderings en modelle is wat gebruik kan word tydens maatskaplike werk intervensie met gesinne van verskillende etniese agtergronde. Die volgende benaderings sal in die hoofstuk bespreek word: Die “generalist” benadering, die etnies-sensitiewe benadering, die proses-fase benadering en die ekologiese benadering. Daar sal slegs aandag gegee word aan twee modelle naamlik die kulturele bewuswordingsmodel en die “culturagram”.

5.2 MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS MET GESINNE VAN VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE

5.2.1 Die generiese (“generalist”) benadering

Die benadering fokus daarop dat die maatskaplike werker in staat is om met verskillende sisteme te werk, naamlik die individu, die gesin, klein groepe, organisasies en gemeenskappe. Die rede waarom die maatskaplike werkers met alle sisteme moet werk, is eerstens omdat mense uit verskillende sisteme hulp kom vra. Sommige mense soek hulp vir individuele probleme, maar ander vra hulp om gesinsake te hanteer. Tweedens is die meeste ernstige probleme multi-gedetermineerd, dit wil sê verskeie faktore opereer ten einde probleme in stand te hou. ‘n Kind wat byvoorbeeld akademies sukkel, mag oor onvoldoende vermoëns beskik om te vorder of sy gesin bied geen ondersteuning aan hom nie, of die kind het ‘n

onbevoegde onderwyser en/of 'n skool wat oor te min fondse beskik om aandag aan kinders met leerprobleme te gee. Die maatskaplike werkers moet daarom met verskeie sisteme in verbinding tree ten einde die probleem op te los. Dertens is dit beter om met groter sisteme te onderhandel, byvoorbeeld wanneer die maatskaplike werkers vasstel dat 'n groot hoeveelheid studente dieselfde probleem het, naamlik 'n oorvol huishouding wat studie bemoelik. Sy kan dus met 'n organisasie reël vir na-skoolse versorging. Vierdens kan voorkoming en reformasie intervensie benodig tussen die individu, die gesin en die klein groep (Tolson, Reid en Garvin, 1994:2-4).

Die "generalist" benadering maak dus van die sisteemteorie gebruik. Sisteme is gedurig in interaksie en daarom kan die oorsprong van die interaksie 'n verskeidenheid probleme, gedrag en maatskaplike ontwikkeling aan die lig bring.

Strean (1978:89) het reeds vroeër gemeld dat elke persoon in 'n sosiale sisteem die ander beïnvloed. 'n Familie, 'n klein groep en 'n organisasie kan as sosiale sisteme beskou word omrede almal uit persone bestaan met wedersydse take en inter-afhanklike funksies. Strean (1978:90-92) meld ook dat ekwilibrium binne die sisteme belangrik is. Stabiliteit beteken basies dat verandering in die een deel van die sisteem ook verandering in die ander dele sal teweeg bring. Die beginsel van stabiliteit is belangrik omrede dit nie saak maak watter probleme voorkom tussen die lede van die huwelik, familie, groep of organisasie nie, hoe baie hulle fout met mekaar vind, of hoe sleg hulle voel wanneer hulle bymekaar is, baklei, argumenteer en konflik wat voorkom nie. Dit dien 'n doel vir die lede en hou die sisteem in stabiliteit.

'n Belangrike aspek van die sosiale sisteem is die kommunikasie van inligting wat plaasvind. Kommunikasie is 'n essensiële eienskap van die transaksie tussen twee of meer persone. Watter inligting oorgedra word, watter inligting teruggehou word en die gesindheid waarmee dit oorgedra word, beïnvloed die lede. Indien gevoelens en gedagtes oorgedra word sonder vrees, sal die sisteem stabiel wees. Wanneer kommunikasie indirek plaasvind, kan afkeur tussen lede ontstaan en die sisteem kan agteruitgaan of heeltemal doodloop. Kommunikasie kan ook verbaal of nie-verbaal plaasvind (Strean, 1978:93-95). Die volgende figuur toon die verskillende sisteme aan :



Figuur 5.1 :Sisteen en Teiken probleme :(Tolson, Reid en Garvin, 1994 :7)

Onderzoek na die verskillende sisteme binne die konsentriese sirkels in Figuur 5.1, stel die maatskaplike werkers in staat om die effek van elk op die probleme te bepaal. Die probleem het ook 'n effek op elk van die verskillende sisteme. Dit is dus belangrik om die impak van elk van die sisteme op die oplossing van die probleem te bepaal. Ten einde die effek van die probleem op die sisteme vas te stel, moet aandag aan die volgende drie vrae gegee word, naamlik eerstens wat is die rol van die sisteem in die oorsaak en en die oplossing van die probleem. Tweedens wat die impak van die probleem op elk van die sisteme is en derdens wat kan elk van die sisteme bied om die probleem op te los (Tolson, Reid en Epstein, 1972:6-8)?

Wanneer bogenoemde vrae beantwoord is, sal die maatskaplike werkers sekerheid hê oor die sisteem wat die meeste gebruik gaan word ten einde die probleem op te los. Die sisteem-seleksie hang af van die volgende :probleem identifisering, oorsprong van die probleem, moontlike oorsprong van veranderinge en die probleem-oplossende oorsprong. Die primêre sisteem moet dus vasgestel word en daarom moet daar gelet word op die gewilligheid van die sisteem om hulp te ontvang. Die primêre sisteem kan dus sommige kere die een wees wat oor die probleem beskik, of in ander gevalle kan dit die sisteem wees wat verandering moet ondergaan ten einde die probleem op te los. Die primêre sisteem reflekteer drie van die

volgende kondisies : 1) Die sisteem het 'n interne probleem en kan dus intern opgelos word .
2) Die sisteem het 'n eksterne probleem en stem saam om hulp te ontvang en oplossing van die probleem word verwag deurdat die sisteem en die maatskaplike werker saam staan om die probleem op te los. 3) Verandering in die sisteem is nodig ten einde die probleem op te los in 'n ander sisteem en die sisteem stem in om te help (Tolson, Reid en Epstein, 1972:8-10).

Die doel van die generiese (“generalist”) benadering volgens Shaefer, Horejsi en Horejsi (2000:87) is om te verseker dat die maatskaplike werker elke kliënt en situasie sal benader deur gebruik te maak van verskillende modelle, teorieë en tegnieke. Die denkwysie is relevant en benodig veral in die begin fase van die intervensie proses, wanneer die probleem gedefinieër en besluite gemaak word oor moontlike veranderings wat moet plaasvind, watter benadering gebruik gaan word. Die benadering gee leiding aan die maatskaplike werker ten einde verskillende moontlike vlakke van intervensie te identifiseer en dan een te selekteer wat die mees geskikste is.

'n Generiese maatskaplike werker (“generalist”) is 'n persoon met 'n breë algemene kennis en tegnieke in verskeie dissiplines. Die maatskaplike werkers is dus instaat om van verskillende teorieë en modelle gebruik te maak en hulle kan met gemak van die een veld na 'n ander beweeg. Die generiese benadering maak dus nie van gespesialiseerdheid gebruik nie. Die maatskaplike werkers is gewillig en dit is moontlik vir hulle om te fokus op verskeie faktore wat aanleiding tot die probleme van maatskaplike funksionering gegee het. Moontlike probleme kan as volg wees : konflik tussen waardes en oortuiging, gebroke verhoudinge, verkeerde denkpatrone, tekort aan kennis en inligting, steurende individuele - en familie patrone, alleenheid, oppressie, onregverdigheid en rassisme, armoede en tekort aan basiese behoeftes en die misbruik van mag deur diegene in outoriteit (Shaefer, Horejsi en Horejsi, 2000:87).

Shaefer, Horejsi en Horejsi (2000:88) meld ook dat die maatskaplike werker in staat moet wees om met verskeie kliëntsisteme te werk, naamlik die individu, die hele familie, 'n ondersteuningsgroep, komitees of taakgroepe en formele organisasies. Die maatskaplike werkers moet dus voorbereid wees op verskeie maatskaplike werk rolle, soos byvoorbeeld die rol van advokaat, berader en terapeut, groep fasiliteerder, fondsinsamelaar, programbeplanner en navorser. Die maatskaplike werker poog om die benadering so aan te wend dat die kliënt

aanvaarding sal ervaar en dus word daar nie verwag dat die kliënt aan die professionele organisasie moet konformeer nie.

Die volgende vier elemente kom in die generiese benadering voor :

- 1) Die benadering kan toegepas word in enige organisasie of geografiese konteks en kan ook met verskeie tipe kliënte en probleme gebruik word. Die kennis, waarde en metodes kan verander na aanleiding van die tipe probleme.
- 2) Die benadering word nie beperk deur enige teoretiese of intervensie benadering nie. Die generiese benadering vereis dat die maatskaplike werkers eklekties is byvoorbeeld idees en tegnieke moet van bronne verkry word. Die maatskaplike werker moet in staat wees om verskeie aktiwiteite in verskeie situasies te inisieer. Die generiese maatskaplike werkers moet dus oor die nodige kennis beskik om te weet wanneer hulle die kliënt verantwoordelik kan dien of wanneer dit nodig is om die kliënt na 'n meer gespesialiseerde maatskaplike werker te verwys.
- 3) Selektoring van strategieë en maatskaplike werk rolle word gemaak op grond van die kliënt se probleem, doelstellings, situasie en die grootte van die sisteme wat genader word vir verandering. Die maatskaplike werker moet dus haar aktiwiteite kan aanpas by die unieke kliënt se situasie.
- 4) Die benadering stel voor dat intervensie eers plaasvind nadat die klient se probleme op verskillende maniere gedefinieër is (Shaefer, Horejsi en Horejsi, 2000:88).

5.2.2 Etnies-sensitiewe benadering

Volgens Shaefer, Horejsi en Horejsi (2000:94) is die doel van die etnies-sensitiewe benadering om die maatskaplike werker bewus te maak van die etniese, kulturele en godsdienstige verskille tussen kliënte . Die benadering word gebruik wanneer die kliënt se agtergrond verskillend is van die maatskaplike werker se agtergrond. Die etnies-sensitiewe benadering gee aandag aan die feit dat kliënte van verskillende etniese groepe vir hulp kom. Dit is daarom belangrik dat die organisasie bewus is van die realiteit dat kliënte met verskillende kulturele agtergronde na die organisasie vir hulp kom. Die kliënt se sosiale klas, kultuur, etnisiteit en godsdienstige opvattinge het 'n groot impak op hulp-soekende gedrag. Die kliënt besluit wanneer hy/sy die situasie as 'n probleem beskou, watter oplossings vir die probleme sin maak en wat die kliënt verwag van die tipe dienslewering deur die organisasie.

Dit is daarom belangrik dat die maatskaplike werker kennis moet dra van verskillende kulture. Die maatskaplike werkers moet in staat wees om hulp te verleen aan die kliënte op maniere wat vir hulle aanvaarbaar en betekenisvol is, omrede hulle kennis dra van die kliënt se kulturele agtergrond en verwagtinge. Ten einde etnisiteit te verstaan, is dit belangrik om die kulturele konteks van 'n gegewe probleem te verstaan, sowel as die integrering van die kennis om 'n professionele diagnose te maak.

Volgens Devore en Schlesinger (1996:261) moet die maatskaplike werkers die waarde van die vlakke van begrip besef. Wanneer dienste gelewer word aan gesinne van ander kulture is dit belangrik om ondersoek na die professionele waardes in te stel as gevolg van die verskillende definisies van die gesin, die welsynsorganisasies se riglyne en dienste, self bewustheid, die impak van die etniese realiteit van die gesin se lewe, die rigting wat die gesin gevolg het voordat hulle vir dienste na die maatskaplike werker gekom het en die strategieë en prosedures wat belangrik is in die hulpverleningsproses.

Dit is daarom belangrik dat die maatskaplike werkers die waardes sal verstaan, byvoorbeeld wat is hulle siening van die gesin. Is 'n gesin slegs die vader en moeder met hulle kinders? Wat van die ongetroude paar wat tog verbind is aan mekaar? Of is die geskeide vader deel van die gesin al gee hy nie veel ondersteuning nie? Maatskaplike werkers moet dus bewus wees daarvan dat hulle persoonlike en professionele waardes praktiese probleme kan skep. Maatskaplike werkers moet ook basiese kennis dra van menslike gedrag. Dit is belangrik om die gesin se funksies en take te verstaan. Kennis van die welsynsorganisasie se regulasies en dienste beïnvloed professionele dienslewering. Die maatskaplike werkers moet insig in hulle eie etnisiteit hê en hoe dit hulle professionele dienslewering kan beïnvloed (Devore & Schlesinger, 1996:265). Elke maatskaplike werker se gesin van oorsprong se ondervindinge sal verskillend wees volgens hulle etniese realiteit. Dit is verder belangrik dat die impak van die etniese realiteit op die daaglikse lewe van die kliënt verstaan word deur die maatskaplike werkers. In elke familie sal die etniese realiteit ondervind word binne die konteks van die geskiedkundige, individuele en sosiale tyd van elke persoon. Die impak van sosiale klas en etnisiteit van elke lid van die gesin moet verstaan word. Die weg wat die kliënte gevolg het na die maatskaplike werkers het 'n impak op die wyse waarop dienste gelewer sal word. Gewoonlik is die weg na die maatskaplike werker vrywillig, maar tog moet die maatskaplike werkers besef dat dit nie algehele samewerking sal verseker nie. Devore en Schlesinger

(1996:268) meld dat die maatskaplike werker wat wel van die etnies-sensitiewe benadering gebruik maak, kennis moet dra dat kultuur 'n belangrike rol speel in probleem identifisering. Maatskaplike werkers moet ingestel wees op die sosiale, kulturele en omgewingsaspekte van die individu en die gesin se lewe. "We must understand that individual time reflects the life stories of family members in each generation." Daar is baie stories wat vertel kan word. Elke storie moet aangehoor en in verband met die ander gebring word (Devore en Schlesinger, 1996:269).

Lum (1992:81) meld dat etnisiteit en sosiale klas lewensprobleme vorm en daarom moet maatskaplike werkers op mikro en makro probleme tydens probleemoplossing fokus.

5.2.3 Proses-fase benadering

Die proses-fase benadering word aangewend waar gesinne of kliënte van verskillende kulturele agtergrond kom vir intervensie. Die verhouding tussen die maatskaplike werker en die kliënt is baie belangrik in die benadering. Die kliënt en die maatskaplike werker poog om 'n vertrouensverhouding te ontwikkel. Die maatskaplike werker daarenteen tree teenoor die kliënt op met empatie, warmte en deur haarself te wees. Verder benut die maatskaplike werkers ook hulle luister tegnieke, respekteer hulle kliënte en tree spontaan op (Lum,1992:91).

Volgens Lum (1992:91) is daar 'n natuurlike weerstand by kliënte van minderheidskultuurgroepe wanneer hulle van maatskaplike werk intervensie gebruik maak. Suspisie en wantroue as gevolg van vorige institusionele kontak, angs as gevolg van onsekerheid en skaamte as gevolg van die feit dat die kliënt erken dat hy/sy hulp nodig het, is gevoelens wat algemeen mag voorkom. Indien kliënte van kultuurgroepe anders as die maatskaplike werker, voorkom, sal hulle daarop ingestel wees om vas te stel of die maatskaplike werker enige diskriminasie of rassisme voorstaan. Die maatskaplike werkers moet dus hulself ondersoek vir enige rassisme en/of diskriminasie. Persoonlike en familie agtergrond is belangrik in die kontak fase. Indien die maatskaplike werkers familie agtergrond inwin, sal die kliënt ervaar dat hulle etnisiteit belangrik is vir die maatskaplike werker. Vrae wat moontlik gevra kan word, is :

- 1) Hoe identifiseer jy jousef as 'n lid van die etniese groep?
- 2) Wat is die belangrikste etniese gewoontes en gelowe wat jy en jou gesin toepas?
- 3) Woon jy etniese organisasies by?
- 4) Watter etniese kos eet jy die graagste?
- 5) Wie is 'n plaaslike leier in julle etniese gemeenskap?
- 6) Is daar enige ander etniese groepe of individue wat jy sal nader vir hulp?

In Amerika kon 'n mens slegs 'n Amerikaner genoem word, indien jy jou kultuur, gewoontes en ook jou taal en klere prysgegee het, vir die Amerikaanse kultuur. Die oorheersende kultuur plaas druk op sosiale konformasie wat kinders wat gekondisioneer is aan die patrone van die nuwe kultuur en ouers wat hulle ou etniese kulturele waardes behou, affekteer. Met die bewuswording van etnisiteit in die laaste twee dekades, herontdek die derde- en vierde-generasie minderheidsgroepe hulle kulturele oorsprong en leer hulle die geskiedenis en taal van hulle voorvaders. Hulle ontwikkel weer kulturele trots en identiteit wat weer etniese lewenspatrone vorm. Nuwe immigrante pas gedeeltelike assimilasië van Amerikaanse leefwyses en gedragpatrone toe. Dit is in konflik met tradisionele kulturele waardes. Ouers poog om die outoritêre familie rolle en tradisionele waardes te behou, wat in stryd is met die kinders wat blootgestel word aan die onafhanklike en individualistiese leefstyl van hulle skool en bure (Lum, 1992:91-92).

Welsynsorganisasies behoort ook bewus te wees van etniese gemeenskappe en van hulle sosio-ekonomiese behoeftes en leefwyses. Dit is belangrik dat die maatskaplike werkers sekere verhoudings voorskrifte ken, byvoorbeeld om 'n persoon op sy van aan te spreek, formele bekendstelling is belangrik en die erkenning van die ouer persone in die huishouding as diegene met die outoriteit in die huis, toon respek. In plaas daarvan dat die maatskaplike werkers dadelik die probleem wil bespreek, moet hulle fokus op 'n aspek wat ooreenkomstig is in hulle verhouding met die kliënt. Sodoende bou hulle vertroue met die kliënt. Verdere pogings om die familie agtergrond van die kliënt vas te stel, kan die maatskaplike werkers help om aanvaar te word. Die styl van kommunikasie is belangrik en moet dus vriendelik en interessant wees. Die kliënt moet op sy gemak voel. Wanneer 'n sessie begin word, kan die aanbieding van eet- en drinkgoed die idëe by die kliënt skep dat fisiese voeding belangrik is. Ten einde die simboliese taak te omskep in emosionele omgee, sal baie empatie en warmte vereis. Die feit dat die maatskaplike werkers die kliënt verstaan, sal te weeg

bring dat die kliënt meer vertrouwe het en vrymoedigheid het om sy probleem te bespreek (Lum, 1992 :92- 93).

Tydens probleem identifikasie is dit belangrik om te onthou dat minderheidskliënte gewoonlik probleme ervaar soos, werkloosheid, swak gesondheid, swak behuising en ander kroniese probleme wat verband hou met onvoldoende fondse. Tydens maatskaplike werk intervensie kry die kliënt die geleentheid om die probleem vanuit 'n ander perspektief te sien. Lum (1992 :94) meld dat probleem identifikasie op drie vlakke kan plaasvind naamlik , mikro vlak (individue, familie en klein groep), meso vlak (etniese of lokale gemeenskappe en organisasies) en die makro vlak (komplekse organisasies en geografiese populasies).

Die take wat die maatskaplike werker en die kliënt tydens die probleem identifikasie proses toepas, is deur te fokus en te leer. Leer bestaan uit die vasstel van probleme. Die maatskaplike werkers en die kliënt bepaal saam die primêre probleem. Die maatskaplike werker beskryf die probleem as 'n logiese samevoeging van omstandighede op grond van die informasie wat die kliënt verskaf. Die kliënt daarenteen kry nuwe insig in die probleem. Tydens die toepassing van die proses-fase benadering is dit belangrik om die interaksie tussen die kliënt en die omgewing te analiseer en om aanbevelings vir intervensie te beplan. Dit is belangrik om vas te stel hoe die probleem die kliënt affekteer. Daar moet vasgestel word of daar enige bronne is wat kan help in die oplossing van die probleem. Waar verskillende kulture voorkom, is dit belangrik om kliënte se kulturele vermoëns en die gemeenskap sisteme te identifiseer.

Tydens die toepassing van die proses-fase benadering word die impak van die sosiale omgewing op die kliënt in ag geneem. Sosio-omgewings kondisies affekteer en produseer psigo-individuele optrede. Die invloed van die omgewing is 'n sterk mag wat die kultuurgroepe se reaksies vorm. Positiewe sosiale omgewings affekteer psigo-individuele reaksies in terme van hul selfbeeld en etniese krag. Dit is belangrik om te kyk na die kliënt se motivering om sy kultuur te behou. Vir die Afro-Amerikaner is die kerk, kuns, musiek , en die uitgebreide familie belangrik, maar vir Asiatiese Amerikaners is familie bande, gesamentlike verantwoordelikheid en familie welsyn weer belangrik. Die Spaanse Amerikaners beskou familie samewerking en steun netwerke, familie inter-afhanklikheid en respek vir die ouer mense weer as uiters belangrik in hulle kultuur. Daarom moet

maatskaplike werkers kennis dra van wat belangrik is in elke afsonderlike kultuur ten einde die beste diens te lewer (Lum, 1992:95).

Daar is kulturele beperkinge in die wys van gevoelens. Sommige kultuurgroepe beperk en beheer hulle emosies. Indien daar vereis word om emosies te toon, kan dit onmoontlik wees vir sekere kultuurgroepe. Hierdie beperkinge moet raak gesien en gerespekteer word. Vir sommige kultuurgroepe word emosies gewys deur konkrete aksies byvoorbeeld die Afro-Amerikaners wat vir jare nie hulle woede as gevolg van die brutaliteit van die polisie en onvoldoende hulpbronne kon wys nie, het hulle die strate ingevaar met optogte. Die protes het hulle gevoelens van frustrasie gewys. Emosies word ook gewys deur nie-verbale kommunikasie (Lum, 1992:96). Die maatskaplike werkers moet 'n omgewing skep waarin die kliënt veilig voel. Indien 'n omgewing nie warmte en aanvaarding uitstraal nie, kan die kliënt bedreig voel.

Gedurende die aksie fase bestaan die maatskaplike werker/kliënt se take uit interaksie en evaluering. In die interaksie proses moet die maatskaplike werker en die kliënt kulturele omgewingsfaktore ondersoek ten einde vas te stel watter effek dit op die probleem gehad het. Die aksie fase kan slegs geslaagd wees indien daar 'n unieke verhouding tussen die maatskaplike werker en die kliënt is. Die maatskaplike werker bekom inligting en tree op as leerder, terwyl die kliënt die opvoeder is. Tydens assessering word individuele- en omgewingsfaktore identifiseer wat gebruik word in die skepping van 'n geskikte intervensie program. Die evaluasie verskaf inligting oor die probleem, die kliënt se kulturele bronne en die gemeenskap se ondersteuning sisteme. Dit lei tot die opstel van intervensie doelstellings, 'n kontrak en prosedures om verandering teweeg te bring. Tydens die aksie fase word daar gefokus op die huidige omstandighede, omstandighede uit die verlede wat die huidige probleem beïnvloed, word geselekteer en die kliënt se vermoë en motivering om die probleem te hanteer, word geëvalueer (Lum, 1992:97).

Tydens die intervensie proses vind verandering plaas wat die probleem situasie kan oplos. Intervensie kom voor wanneer die kliënt se psigososiale behoeftes deur materiële en ondersteunende bronne in die familie, gemeenskap en deur sosiale en godsdienstige organisasies vervul word. Intervensie is 'n strategie wat gebruik word om die probleem te hanteer en te verander. Die keuse van intervensie hang af van die volgende objektiewe kriteria :

- Intervensie behels dat die probleem ondersoek word.
- Intervensie fokus op die onmiddellike verlede en die huidige omstandighede wat verband hou met die probleem.
- Intervensie verander die psigososiale dimensies van die probleem.
- Intervensie vereis dat take verrig moet word om die klient te mobiliseer.
- Intervensie demonstreer die verandering wat plaasgevind het in die probleemarea.

Die wyse waarop intervensie plaasvind, bepaal die effektiwiteit van die intervensie aan die klient of die gesin. Vlakke van intervensie is dieselfde as die probleem vlakke naamlik, mikro, meso en makro vlakke. Die maatskaplike werker-klient se take van die intervensie fase sluit in verandering en kreatiwiteit. Nuwe maniere moet geformuleer word om bestaande probleme te hanteer. Die maatskaplike werker en die klient moet kreatiwiteit aan die dag lê. Hulle stel 'n reeks van handeling vas wat hulle hoop die gevolg sal hê van 'n nuwe sisteem. Kommunikasie tussen die maatskaplike werker en die klient en die onderskeie netwerke, die familie, verlengde ondersteuningsisteme, agentskappe en gemeenskapsbronne vind plaas. Deur oor te gaan tot aksie, fasiliteer die maatskaplike werker beweging en direksie wat op 'n kreatiewe manier implimenter word. Dit is belangrik om te weet dat die klient 'n unieke stel van probleme het en daarom is kreatiewe denke nodig. Die verandering van die probleem voorsien dus beweging van een situasie na die ander. In plaas daarvan om met die klient te gesels oor die algemene idee van verandering, voorsien die maatskaplike werker spesifieke maniere van aksie om verandering te bewerkstellig (Lum, 1992:98-99).

Terminering dui op 'n beeindiging van die maatskaplike werker-klient verhouding en van sessies. Suksesvolle terminering behels dat die destinasie bereik is. Volwasse groei is een van die destinasies. Die klient en die maatskaplike werker kan die mate van groei meet tussen die kontak- en die termineringsfase deur die klient se groei te evalueer. Ten einde te differensieër tussen die twee fases as "voor" en "na", dui op die verandering wat wel moes plaasvind tydens die periode tussenin. Wanneer die doelstellings bereik is, kan finale terminering plaasvind (Lum, 1992:99).

5.2.4 Ekologiese benadering

Ekologie is 'n belangrike konsep omdat dit fokus op die verhoudings tussen lewende organismes en alle elemente van hulle omgewings (Grobbelaar en Louw, 1990:15; Meyer en Mattaini, 1995:19). 'n Balans moet bereik word tussen die lewende organismes en hulle omgewings. Alle vorme van lewe is betrokke in die proses om die balans te verseker. Ten einde te ontwikkel en te oorleef, benodig alle lewende vorme stimulasie van die omgewing. Die lewende vorme reageer op die omgewing. Die interaksie tussen die organisme en die omgewing kan lei tot nadeel van ander organismes, byvoorbeeld die sosiale omgewing kan beskadig word of besoedel word deur kulturele prosesse soos armoede, diskriminasie en stigma. Onder positiewe omgewingsomstandighede, kan individue groei en dus positiewe resultate bereik. Belangrike konsepte in die benadering is aanpassing, spanning, hanteringsvermoë, verhoudings, identiteit, selfbeeld en die omgewing (Devore en Schlesinger, 1996:143). Die mens en die omgewing moet as 'n geheel beskou word. Germain en Gitterman (1980:15-17) noem dat die mens en sy omgewing in die geesteswetenskappe egter dikwels as twee verskillende entiteite gesien is.

Daar bestaan ook die siening dat die mens die hoogtepunt van die skepping is en daar gestel is om daaroor te heers. In teenstelling hiermee beskou die Oosterse kultuur die mens en sy omgewing as 'n eenheid. Die mens word gesien as deel van die omgewing en nie as die heerser oor die omgewing nie. Die ekologiese benadering verwys na die wisselwerking tussen die mens en die omgewing en nie die oorheersing van die een oor die ander nie (Meyer en Mattaini, 1995:19).

Menslike ekologie kan beskryf word as die studie van die mens binne die omgewing, die prosesse wat tussen die mens en die omgewing plaasvind, die wisselwerking en die beïnvloeding van mekaar en die wyse waarvolgens maatskaplike ekwilibrium bereik en gehandhaaf word. Skrywers soos Germain en Gittermann (1980:15) noem dat menslike behoeftes en probleme verband hou met die aard van die wisselwerking tussen mense en hul omgewing. Probleme en stressors wat voorkom, kan volgens bogenoemde skrywers hanteer word deur onderhandelings tussen mens en omgewing te beheer.

Stres word gedefinieër as 'n ongebalanseerdheid tussen 'n opdrag en die moontlikheid om die opdrag uit te voer en om die opdrag deur die gebruik van beskikbare interne en eksterne bronne deur te voer. Stres ontwikkel dus wanneer daar ontwrigting ontstaan in die interaksie tussen die persoon en sy omgewing. Stres kan positief wees, wanneer dit geassosieer word met positiewe gevoelens en die antisipering om 'n doelstelling te bereik, of dit kan ook negatief ervaar word. Hanteringsvermoë verwys na die geleentheid wat deur stres geskep word en daarom word interne en eksterne bronne benodig. Interne bronne verwys na vlakke van motivering, selfbeeld en probleem- oplossende vermoëns. Probleem-oplossende vermoëns word verkry deur sisteme in die omgewing soos byvoorbeeld deur familie, skole en ander instansies wat die eksterne bronne is.


Biologiese en sosiale oorlewing is nodig om verhoudings te handhaaf. Dit word geleer in die familie, by ouderdomsgroepe en institusies in die groter gemeenskap. Verhoudings help om identiteit te vorm, sowel as 'n mens se selfbeeld. Die proses begin reeds by babas. Die identiteit en selfbeeld word verder gevorm deur geslag, ras en sosiale klas. Individue ervaar 'n gevoel van tevredenheid wanneer hulle ervaar het wat 'n impak op die sosiale en fisiese omgewing gehad het. Ten einde die gevoel van tevredenheid te bereik is nuuskierigheid en eksploratiewe gedrag nodig. Hier speel die familie, skool en die gemeenskap ook 'n belangrike rol (Devore en Schlesinger, 1996:144).

Mense word verder beskryf as aktief, doelgerig en dat hulle die potensiaal het om te groei. Die interaksie met die omgewing maak die moontlikheid van probleme groter. Die maatskaplike werker maak dus van die benadering gebruik om mense te help met hulle lewensprobleme, dit wil sê hulle poog om transaksies tussen mense en die omgewing te verbeter of om diegene met behoeftes by die geskikte bronne uit te bring (Devore en Schlesinger, 1996:145).

Die ekologiese benadering integreer verskeie teorieë van menslike gedrag, veral konsepte van die ekologie en die algemene sisteem teorie. Die model kan gevisualiseer word as konsentriese sirkels wat roteer om die middel, wat, afhangend van die kultuur, dui op die individu of die gesin. Verandering in die buite makro lae, byvoorbeeld die natuurlike omgewing en gemeenskap het 'n effek op elke sisteem wat na die middel beweeg. Verandering kan geïnisieër word deur enige van die sisteme en die dinamiek van die effek kan in enige rigting beweeg. Die self of die gesin word verstaan in terme van die verhouding

met die ander sisteme. 'n Wanbalans kan aan die een kant die mens se lewenskwaliteit verminder of aan die anderkant die gemeenskapslewe verswak. Indien die mens en omgewing bymekaar aanpas, sal die twee entiteite 'n ondersteunende invloed op mekaar uitoefen wat groei en ontwikkeling tot gevolg sal hê. Die teenoorgestelde situasie kan ook ontstaan en spanning kan veroorsaak word en 'n negatiewe, vernietigende proses tot gevolg hê (Meyer en Maitani, 1995:18). Die ekologiese benadering is meer suksesvol om te gebruik wanneer die individu se sosiale en psigologiese sferes geassesseer word. Oosterse kulture is meer groep georiënteerd en fokus op hulle omgewing en streef om in harmonie en ewilbrium te leef met die omgewing (Yamashiro, 1997:177-178).

Daar word dus in die ekologiese benadering in maatskaplike werk intervensie gefokus op die wisselwerking tussen die mens en die omgewing ten einde optimale funksionering van mense te bevorder. In figuur 5.2 word geïllustreer dat indien daar 'n wanbalans tussen die mens aan die een kant en die bronne wat die omgewing moet verskaf aan die ander kant is, dit spanning en probleme soos aangedui word in die driehoek veroorsaak.



Figuur 5.2 : 'n Ekologiese benadering

Indien balans bereik word tussen die mens en sy omgewing, vind groei en ontwikkeling in beide die mens en die omgewing plaas.

5.3 MODELLE

5.3.1 Inleiding

Modelle is ook ontwerp om maatskaplike werkers te help tydens intervensie met gesinne van diverse kulture. Aandag sal gegee word aan die kulturele bewuswordingsmodel en die culturagram.

5.3.2 Kulturele bewuswordingsmodel

Die kulturele bewuswordingsmodel gee insig in etnisiteit en fokus op die feit dat die maatskaplike werk professioneel aanvanklik kulture geïgnoreer het. Die model gee belangrike riglyne om sensitiwiteit van verskeie etniese groepe te bekom. Etnografiese onderhoude en die studie van etnografiese dokumente is belangrike meganismes ten einde die lewe van die kliënt te verstaan (Devore en Schlesinger, 1996:149).

5.3.3 “Culturagram”

Die “culturagram” fokus spesifiek op verskillende aspekte van kultuur. Dit is ontwerp ten einde maatskaplike werkers te help om kulture te verstaan en om kulturele diverse gesinne te help om hulle potensiaal te ontwikkel. Dit is belangrik dat maatskaplike werkers kliënte van verskillende kulturele agtergronde individualiseer. Die “culturagram” help die maatskaplike werker om verskille tussen individue en gesinne van dieselfde ras en etniese agtergrond te onderskei (Congress, 1994:531-533). Die “culturagram” help die maatskaplike werker om verskillende aspekte van kultuur in terme van ‘n spesifieke gesin te verstaan. Die volgende aspekte word in die “culturagram” ingesluit :

- Redes vir immigrasie

- Tyd in die gemeenskap
- Wettige of ondokumentêre status
- Ouderdom tydens immigrasie
- Taal wat tuis en in die gemeenskap gebruik word
- Kontak met kulturele institusies,
- Gesondheidsopvattinge
- Vakansie dae en spesifieke gebeurtenisse
- Impak van krisis situasies
- Waardes in verband met die familie, opvoeding en werk.

Figuur 5.3 word aangebied om die “culturagram” te verduidelik.



Figuur 5.3 : Culturagram : (Congress, 1994 :531)

Die verskillende aspekte van kultuur, asook die geskiedenis van immigrasie word bekom en help dus die maatskaplike werker om voldoende agtergrondskennis in te win ten einde intervensie te vergemaklik.

Devore en Schlesinger (1996) meld dat die taal wat die kliënt praat 'n belangrike faktor is om die kulturele agtergrond te behou. Gewoonlik word die huistaal tuis gebruik, terwyl die offisiële taal van die spesifieke land in die gemeenskap gebruik word. Die maatskaplike werker moet dus vasstel wat se taal gebruik word deur elke individu. Elke kulturele diverse gesin is lede van kerke, etniese skole en sosiale klubs waar mense van dieselfde kulturele agtergrond aan behoort. Kulturele identiteit word behou as gevolg van die instansies. Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werker kennis sal dra van kulturele organisasies in die gemeenskap wat die lewe van hulle kliënte kan beïnvloed. Godsdienstige rituele het 'n groot invloed op die daaglikse bestaan van enige gesin. Dit is belangrik om te weet hoe gereeld die gesin etniese plekke van aanbidding bywoon. Inligting in verband met die kinders se betrokkenheid by godsdienstige byeenkomste wat plaasvind by etniese skole moet bekom word. Die algemene opvoeding van die kind binne die openbare opvoedingsstelsel is belangrik. Die maatskaplike werkers moet vasstel of kinders klasse wat in verskeie tale aangebied word, bywoon.

Daar is ook duidelike verskille tussen kulture ten opsigte van gesondheids sieninge. Oosterse kulture sal simptome selde beskryf as psigologies en dus sal hulle nie van sielkundige gesondheidsklinieke se behandeling gebruik maak nie. Kulturele agtergrond beïnvloed ook die waardes van die individu sowel as die gesin. Oosterse gesinne beskou die nood van die gesin as meer belangrik as die nood van die individu. Opvoeding en skolastiese vordering is ook baie belangrik vir Oosterse kulture. Die maatskaplike werkers moet kennis dra in haar intervensie van bogenoemde verskille in kulture. Wat werk betref, is Oosterse kulture ook geneig om klein winkels of restaurante te bestuur waar die kinders dan saam met die ouers betrokke is (Congress, 1994:533-537). Bogenoemde aspekte kan uit die "culturagram" bekom word en is belangrik tydens maatskaplike werk intervensie met gesinne van diverse kulture.

5.4 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat ander benaderings en modelle gevolg moet word wanneer intervensie nodig is met gesinne van diverse etniese agtergrond. Dit is belangrik dat die gesinslede se kulture inaggeneem moet word tydens intervensie, byvoorbeeld die taal waarin hulle funksioneer en godsdienstige oortuiginge. Maatskaplike werkers het meer inligting rakende die kultuur nodig ten einde meer effektiewe dienste te lewer.

In die volgende hoofstuk word die intervensie met gesinne van verskillende etniese agtergronde bespreek.

HOOFSTUK 6

INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE : MAATSKAPLIKE WERK PERSPEKTIEF

6.1 INLEIDING

'n Meer bewuste poging is nodig om effektiewe dienste aan kliënte van ander kulture te lewer (Compton en Galaway, 1994:174). Daar is verskeie benaderings, modelle en teorieë wat die maatskaplike werker in staat stel om maatskaplike werk intervensie suksesvol te laat verloop. Indien die maatskaplike werker ook die gesin waar eglede diverse kulturele agtergronde het, verstaan, sal dit hulle hulpverleningsproses vergemaklik.

Daar is egter verskeie ander aspekte wat die maatskaplike werker ook inag moet neem tydens intervensie met gesinne van diverse kulture, naamlik hulle persoonlike gevoelens oor huwelike waar verskillende kulture by betrokke is en ook of hulle genoeg kennis dra van die spesifieke kulture betrokke. Die maatskaplike werker se voorbereiding is dus baie belangrik, voordat hulle kan begin met intervensie met eglede van verskillende kulturele agtergronde.

Die maatskaplike werkers moet ook die taal van die gesinslede in ag neem. Indien hulle nie die betrokke taal kan praat nie, sal intervensie nie moontlik wees, tensy hulle gebruik maak van vertalers nie. Die maatskaplike werkers benodig ondervinding met gesinne en/of individue van ander kulture ten einde maatskaplike intervensie suksesvol te laat verloop. Hoe meer hulle dus betrokke is by gesinne van verskillende diverse kulture, hoe meer sal hulle ondervinding ten opsigte van intervensie opdoen, wat hulle meer selfvertroue sal gee om dienste te lewer.

Die hoofstuk wat volg sal fokus op die voorbereiding van die maatskaplike werkers, die belangrikheid van kennis ten opsigte van die spesifieke kulture betrokke en die dienslewering en take van die maatskaplike werkers.

6.2 VOORBEREIDING VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

6.2.1 Inleiding

Indien maatskaplike werkers bewus is dat dienslewering nodig is aan kliënte van ander kulture, is dit noodsaaklik om deeglike voorbereiding te doen ten opsigte van die spesifieke kulture betrokke.

Pinderhughes (1989:147) gee die volgende riglyne vir maatskaplike werkers in hulle voorbereiding met gesinne van verskillende kulturele agtergrond :

- Die maatskaplike werkers moet oor vermoëns beskik om gemaklik te wees met verskille by ander persone.
- Die maatskaplike werkers moet oor vermoëns beskik om valse gelowe en vooropgestelde idees te beheer en indien moontlik te verander. Dit sal die behoefte om verdedigend op te tree en die self te beskerm, uitwis.
- Die maatskaplike werkers moet oor die vermoëns beskik om die waardes, gelowe en praktyke van persone wat kultureel anders is, te respekteer en te waardeer.
- Die maatskaplike werkers moet ook die persone van ander kulture deur die persone se kulturele lense waarneem en nie deur hulle eie lense nie.
- Die maatskaplike werkers moet oor die vermoëns beskik om buigbaar te wees en te erken dat hulle denke en optrede te subjektief is.
- Die maatskaplike werkers moet ook buigbaar optree. Die optrede kan gedemonstreer word deur die maatskaplike werkers se bereidwilligheid om ekstra moeite te doen om kennis oor die kulturele groepe te bekom en om die spesifieke benaderings om die kennis toe te pas of nie toe te pas, te erken.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die maatskaplike werkers kulture oor die algemeen moet respekteer en besef dat elke kultuur verskil. Voordat die maatskaplike werkers betrokke kan raak by gesinne van verskillende etniese agtergronde, moet hulle hulself positief instel teenoor verskillende kulture. Volgens D'Ardenne (1989:32-33) moet die maatskaplike werkers die kliënt se kulturele oorsprong verstaan en aanvaar, asook die ondervindinge van die kliënt binne die gemeenskap. Die etniese identifikasie van die kliënt moet ook deur die maatskaplike werkers verstaan word. Die maatskaplike werkers sal dus instaat wees om doelstellings daar te stel wat wel bereik kan word binne die kliënt se kultuur.

Volgens D'Ardenne (1989:32-33) is maatskaplike werkers geneig om hulle eie kulturele standpunte as vanselfsprekend te aanvaar, in plaas daarvan om dit ook te bevraagteken. Wanneer die kliënt se verskillende kulturele standpunte wel raakgesien word deur die maatskaplike werkers, is die maatskaplike werkers nog steeds geneig om nie hulle eie waardes krities te beskou nie. Kennis van ander kulture word ingewin as gevolg van nuuskierigheid oor 'n spesifieke kultuur of 'n begeerte om met ander kulture in kontak te kom. Informasie in verband met ander kulture word bekom deur direkte kontak, deur byvoorbeeld 'n vriendskap of deur toere wat 'n verskillende ervaring is as indirekte kontak met 'n kultuur deur byvoorbeeld, boeke te lees oor die kultuur of na die media te luister. Elke maatskaplike werker het egter hulle eie styl om informasie te bekom. Die wyse waarop inligting bekom word, is nie belangrik nie, maar wel die feit dat die maatskaplike werkers inligting en ondervinding van ander kulture moet inwin. Wanneer die maatskaplike werkers inligting oor kultuur by die kliënt inwin, moet hulle sensitief wees en die kliënt se gevoelens inag neem. Voordat die maatskaplike werkers kontak met die kliënt maak, moet hulle die volgende inag neem :

- Die maatskaplike werkers se eie inter kulturele ondervindinge en inligting waaroor hulle beskik voordat berading begin.
- Die wyse waarop maatskaplike werkers die inligting bekom. Dit kan bekom word deur boeke te bestudeer, op toere na ander lande te onderneem of deur omstandighede byvoorbeeld deur in 'n multi-kulturele omgewing op te groei of in 'n multi-kulturele skool opgevoed te word.

- Die maatskaplike werker se spesifieke kennis van die kliënt se kultuur.
- Die maatskaplike werkers moet hulle persoonlike ondervindinge van kulturele weerstand of rassisme ondersoek.
- Die maatskaplike werkers moet vasstel of die ondervindinge en inligting waaroor hulle wel beskik, tydens die intervensie verhouding gebruik kan word.

Die skrywer, D'Ardenne (1989:33) se standpunt is in bogenoemde bespreking uitgelig. Dit bespreek die voorbereiding wat maatskaplike werkers moet doen voordat maatskaplike werk intervensie kan plaasvind .

Die maatskaplike werkers kan ook gebruik maak van persoonlike en institusionele bronne ten einde inligting oor kulture te bekom. Maatskaplike werkers kan eerstens van gesinsbronne gebruik maak. Die maatskaplike werkers moet vasstel of ander lede binne die gesin waarby hulle betrokke is, van 'n ander kultuur is en of die ondervindinge van die betrokke persoon wel tot hulp sal wees tydens intervensie. Indien ander lede van die gesin waarby die maatskaplike werkers betrokke is, op toere na ander lande was, kan bepaal word of die inligting wat die persone bekom het, wel 'n bydrae tot dienslewering kan lewer.

Sosiale netwerke kan ook benut word ten einde inligting aangaande kulture te bekom. Vriende of bure van ander kulture kan genader word en inligting kan benut word in dienslewering. Gemeenskapsfasiliteite van verskillende kulturele groepe in die onmiddellike woonbuurt kan benut word ten einde inligting aangaande spesifieke kulture te bekom. Die maatskaplike werkers kan ook van godsdienstige bronne gebruik maak om inligting te bekom. Hulle eie godsdienstige oortuiginge kan benut word, maar maatskaplike werkers moet sensitief en geduldig optree teenoor persone met ander gelowe. Enige gesondheidsbron kan gebruik word byvoorbeeld waar maatskaplike werkers van sekere terapie (joga, kruie) gebruik gemaak het en dit insig by hulle ontwikkel het ten opsigte van spesifieke kulture.

Indien politieke oortuiginge die maatskaplike werkers help om geduld te beoefen en ander kulture beter te verstaan, kan hulle van politieke bronne gebruik maak. Opvoeding en opleidingsbronne kan ook van groot waarde wees ten einde inligting aangaande kulture te bekom. Die maatskaplike werkers kan hulle beroep benut deurdat die organisasie waar die maatskaplike werkers werksaam is, ten doel het om met multi-kulturele gesinne te werk.

Werkgewers kan multi-kulturele fasiliteite daarstel byvoorbeeld vertalers, kulturele inligting en biblioteke.

Indien die maatskaplike werkers die onmiddellike bronne benut het, kan hulle dan meer gespesialiseerde fasiliteite in die gemeenskap benut, naamlik:

- multi-kulturele terapie sentrums
- werkswinkels en opleiding
- rasse- en verhoudingsorganisasies
- gemeenskapsorganisasies vir etniese groepe (D'Ardenne, 1989:34-35).

Bronne om inligting oor verskillende kulture te bekom, is in elke gemeenskap beskikbaar. Dit is dus moontlik om voldoende kennis op te doen oor die spesifieke kulture waarby maatskaplike werkers betrokke is. Indien die organisasie waarby maatskaplike werkers betrokke is, nie veel belangstelling toon in opleiding oor kulture nie, kan maatskaplike werkers van gemeenskapsbronne gebruik maak.

Daar is voldoende bronne wat hulle kan benut in hulle voorbereiding om dienste aan die gesin met verskillende etniese agtergrond te lewer. Die maatskaplike werker het 'n wye keuse van bronne wat hulle kan benut.

6.2.2 Begrip en aanvaarding van kulturele verskille by gesinne

Indien maatskaplike werkers begrip toon vir ander kulture en ook ander kulture aanvaar, kan dit vertroue by die kliënt inboesem. Dienslewering word ook vergemaklik deurdat daar 'n vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en die kliënt bestaan.

Volgens Fong en Mokuau (1994:3) is maatskaplike werkers geneig om etniese groepe te "ver-amerikaans" in plaas daarvan om die verskille in kulture te verstaan en ruimte daarvoor te maak. Dit kan moontlik ook voorkom dat Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers geneig is om etniese groepe te "ver-afrikaans" of te "ver-engels" en dus is dit belangrik dat maatskaplike werkers in Suid-Afrika ruimte moet maak vir verskillende kulture. Strydom (1995:117-121) meld in sy studie dat die maatskaplike werkers in multi-kulturele werk

daarop moet let om nie diskriminerend en selfgeldend teenoor alle persone op te tree nie, maar eerder met warmte en geloofwaardigheid.

Die maatskaplike werkers moet die waardes en norme van elke kulturele sisteem verstaan, so ook van hulle eie sisteem. Maatskaplike werkers moet die verskille besef en dit aanvaar. Voordat die maatskaplike werkers nie hulle eie en ander kulture kan aanvaar nie, kan die kennis van die kulture nie geïntegreer word en effektief aangewend word nie. Volgens Devore en Schlesinger (1996:261) en Compton en Galaway (2000 :173) moet maatskaplike werkers enige diskriminasie ten opsigte van die uitgebreide gesin, huwelikstatus, godsdienstige opvattinge en kulturele waardes van die gesinne waarby hulle betrokke is, deurwerk, omrede dit tot nadeel van die kliënt kan strek en dienslewering bemoeilik kan word.

Volgens Compton en Galaway (2000:174) is dit makliker vir enige maatskaplike werker om met gesinne van dieselfde kultuur as hulle eie, te werk, omrede hulle dieselfde kulturele waardes, norme, verwagtinge en wêreldsieninge deel. Om met gesinne van ander kulture te werk, vereis aanvaarding van die gesin se waardes, norme en wêreldsieninge wat anders sal wees as die maatskaplike werkers se kulture. Dit vereis respek vir die kliënt se kultuur en die rol wat kultuur gespeel het in die kliënt se ontwikkeling. Dit vereis dat die maatskaplike werkers sal glo dat geen kultuur beter of superior is aan enige ander nie, maar dat elkeen verskillend is. 'n Belangrike aspek wat die maatskaplike werker moet verstaan, omrede kliënte van ander kulture moontlik meer sensitief sal wees vir die maatskaplike werker se gesindheid, is hulle respek vir die ander kultuur. Kliënte fokus op die gesindheid van maatskaplike werkers veral in lande waar diskriminasie en rassisme voorkom. Indien daar enige diskriminasie of min respek vir ander kulture by die maatskaplike werkers voorkom nie, kan kliënte die negatiewe gesindheid ervaar en die intervensie proses kan daardeur benadeel word.

Lee (1999:22-23) huldig dieselfde standpunt as Compton en Galaway (1994 en 2000) en meld dat die enigste manier waarop maatskaplike werkers kulturele verskille by kliënte kan verstaan, is deur kultureel sensitief te wees. McGill (1992:339) meld verder dat die maatskaplike werkers die teenwoordigheid van die verskille binne die multi-kulturele gesin, die verskille tussen die gesin en die maatskaplike werkers en die verskille tussen die gesin en die groter samelewing sisteem as 'n geleentheid moet beskou en nie 'n probleem nie. Ten

einde kultuur diverse dienste effektief te lewer, is die volgende van belang : “To practice relevant social work in a multi cultural setting, professionals must learn to understand the customs, codes of behaviour and value systems of the people they work with.” Die erkenning van kulturele verskille by gesinne van diverse kulture bepaal nie die individualiteit van mense nie, maar dit verbreed eerder onderlinge begrip (Strydom. 1995:93).

Harrison (1992:6-7) meld dat begrip vir demografiese kenmerke, tradisies en waardes van die verskillende kulturele groepe belangrik is vir maatskaplike werkers om effektiewe intervensie met gesinne van diverse agtergronde te lewer. Die kliëntsisteem moet geëvalueer word ten einde die mees effektiefste intervensie modelle te bepaal.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die maatskaplike werkers hulle eie kultuur en ook die kultuur van hulle kliënte moet verstaan en respekteer ten einde ‘n vertrouensverhouding op te bou. Maatskaplike werkers moet die verskille in kulturele waardes en norme kan aanvaar. Indien die maatskaplike werkers ‘n negatiewe gesindheid openbaar, sal dit dienslewering bemoeilik.

6.2.3 Kennis van kulture

Maatskaplike werkers moet hulself vergewis van die nodige kennis van elke kultuur waarby hulle betrokke is. Volgens Compton en Galaway (1994 :174) moet maatskaplike werkers oor die kultuurgrense kan werk wanneer hulle met gesinne van ‘n minderheidsgroep werk. Maatskaplike werkers moet hulle kapasiteit ontwikkel om met beide meerderheids- en minderheidskulture in interaksie te tree. Ten einde hulpvolle, doelgerigte verhoudinge oor rasse - en etniese groepe te ontwikkel, moet maatskaplike werkers na beide kontinue kan beweeg en in interaksie kan tree binne die kulturele konteks wat vir die kliënt of gesin waardevol is. Indien die maatskaplike werkers nie oor kennis van die waardes , norme en verwagtinge van die kultuur van die gesin beskik nie, sal hulle nie die kliënt se doelstellings of die grense/struikelblokke wat stremming veroorsaak, verstaan nie.

Compton en Galaway (1994:166) meld dat die volgende aspekte belangrik is in die hantering van kulturele probleme tydens die voorbereiding :

- die maatskaplike werkers moet waarde gee aan diversiteit

- die maatskaplike werkers moet bewus wees van hulle eie kultuur en hoe om hulle oortuiginge en gedrag te vorm, hulle persoonlike en professionele gedrag
- die maatskaplike werkers moet verskille erken en die dinamiek van verskille verstaan
- die maatskaplike werkers moet kulturele kennis bekom
- die maatskaplike werkers moet gewoond raak aan diversiteit van kulture

Verder meld Compton en Galaway (1994:167) dat die maatskaplike werkers hulle maatskaplike onvermoë moet erken. Die maatskaplike werkers moet erken dat hulle nie voldoende ingelig is oor groepe, minderheids- en meerderheids-groepe nie. Die maatskaplike werkers kan nie geblameer word vir onvoldoende of verkeerde inligting nie, maar hulle is verantwoordelik om die inligting aan te vul en te korrigeer. Maatskaplike werkers kan inligting bekom oor verskillende groepe en sal nie neersien op mense as gevolg van hulle ervarings nie.

Volgens Hines (1992:337) moet die maatskaplike werkers kennis dra van die etniese konteks van hulle kliënte anders kan maatskaplike werkers verkeerde besluite maak en oneffektiewe intervensies kan geïnisieer word. Indien maatskaplike werkers nie voorbereid en ingelig is oor die gesin se kulturele agtergrond nie, kan die maatskaplike werkers 'n gesinpatroon wat onbekend is by hulle, as abnormaal assesser, terwyl die gedrag aanvaarbaar is binne die gesin se etniese groep. Die misleide maatskaplike werker kan moontlik ontoepasbare intervensie metodes aanwend as gevolg van haar verkeerde oordeelsvermoë van 'n gedragpatroon of gesinsinteraksie wyse. Die maatskaplike werkers se oordeelsvermoë is 'n gevolg van hulle agtergrond. Na aanleiding van die maatskaplike werker se oordeel dat 'n verandering in gedrag nodig is, mag die normale waardes, houdings en ekpressiewe styl toon wat die gesin se kulturele agtergrond is. Daarom is dit belangrik dat die maatskaplike werkers meer kultureel geletterd moet wees en oor die vermoë moet beskik om kulturele intervensie te hanteer. Die maatskaplike werker moet meer bewus wees van die kulturele agtergrond van die gesin voordat intervensie prosedures onderneem word. Dit is egter onmoontlik vir die maatskaplike werker om elke etniese groep se kultuur ten volle te verstaan, maar dit is tog belangrik dat die maatskaplike werker 'n groter belangstelling sal toon in gesinne se kulture aan wie hulle dienste moet lewer en dus 'n self-studie moet doen voordat intervensie begin. Die maatskaplike werker kan moontlik 'n sensitiwiteit vir kulturele verskille toon, maar tog is daar die gevaar dat hulle hul kennis van die een kultuur wil

gebruik by ander kulture deurdad hulle verwag dat elke kulturele groep homogenies is en dus kan hulle teenoor 'n sekere gesin optree asof hulle 'n kulturele prototipe is.

Galdenberg en Galdenberg (1998:291-292) stel voor dat maatskaplike werkers self verder navorsing moet doen oor die spesifieke kulture en etniese groepe waarmee hulle werk. Hierdie aspek is belangrik vir elke maatskaplike werker, omrede kulture so uiteenlopend is en omdat dit onmoontlik is vir die maatskaplike werkers om hulle kennis van een kulture op 'n ander kulture toe te pas.

Indien die maatskaplike werkers bewus is van die kulturele diversiteit, sal hulle ook 'n breër uitkyk he op faktore soos armoede, diskriminasie, rassisme en onderdrukking wat by die etniese groepe mag voorkom. Bogenoemde gesindheid by maatskaplike werkers kan bydra tot meer suksesvolle intervensie by gesinne met verskillende etniese agtergrond. (Galdenberg en Galdenberg, 1998:293)

Greene, Jensen en Jones (1996:179) dui daarop dat dit egter onmoontlik is om kennis te dra van elke kulture. Lee (1999:21) huldig 'n soortgelyke standpunt en meld dat dit onmoontlik is vir elke maatskaplike werker om 'n kenner van elke kulture te wees. Wat die saak verder kompliseer is die feit dat daar so 'n diversiteit binne elke groep bestaan. Dit bly steeds 'n uitdaging vir elke maatskaplike werker om effektiewe dienste te lewer binne elke etniese groep. Volgens Forte (1999:52) moet maatskaplike werkers ander se kulture leer deur hulle woorde en uitdrukkings te bestudeer. Becker en Lewis (1992:14-21) is ook oortuig daarvan dat kennis van verskillende kulture en geloofsisteme nodig is ten einde professionele effektiwiteit te verseker. D'Ardenne (1989:31) huldig dieselfde standpunt as voorafgaande skrywers en noem dat die maatskaplike werkers oor kulturele kennis moet beskik wanneer hulle transkulturele intervensie doen.

Dit is egter onmoontlik vir maatskaplike werkers om oor kennis van alle kulture te beskik. Daarom kan maatskaplike werkers slegs kennis van verskillende kulture waarby hulle betrokke is, bekom.

6.2.4 Persoonlike etnisiteit

Volgens Greene, Jensen en Jones (1996:173) is dit belangrik vir die maatskaplike werkers om positief te voel oor hulle eie etnisiteit en kulturele identiteit. Die maatskaplike werkers moet ook op hulle gemak wees om met gesinne van verskillende etniese agtergrond te werk. Hulle behoort meer op hulle gemak te wees indien hulle kennis van die kliënt se kultuur dra. Jonker (2000:225-226) meld dat kulturele self-bewustheid belangrik is, omrede dit help om verdraaide persepsies van 'n spesifieke groep te voorkom wat weer op sy beurt help om effektiewe kruis-kulturele kommunikasie en diensverskaffing te promoveer. Pinderhughes (1989:19) meld dat die maatskaplike werkers seker en positief moet wees ten opsigte van hulle eie kulturele identiteit, en dan sal hulle in staat wees om beter hulp te verleen aan kliënte. Die maatskaplike werkers moet kulturele sensitiwiteit ontwikkel wat gekenmerk word deur buigbaarheid, oopheid, warmte en empatie. Maatskaplike werkers moet ook 'n gewilligheid om by ander te leer, toon. Pinderhughes (1989:40) meld dat maatskaplike werkers wat waarde aan hulle etnisiteit heg, in 'n beter posisie is om waarde aan hulle kliënte se etnisiteit te heg. Hulle sal ook meer gereed wees om hulle kliënte te help om hulself as waardevol te beskou en om etniese identiteit te benut om hulle selfbeeld te bou.

D'Ardenne (1989:31) meld dat dit dikwels gebeur dat maatskaplike werkers nie hulle kliënt se kultuur in ag neem tydens berading nie en dus ook van hulle eie kultuur vergeet. Indien die maatskaplike werkers hulle eie kultuur ken en ook die kliënt se kultuur leer ken, sal hulle in staat wees om meer bevredigende dienste te lewer. Kulturele kennis is van geen waarde indien maatskaplike werkers nie eers hulle eie houding en verwagtinge ondersoek nie. Gesindheid is moeilik om te verander en maatskaplike werkers is nie verskillend van ander mense in die opsig om hulle eie rassisme of kulturele vooropstellings te erken nie. Elke maatskaplike werker het 'n verwagting en houding van hulle eie kultuur wat gebaseer is op eie geskiedenis.

Daar is sekere praktiese aspekte wat enige maatskaplike werker in ag moet neem :

- hoe die maatskaplike werkers se kulturele en rasse agtergrond hulle gesindheid teenoor hulle kliënte beïnvloed

- hoe die maatskaplike werker die kliënt se kultuur of ras ervaar byvoorbeeld as 'n oorsaak vir die huidige probleem
- hoe die maatskaplike werker die kliënt se kultuur ervaar byvoorbeeld as deel van die oplossing van die huidige probleem
- hoe die maatskaplike werker die kliënt se kultuur aanvaar en verstaan
- hoe die maatskaplike werker verwagtinge van die kliënt se kultuur daarstel wat moontlik die intervensie kan affekteer
- hoe die maatskaplike werker se kulturele vooropstellings die intervensie verhouding mag beïnvloed
- hoe die maatskaplike werker enige kulturele vooropstellings of rassisme ervaar, wat die verhouding mag beïnvloed (D'Ardenne, 1989:36-37).

Die maatskaplike werkers se gesindheid teenoor die kliënt se kultuur moet positief wees. Geen ruimte moet gemaak word vir diskriminasie nie. Diskriminasie mag die maatskaplike werker/kliënt verhouding negatief beïnvloed.

Die maatskaplike werker se gesindheid ten opsigte van kulturele verskille is ook belangrik. Verskille in kultuur wat mag voorkom, is die moontlike teenwoordigheid van gebeure in die verlede en die toekoms wat verskil van kultuur tot kultuur, die belangrikheid van tradisionele waardes, die verskillende verantwoordelikhede teenoor alle lede van die gesin, die gebruik van rasonele denke in plaas van bygelowe ten einde gebeurtenisse te verstaan en die verskillende rolle van vroue in die verskillende kulture. (D'Ardenne, 1989:38) Maatskaplike werkers moet kennis dra van bogenoemde kulturele verskille wat voorkom in verskillende kulture.

Dit is duidelik uit die bespreking dat die maatskaplike werkers eers hulle eie kultuur moet verstaan, want dan sal sy beter in staat wees om haar kliënte se kultuur te verstaan en te aanvaar.

6.3 TERSAAKLIKE KULTURELE ASPEKTE VAN DIE GESIN WAT IN AG GENEEM MOET WORD

Ten einde gesinne van diverse kulture te verstaan, is dit belangrik om die waardes, opvoedkundige standaard en klas, gesinsgedrag en gesinsrolle te verstaan.

6.3.1 Waardes

Elke maatskaplike werker moet die waardes van die gesinne van diverse kulturele agtergronde bepaal. Dit is belangrik dat die maatskaplike werkers die siening van die kliënt rondom die gesin sal verstaan, byvoorbeeld bestaan die gesin slegs uit die man en sy vrou of is die siening van die kliënt die uitgebreide gesin wat die res van die familie insluit. Die maatskaplike werkers se hulpverlening sal moet ruimte maak vir hoe die kliënt die gesin ervaar. Volgens Hines (1992:337) moet die maatskaplike werkers die etniese waardes van die gesinne van diverse kulture verstaan. 'n Verbintenis kan moontlik beteken dat twee persone saamwoon as 'n gesin sonder 'n huweliksverbintenis. In ander kulture kan 'n verbintenis 'n verlowing en 'n troue insluit. Elke fase van verbintenis sal deur die gesin en die etniese en godsdienstige tradisies beïnvloed word. Sodra kinders gebore word, sal die etniese en godsdienstige tradisies weereens 'n groot invloed hê op die opvoeding van die kind, aangesien beide ouers se siening verskil. Gesinne raak meer betrokke by die sosiale omgewing sodra kinders adollessensie bereik. Individuele tyd van die ouers met die kinders word beïnvloed deur die toename in aktiwiteite buite die huis. Kinders wat oorgaan tot adollessensie kan spanning ervaar veral waar die ouers se sienswyses dramaties verskil as gevolg van verskillende etniese waardes (Devore en Schlesinger, 1996:263-265). Etniese waardes bepaal dus die wyse waarop die man en vrou aan mekaar verbind is, dit bepaal ook die opvoeding van die kind en die tieners se verhouding met hulle ouers.

Jonker (2000:225-226) se standpunt is eenders as Lee (1999) en Devore en Schlesinger (1996) ten opsigte van die verskille in waarde wat by verskillende kulture geïdentifiseer moet word, omdat dit kulturele misverstande sal verminder. Strydom (1995:117-121) bespreek ook die belangrike aspek om sensitief bewus te wees van persoonlike waardes en ander persone se waardes te erken en te aanvaar. Die skrywers is dit een dat maatskaplike

werkers die kulturele waardes van hulle kliënte sal verstaan en aanvaar, ten einde intervensie te vergemaklik.

6.3.2 Standaard en klas

Galdenberg en Galdenberg (1998:289-290) meld dat die maatskaplike werker aspekte soos opvoedkundige standaard, sosiale klas, godsdiens en die aanpassing binne die kultuur van gesinne met diverse agtergronde in ag moet neem omdat dit 'n belangrike rol speel in die gesin se funksionering. Elke maatskaplike werker moet 'n oop gesindheid ten opsigte van kulturele verskeidenheid toon. Wanneer 'n maatskaplike werker met 'n etniese groep werk wat in die minderheid is, kan sy byvoorbeeld nie die Westerse middel klas gesin se standarde gebruik en van toepassing maak op die etniese groep nie. Dit weerspieël etniese onsensitiwiteit en sal lei tot oneffektiwiteit in dienslewering (Galdenberg en Galdenberg, 1998:294).

Elke kultuur het 'n sekere standaard en klas en dit is belangrik dat die maatskaplike werkers dit bestudeer ten einde hulle dienslewering meer effektief toe te pas.

6.3.3 Gesinsgedrag

Galdenberg en Galdenberg (1998:291-292) meld dat maatskaplike werkers die kulturele konteks waarbinne gedrag voorkom, in ag moet neem. 'n Bewustheid van die kulturele norme, en patrone wat aanvaarbaar is in die kultuur is ook belangrik. Maatskaplike werkers moet sensitief wees vir die kulturele waardes en tradisies van hulle kliënte. Sodoende ontwikkel maatskaplike werkers respek vir die gesin se etniese identiteit. Maatskaplike werkers is in staat om gedragsnorme en gedragspatrone van die gesinne met verskillende etniese diversiteit met sorg te hanteer.

Galdenberg en Galdenberg (1998:329) verduidelik dat kennis van die gesin se kulturele agtergrond die maatskaplike werkers help om die gedragspatrone en die gesinsverhoudings te verstaan. Maatskaplike werkers moet die realiteite van die verskillende kulture van die swart Suid-Afrikaners se lewe in hulle gemeenskappe in ag neem ten einde die kultuur se

ontwikkeling in verhouding met rasse diskriminasie en bevoordeling ten volle te verstaan. Yamashiro (1997:182-183) meld dat dit belangrik is wanneer met verskillende kulture gewerk word, dat die norme en waardes wat gedrag bepaal deur die maatskaplike werker verstaan moet word. Faktore wat die persoonlikheid vorm begin reeds by geboorte en pogings om die persoonlikheidstrekke te verander, beteken dat jare van leer en kondisionering uitgewis moet word. Maatskaplike werkers wat betrokke is by gesinne van verskillende etniese agtergrond moet 'n klimaat van familiariteit skep wat sal bydra tot beter voorbereiding om die gedrag by verskillende etniese gesinne te verstaan.

Volgens 'n studie gedoen deur Becker en Lewis (1992:14-21) is dit belangrik dat maatskaplike werkers kulturele verskille in gedrag van gesinne met diverse agtergronde in ag moet neem. Strydom (1995:117-121) meld dat die individu se gedrag verstaan en geïnterpreteer moet word. Sy standpunt is dat mense meer eenders is as wat hulle verskillend is. Elke individu se gedrag word deur sy/haar kultuur beïnvloed en is dus verskillend van ander individue in ander kulture.

Elke gesin se gedrag word bepaal deur hulle waardes en norme. Dit is belangrik dat die maatskaplike werkers dus 'n studie doen van die gesinne met etniese diversiteit se waardes ten einde hulle gedrag en optrede te verstaan en nie die gesinne se gedrag verkeerd te beoordeel nie.

6.4 DIE MAATSKAPLIKE WERKER/GESIN VERHOUDING

Die doel van die verhouding tussen die maatskaplike werkers en die kliënt of gesin is om die gesin by te staan om die mense te word wat hulle graag wil wees. Die maatskaplike werker moet die gesin ook help om take te verrig wat hulself gekies het om te doen ten einde sekere struikelblokke uit die weg te ruim. Verder behoort maatskaplike werkers gesinne te help om spanningsituasies wat voorkom, meer effektief te hanteer. Deurdat die maatskaplike werker gebruik maak van empatie, word die gesinslede gemotiveer om hulle gevoelens, ondervindinge en sieninge te deel. Empatie is 'n belangrike tegniek wat gebruik kan word in die maatskaplike werker se verhouding met die gesin van etniese diversiteit. Brûe word

gebou met verskillende kulturele deurdadige maatskaplike werkers empaties optree. (Galdenberg en Galdenberg, 1998:292)

6.5 KOMMUNIKASIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE ETNIESE AGTERGRONDE

Devore en Schlesinger (1996:269) sê dat maatskaplike werkers kennis moet dra van die kulturele probleme wanneer probleem identifisering gedoen word. Hulle moet bewus wees van sosiale, kulturele en omgewings aspekte van die individu en die gesin se lewe, byvoorbeeld kommunikasie kan 'n probleem wees. Indien taal verskil binne die gesin, kan kommunikasie 'n ernstige probleem wees.

Die wyse waarop maatskaplike werkers berading doen en in die algemeen met die gesinne kommunikeer, word gedoen vanuit hulle professionele kennis en ook deur hulle eie kulturele filters – hulle waardes, gewoontes, houdings, godsdienstige oortuiginge en veral hulle siening van normale gedrag wat oorsprong vind in die maatskaplike werker se kulturele agtergrond. Dit is dus belangrik om te weet dat die kommunikasie style binne elke kultuur verskil (Galdenberg en Galdenberg, 1998:291-292).

Dit is belangrik dat die maatskaplike werkers oor kennis en 'n bepaalde houding sal beskik ten opsigte van kultuurverskille en kultuurooreenkomste ten einde vaardigheid te kan ontwikkel in multi-kulturele kommunikasie. Elke maatskaplike werker moet ook die begrip, kultuur verstaan (Strydom, 1995:117-121). Dit kan bydra tot beter kommunikasie.

Compton en Galaway (1994:177-178) meld dat daar 'n koste verbonde is aan kommunikasie oor kultuur verskille. Maatskaplike werkers moet poog om die koste te minimiseer. Emosies tydens kommunikasie moet ook inag geneem word, omdat kulturele verskillende uitdrukkinge gee aan emosies. Sommige maatskaplike werkers kan emosies sien as 'n probleem tydens intervensie of dit kan 'n positiewe bydrae lewer tot die kennis van die gesinslede deurdadige hulle betrokke raak by intervensie.

Indien die taal van die egpaar van mekaar verskil, kan ernstige kommunikasie probleme ontstaan, indien die egpaar nie goed tweetalig is nie, byvoorbeeld 'n Xhosa - en 'n

Engelssprekende. Maatskaplike werkers sal tydens dienslewering aan bogenoemde egpaar as tussenganger moet optree ten einde bedoelings aan mekaar te verduidelik. Bogenoemde egpaar sal meer stres in hulle huweliksverhouding ervaar, veral ten opsigte van kommunikasie.

6.6 DIE TAAK EN DIENSLEWERING VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Congress (1994 :538) som die taak van die maatskaplike werker as volg op:

Maatskaplike werkers moet die ingewikkeldheid van elke kultuur en die effek daarvan op elke gesin besef. Gesinne moet deur die maatskaplike werkers geïndividualiseer word. Veralgemening moet nie gemaak word nie. Maatskaplike werkers moet sensitief wees vir daaglikse ondervindinge van kulturele diverse gesinne. Maatskaplike werkers moet verskillende toepassings van benaderings, modelle en teorieë met gesinslede gebruik. Maatskaplike werkers kan die gesin betrek ten einde die kulturele agtergrond van die gesin te verstaan en maatskaplike werkers moet spesifieke metodes van intervensie ontdek wat geskik sal wees vir die spesifieke gesinne met diverse kulture.

Volgens Oriti (1996:580) is die volgende aspekte belangrik wanneer dienste gelewer word aan gesinne met diverse etniese agtergrond: 1) Elke maatskaplike werker moet haar eie kennis en siening oor ras en etnisiteit ondersoek en vasstel wat dit vir haar beteken. 2) Elke maatskaplike werker moet oop wees vir persone met verskillende politieke posisies waar dit handel oor ras of etniese aspekte. 3) Elke maatskaplike werker moet onthou dat onsigbaarheid 'n sentrale komponent is van onderdrukkende praktyke. Wanneer persone 'n spesifieke aspek van hulle identiteit promoveer, maak hulle ander dimensies van hulself en hulle gemeenskap minder sigbaar. 4) Elke maatskaplike werker moet persone help om te besef dat ras/etniese gemengde groepe se konflik oor identiteit 'n reaksie is op die politieke hierargie en onderdrukking van sy kultuur. 5) Elke maatskaplike werker moet kennis dra dat etniese gemengde groepe die minste sigbare minderheidsgroepe is. Ondervindinge wat hulle het, kan sigbaarheid en politieke mag teweeg bring. 6) Elke maatskaplike werker moet multi-kulturele gesinne help om hulle tradisies, rituele, politieke aspirasies meer bekend te stel. 7) Elke maatskaplike werker moet geduldig wees en nie moed verloor om gesinne met

diverse kulture te help nie. Dit kan 'n tyd neem voordat onderdrukking wat deur etniese en kulturele dimensies veroorsaak word, die patrone van denke en gedrag kan determineer.

Oriti (1996:580) is meer ingestel op dienslewering deur die maatskaplike werkers waar politiek 'n effek het op etniese groepe, terwyl Congress (1994:538) meer algemene dienslewering daarstel. Die keuse van dienslewering, hang af van elke maatskaplike werker se kliëntsisteem.

Pinderhughes (1997:20) het die volgende ses spesifieke elemente geïdentifiseer ten einde maatskaplike werk hulp te verleen aan gesinne van diverse etniese kulture :

- Maatskaplike werkers moet kennis dra van die waardes, gelowe en kulturele praktyke van spesifieke kliënte.
- Maatskaplike werkers moet oor die vermoë beskik om die waardes van alle kliënte te waardeer en te respekteer.
- Maatskaplike werkers moet oor die vermoë beskik om verskille in andere met gemak te hanteer en dus nieangs toe te laat waar verskillende gedrag voorkom nie.
- Maatskaplike werkers moet oor die vermoë beskik om eie valse geloof, of vooropgestelde idees raak te sien en te verander.
- Maatskaplike werkers moet oor die vermoë beskik om hulle denke aan te pas en te besef dat hulle eie denke en optrede nie die enigste manier is nie.
- Maatskaplike werkers moet oor die vermoë beskik om aanpasbaar op te tree. Die maatskaplike werker moet gereed wees om ekstra stappe te neem, wat nodig mag wees, om algemene kennis oor 'n kulturele groep te bekom, en om spesifieke wyses om kennis toe te pas of nie toe te pas nie, raak te sien. Die stappe het ekstra tyd, krag en energie nodig.

Indien maatskaplike werkers bogenoemde elemente kan toepas, sal dit hulle deeglik voorberei om effektiewe intervensie aan gesinne met diverse kulture te bied.

Jonker (2000:225-226) net soos D'Ardenne (1989) maak 'n opsomming van belangrike waardevolle elemente wat nodig is ten einde suksesvolle dienste aan kulturele groepe te verleen. Dit is belangrik dat die maatskaplike werkers verskille tussen kulture sal besef. Dit is dus nodig om van ander kulture en oor ander kulture te leer. D'Ardenne (1989:18) voeg verder by dat dit vir enige maatskaplike werker belangrik is tydens dienslewering om vas te stel watter inligting in verband met die kliënt se kulturele ondervindinge en kennis nodig is.

Die wyse waarop die kliënt sy kulturele kennis opgedoen het, is belangrik, naamlik deur in die kultuur te leef, deur opvoeding, deur persoonlike verhoudings, deur rond te reis, en deur boeke, televisie of films. Die kliënt se gevoel oor die maatskaplike werker se kultuur moet ook bespreek word en die kliënt moet besluit of die maatskaplike werker se kultuur moontlike dienslewering negatief of positief kan beïnvloed. Die kliënt kan ook ervaar dat die maatskaplike werker nie oor die vermoë beskik om met verskillende kulture te werk nie.

Strydom (1995:117-121) het meer 'n algemene standpunt ten opsigte van maatskaplike werk dienslewering aan gesinne met diverse kulture en meld dat elke individu in staat gestel moet word om hulle eie potensiaal te bereik deurdat beskikbare hulpbronne gebruik word. Die gemeenskap moet ook aangemoedig word om voorsiening te maak vir die bevrediging van die basiese behoeftes van alle mense. Elke individu moet aangespoor word om sover moontlik tot sy eie en die gemeenskap se welsyn 'n bydrae te lewer. Sensitiewe probleem areas binne 'n kulturele gemeenskap moet uitgekien word ten einde konflik situasies te identifiseer en te verhoed. Maatskaplike werkers moet na relevante kennis en toepaslike dienslewering vir spesifieke kliënte streef.

McGill (1992:340) maak gebruik van kulturele verhale ten einde kennis op te doen van die kulturele gesinne van diverse kulture. Die maatskaplike werker kan die ingewikkeldheid van die gesin se verhaal binne konteks met die samelewing se verhale aanhoor op 'n manier wat die verhaal oor die alledaagse gesinslewe sal vereenvoudig. Die kulturele verhaal verwys na die etniese of kulturele gesinne se oorsprong, migrasie en identiteit. Die verhaal word gebruik om vas te stel waar die gesin se voorvaders vandaan kom, wat se tipe mense hulle was, en wie die huidige gesinslede is, watter gebeurtenisse 'n belangrike rol in die lewe van die gesin gespeel het, watter ondervindinge die gesin gehad het en watter lesse die gesin deur die ondervindinge geleer het. Op die etniese vlak, vertel die kulturele verhaal die groep se kollektiewe verhaal, naamlik hoe die lewe hanteer moet word en hoe pyn en probleme hanteer moet word. Die tegniek kan maatskaplike werkers help om kennis op te doen van die kultuur en moontlik meer diepte te bereik in gesprekvoering, omrede die verhaal wat vertel word, 'n atmosfeer van gemak skep.

Compton en Galaway (1994:170) het 'n studie gedoen ten opsigte van die inboorlinge van Amerikaanse gesinne en meld dat indien dienste van die maatskaplike werker verlang sou word, dit belangrik is vir die maatskaplike werker om kennis te dra dat hulle tradisionele rol

van manipulerende tussenganger onder beheer uitgevoer moet word, sodat die gesinslede hulle eie probleme kan hanteer teen hulle eie pas, omdat die Amerikaanse inboorling gesinne tradisioneel nie van inmenging hou nie. Die maatskaplike werker moet ook respek hê vir 'n moontlike gesindheid van teenkating van die gesin. Die inligting rondom die Amerikaanse inboorling gesinne is van groot belang vir maatskaplike werkers. Indien maatskaplike werkers bewus is van die feit dat die Amerikaanse inboorlinge nie van inmenging hou nie, sal maatskaplike werkers tegnieke benut om die gesinne se guns te wen en dus nie aanstoot te gee nie.

D'Ardenne (1989:19-20) meld in haar studie met gesinne van verskillende kulture dat dit belangrik is vir die maatskaplike werker om die volgende voorbereiding noodsaaklik is om die gesin te verstaan. Eerstens is dit noodsaaklik om kennis te dra van die kulture wat betrokke is in die huweliksverhouding. Die maatskaplike werkers kan ook vasstel indien enige van die partye betrokke in die huwelik as 'n hulpverleningsbron benut kan word.

Die maatskaplike werkers kan inligting bekom in verband met die res van die gesinslede byvoorbeeld waar hulle woonagtig is. Die gesinslede kan moontlik as hulpverleningsbronne benut word. Dit is belangrik om vas te stel of die gesin gereeld in kontak is met die gesinslede en die wyse van kontak byvoorbeeld persoonlike kontak, telefoniese kontak of deur briefwisseling. Hierdie kennis kan ingewin word tydens die voorbereidings- en die kontakfase. Die inligting is noodsaaklik veral waar gesinne geïmmigreer het na 'n ander land. Kennis van ander gesinslede is noodsaaklik omdat hulle kan dien as hulpverleningsbronne.

Ten opsigte van maatskaplike werk dienslewering is dit belangrik dat die maatskaplike werker vasstel of daar persone van dieselfde kulture naby die betrokke gesin woon. Die maatskaplike werker kan ook vasstel of die kliënte toegang tot groepe van hulle kulture het. Inligting rakende die gesinne van diverse kulture kan ook moontlik van die gesin se vriende wat van dieselfde kultuur is, bekom word. Dit is egter noodsaaklik vir elke maatskaplike werker om voldoende kennis in te win aangaande die kultuur. Hulle kan van verskeie metodes gebruik maak, byvoorbeeld die kulturele verhaal of van bronne in die gemeenskap.

6.7 PROFESSIONELE VERMOË VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Volgens D'Ardenne (1989:6) moet maatskaplike werkers sensitief wees vir kulturele variasies, hulle moet oor kulturele kennis van hulle kliënte beskik, hulle moet oor die vermoë beskik om 'n benadering te ontwikkel wat die kulturele behoeftes van hulle kliënte reflekteer en hulle moet oor die vermoë beskik om toenemende kompleksiteit te hanteer wanneer daar met verskillende kulture gewerk word.

'n Belangrike aspek wat D'Ardenne (1989:40) uitlig is die professionele vermoëns waarvoor maatskaplike werkers moet beskik om dienslewering te vergemaklik aan gesinne met diverse kulturele agtergronde. Dit sal in figuur 6.1 aangebied word.



Figuur 6.1 Professionele vermoëns van die maatskaplike werkers

Ten einde effektiewe intervensie aan gesinne van diverse kulture te lewer, is dit belangrik dat die maatskaplike werker oor vermoëns moet beskik wat andersins nie noodsaaklik is nie. Hierdie vermoëns kan slegs deur praktykopleiding en ondervinding aangeleer word. Hoe meer ondervinding die maatskaplike werkers kry deur dienslewering aan gesinne van diverse kulturele agtergronde, hoe makliker sal dit wees om effektiewe intervensie te lewer.

6.8 STATUS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Alle maatskaplike werkers geniet 'n posisie van mag. In 'n transkulturele situasie, word die posisie gekompliseerd deur die siening van mag en status soos gesien word deur die verskillende kulture. Waar die maatskaplike werker 'n meerderheidskultuur verteenwoordig en die kliënt of gesin van 'n minderheidskultuur, sal die maatskaplike werker oor meer professionele en kulturele mag beskik. Die maatskaplike werker sal gesien word as die een met meer status en kennis as die gesin of kliënt. Volgens D'Ardenne (1989:41-42) is die volgende aspekte belangrik wanneer die statusposisie van die maatskaplike werker bespreek word. Die kliënt se siening ten opsigte van die maatskaplike werker se kulturele en rasse status. Die geslag van die maatskaplike werker kan hulle status verhoog of verminder volgens die kliënt se kultuur. Die ouderdom van die maatskaplike werkers is ook belangrik. Die kliënt kan ervaar dat die maatskaplike werker te jonk of te oud is volgens die kliënt se kultuur. Die maatskaplike werker se sosiale en ekonomiese omstandighede kan ook haar status beïnvloed by die kliënt. Indien materiële besittings belangrik is vir die kliënt binne hulle kultuur, sou dit ook belangrik wees dat die maatskaplike werkers finansieel voorspoedig moet wees. Die siening van die rol van die maatskaplike werker volgens die kliënt, kan ook hulle status verhoog of verminder. D'Ardenne bespreek dus die kliënt se siening volgens hulle kultuur van die maatskaplike werkers. Dit is belangrik in die maatskaplike werk/kliënt verhouding.

Volgens D'Ardenne (1989) en ander skrywers (Lee, 1999) (Greene, Jensen en Jones, 1996) is dit nie nodig dat die maatskaplike werkers alles omtrent elke kultuur moet weet nie. Wat wel belangrik is, is die keuses wat die maatskaplike werker deurentyd maak oor die benadering wat benut sal word ten opsigte van verskillende kulture. Dit vereis 'n nuwe manier van dink oor die benadering wat benut kan word ten opsigte van verskillende kulture. Die maatskaplike werker moet hulle vermoëns van elke nuwe kliënt ontwikkel, maak nie saak

van watter kulturele oorsprong hulle is nie. Deurdad die maatskaplike werkers hulle vermoëns ontwikkel, stel hulle hulself in staat om effektiewe dienste aan alle kultuurgroepe te lewer. Die maatskaplike werkers kan dus self besluit om hulle inligting en ondervinding van verskillende kulture te verbreed. Hulle kan ook besluit om hulle vermoëns ten opsigte van die hantering van gesinne met diverse kulture, te ontwikkel. Hulle kan besluit om hulle persoonlike en institusionele bronne te benut, byvoorbeeld deur vriende te kontak wat van 'n spesifieke kulturele agtergrond is, ten einde insig te ontwikkel. Hulle kan self besluit om hulle houdings en verwagtinge te verander. Hulle kan besluit om hulle status met hulle kliënte te ondersoek. Die maatskaplike werkers kan besluit om hulle kollegas se kennis van kulturele en transkulturele sake te verbreed. Die maatskaplike werkers het dus heelwat vryheid tot besluitnemings. Volgens D'Ardenne (1989:42-43) moet maatskaplike werkers ook die volgende besluite maak, wanneer hulle dienste lewer aan 'n spesifieke kliënt van 'n ander kultuur of kulture. Die besluite sal in Figuur 6.2 uiteengesit word.



Figuur 6.2 Besluite wat maatskaplike werkers moet neem tydens dienslewering

Maatskaplike werkers het die vermoë om hulself voor te berei om kliënte van verskillende kulture te beraad, indien hulle organisasies nie opleiding bied nie. Motiewe van maatskaplike werkers om betrokke te raak by gesinne van diverse kulture moet positief wees deurdat hulle 'n bydrae kan lewer tot hulpverlening aan gesinne van diverse kulture.

6.9 GESINSLEDE SE VERMOËNS

Volgens D'Ardenne (1989:23-24) moet die maatskaplike werker oor sekere vermoëns beskik ten einde dienste aan gesinne van diverse kulture te lewer. Die kliënt beskik ook oor sekere vermoëns. Die vermoëns kan sosiaal, intellektueel, interpersoonlik of tegnies wees. Kliënte van ander kulture bekom hulle vermoëns kruis kultureel. Indien 'n maatskaplike werker hulle kliënte moet help om in 'n nuwe kultuur te funksioneer en te leef, sal dit noodsaaklik wees om die kliënt se vermoëns te ontwikkel.

Hier volg 'n uiteensetting in figuur 6.3 van die gesin van diverse kulture se vermoëns wat in ag geneem moet word deur die maatskaplike werker tydens dienslewering.



Figuur 6.3 Die gesin se vermoëns

Dit is weereens duidelik dat die maatskaplike werkers ook die gesin en/of die kliënt se vermoëns ten opsigte van spesifieke gewoontes, taal en die uitleef van die kultuur, in ag moet neem tydens dienslewering. Indien die kliënt byvoorbeeld nie in staat is om 'n nuwe taal wat nodig mag wees binne 'n ander kultuur, aan te leer nie, kan dit tot stremming en aanpassingsprobleme lei. Maatskaplike werkers moet dus deurentyd die vermoëns van die kliënt evalueer.

6.10 SAMEVATTING

Ten einde effektiewe maatskaplike werk intervensie te bied, is dit die taak van elke maatskaplike werker om eerstens hulle gesindheid positief in te stel teenoor die gesin met verskillende etniese agtergrond. Hulle moet oor voldoende kennis van die spesifieke kulture waarby hulle betrokke is, beskik. Kennis aangaande die waardes van die gesin wat hulle gedrag bepaal, die bepaling van die gesin se identiteit, die gesinsrolle en die gesinslede se vermoëns moet bekom word ten einde maatskaplike werk intervensie te vergemaklik. Dit sal maatskaplike werkers in staat stel om die gesin as geheel te verstaan en sodoende kan hulle die regte benadering kies om te gebruik tydens intervensie.

HOOFSTUK 7

MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE KULTUUR EN AGTERGROND

7.1 INLEIDING

Soos reeds in Hoofstuk een bespreek, is daar verskillende benaderings wat maatskaplike werkers kan benut vir intervensie aan gesinne van verskillende kulturele agtergrond. Hoofstuk vier fokus dus op die algemene maatskaplike werk benaderings wat benut kan word. Hoofstuk vyf bespreek maatskaplike werk benaderings wat gebruik word met gesinne van verskillende kulturele agtergronde. Hoofstuk drie bespreek die gesinne van verskillende kulturele agtergronde, terwyl hoofstuk twee handel oor kultuur en die belangrikheid om die gesinne se kultuur in ag te neem tydens maatskaplike werk intervensie. Hoofstuk ses fokus op die maatskaplike werker se dienslewering aan gesinne van verskillende kulturele agtergronde.

Die literatuurstudie wat aangebied is in die hoofstukke, dien as agtergrond vir die empiriese studie wat handel oor die kennis en vaardighede waarvoor maatskaplike werkers beskik ten opsigte van intervensie aan gesinne van verskillende kulturele agtergronde. Vir die doeleindes van die studie is drie organisasies in die Wes-Kaap betrek naamlik die Christelike Maatskaplike Raad, FAMSA en Communicare.

Alhoewel die metode van navorsing uitvoerig in Hoofstuk een bespreek is, is dit van belang om hier te verwys na sekere aspekte. 'n Steekproef van 42 maatskaplike werkers is deur doelbewuste seleksie bepaal. Vyftien maatskaplike werkers van FAMSA is betrek by die voltooiing van die vraelyste, maar slegs 4 vraelyste is voltooi en terugbesorg. Agt maatskaplike werkers kon nie by die telefoonnommers gevind word nie, twee het getoon dat die voltooiing van die vraelys nie tot nut vir die navorsing sou wees nie, terwyl een vraelys

deurgefaks is, maar nie terugbesorg is nie. Veertien maatskaplike werkers van die Christelike Maatskaplike Raad was betrokke waarvan 12 maatskaplike werkers wel die vraelyste voltooi het, terwyl twee die vraelyste nie terugbesorg het nie. Dertien maatskaplike werkers van Communicare was betrokke, maar slegs 8 vraelyste is voltooi en terugbesorg. Dus is 42 maatskaplike werkers betrek, waarvan slegs 24 maatskaplike werkers wel betrokke was by die voltooiing van die vraelyste. Die vraelys het bestaan uit gestruktureerde, sowel as ongestruktureerde vrae.

Die gegewens uit die vraelyste is per hand verwerk en sal as volg aangebied word: Identifiserende besonderhede, gevallelading, probleme met gesinne van diverse kulture, onderrig en kennis van die maatskaplike werker, verdere opleiding, benaderings, modelle en teorieë vir intervensie, intervensie met gesinne van verskillende kulturele agtergronde, die gesindheid van die maatskaplike werker en die welsynsorganisasie.

7.2 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

Al 24 respondente wat betrek is by die studie, was vroulik. Die tydperk wat die respondente die profesie maatskaplike werk beoefen word, word in Tabel 7.1 weergegee.

Tabel 7.1 Tydperk wat profesie beoefen word

JARE DIENS	RESPONDENTE
1-4	8
5-8	5
9-12	3
13-20	6
20+	2
Totaal	24

n=24

Dit blyk uit Tabel 7.1 dat die meerderheid respondente slegs 1 tot 4 jaar in die professie maatskaplike werk werksaam is, terwyl slegs twee langer as 20 jaar werksaam is. Vyf respondente werk tussen 5 tot 8 jaar, drie respondente werk tussen 9 tot 12 jaar en ses respondente werk tussen 13 tot 20 jaar. Die afleiding kan dus gemaak word, dat die meerderheid respondente slegs beperkte ondervinding het ten opsigte van die professie maatskaplike werk. Turner (1986) beklemtoon dit dat met die kennisontploffing in die vakwetenskap van maatskaplike werk noodsaaklik is vir die maatskaplike werkers om hulle kennis en vaardighede voortdurend uit te brei. Volgens Lombard (1991) is maatskaplike werkers in die ideale posisie om as terapeute op te tree omrede hulle kennis van die gemeenskap het, met mense werk en professionele opleiding in berading het.

7.3 GEVALLELADING VAN RESPONDENTE

7.3.1 Aantal kliënte in gevallelading

Die respondente se aantal gevalle per maand is vasgestel. Die response word in Tabel 7.2 weergegee.

Tabel 7.2 Aantal kliënte in gevallelading

AANTAL KLIËNTE	RESPONDENTE
40-60	7
61-80	5
81-100	2
101+	6
TOTAAL	20

n=20

Slegs 20 respondente het op die vraag gereageer. Vier respondente het nie die vraag beantwoord nie. Dit is duidelik uit Tabel 7.2 dat sewe maatskaplike werkers 'n kleiner gevallelading het, naamlik tussen 40 tot 60 kliënte/gesinne. Tog het ses respondente

getoon dat hulle meer as 100 kliënte/gesinne het, vyf respondente toon aan dat hulle tussen 60 tot 80 kliënte/gesinne het en slegs twee respondente toon dat hulle tussen 80 tot 100 klinte/gesinne het. Die afleiding kan dus gemaak word, dat respondente met minder kliënte en/of gesinne meer effektiewe dienste kan lewer, ahangende van die tipe probleme waaroor gesinne beskik. Meer tyd kan bestee word in voorbereiding ten opsigte van kennis oor verskillende kulture waarby maatskaplike werkers betrokke is.

7.3.2 Kultuurgroepe

Hier is vasgestel hoeveel gesinne en/of kliënte van ander kulture in die respondente se gevallelading is. Slegs 22 respondente het hierdie vraag beantwoord.

Tabel 7.3 Kultuurgroepe waarby dienste gelewer word

AANTAL KLIËNTE/GESINNE	RESPONDENTE
5-10	4
11-20	5
21-30	0
31-40	0
41+	13
TOTAAL	22

n= 22

Uit die beantwoorde vraelyste blyk dit dat 13 respondente meer as 40 kliënte en/of gesinne van ander kulture as hulle eie het, terwyl 5 respondente slegs tussen 10 tot 20 kliënte/gesinne van ander kulture het en 4 respondente toon aan dat hulle tussen 5 tot 10 kliënte en/of gesinne van ander kulture as hulle eie het.

Tabel 7.3 dui aan dat 22 respondente wel by ander kulture as hulle eie betrokke is. Twee-en-twintig respondente is dus werksaam by kulture van ander oorsprong as hulle eie en hulle toon aan dat hulle meer as 40 kliënte en/of gesinne het wat van 'n ander kultuur as hulle eie is.

Volgens Jonker (2000) sal die populasie van Suid Afrika wat etnies divers is, met elke jaar toeneem. Dit wil dus voorkom of die professie, maatskaplike werk ook 'n toename toon in dienste aan gesinne van ander kulture as hulle eie. Die Suid-Afrikaanse Statistieke Diens (Bylae 2) dui aan dat immigrante na Suid-Afrika ook toeneem, veral vanaf Afrika state en China.

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van die spesifieke kultuurgroepe waarby hulle betrokke is. Tabel 7.4 dui die spesifieke kultuurgroepe aan.

Tabel 7.4 Spesifieke kultuurgroepe

KULTUURGROEPE	RESPONDENTE
Swart	14
Kleurling	21
Blank	24
Indier	4
Oosters	0

n=24

Uit Tabel 7.4 is dit duidelik dat al die respondente (24) betrokke is by Blanke kliënte en/of gesinne, 21 respondente dui aan dat hulle by Kleurling kliënte en/of gesinne betrokke is, 14 respondente dui aan dat hulle met Swart gesinne werk en slegs 4 respondente is by Indiërs betrokke. Dit is dus belangrik om te weet dat respondente by al die kulture betrokke kan wees. Uit die Tabel 7.4 is daar nog nie dienste aan enige Oosterlinge deur die spesifieke respondente gelewer nie. Indiër kliënte en/of gesinne is ook in die minderheid, maar dit kan toegeskryf word aan die feit dat die meeste Indiërs woonagtig is in Natal.

Vyf respondente toon aan dat die Swart kulture waarby hulle betrokke is, hoofsaaklik Xhosa is, een respondent is by Zulus betrokke, vyf ander respondente is by Sotho's betrokke, terwyl een respondent aandui dat sy betrokke is by Blanke kliënte vanaf Brittanje. Die meerderheid ander kulture waarby respondente dus betrokke is, is die Xhosas en Sothos. Aangesien die Wes-Kaap tradisioneel meer Kleurling inwoners het, sal hulle dus ook in die meerderheid wees wat dienslewering betref. Pinderhughes (1989) meld dat kultuur alle aspekte van elke

persoon se lewe beïnvloed. Mense se kulturele waardes en idees en hulle bewussyn, beïnvloed elke aspek van hulle lewe, sowel as wat hulle as probleme beskou, hoe hulle kommunikeer en wat hulle glo die oorsake van probleme is (Hines, 1992). Aangesien daar 'n toename in dienslewering is aan ander kulture in Suid-Afrika, is dit belangrik dat maatskaplike werkers besef hoe belangrik dit is om kennis te dra van die verskillende kulture waarby hulle betrokke is.

7.3.3 Toename in dienslewering aan gesinne van verskillende etniese agtergronde

Die respondente is versoek om aan te toon of daar wel 'n toename in dienslewering die afgelope 8 jaar (sedert Suid Afrika bekend staan as die reënboognasie) by gesinne van verskillende etniese agtergrond en kultuur is. Die response word in Tabel 7.5 weergegee.

Tabel 7.5 Toename in dienslewering

JA	NEE	ONSEKER	TOTAAL
11	5	4	20

n=20

Slegs 20 respondente het die vraag beantwoord. Elf respondente dui aan dat daar wel 'n toename is in dienslewering die afgelope agt jaar by gesinne van verskillende etniese agtergrond. Vyf respondente ervaar dat daar nie 'n toename is in dienslewering by gesinne van verskillende etniese agtergrond nie en vier respondente is onseker oor die toename of nie.

Tog kan die afleiding gemaak word dat die toename in dienslewering daarop dui dat meer respondente wel betrokke raak by kulture wat verskillend is van hulle eie en dat dit moontlik kan toeneem in die toekoms. Volgens die Suid-Afrikaanse Statistieke diens is daar 'n toename van Sotho's vanaf Lesotho en tans is maatskaplike werkers ook betrokke by dienslewering aan Sotho's. Volgens die Woordeboek vir Maatskaplike werk (1995) word kultuur beskryf as kennis, geloof, kuns, wette, gewoontes en enige ander kapasiteite wat deur 'n spesifieke groep gedeel word. In Suid-Afrika is daar soveel verskillende Swart groepe

naamlik die Xhosas, Sotho's en Zulu's en dit is duidelik uit bogenoemde definisie dat hulle van mekaar verskil in geloof, kuns en gewoontes. Ten einde effektiewe dienste te lewer aan die verskillende kultuurgroepe is dit belangrik dat kennis van elke aspek van hulle kultuur gedra moet word.

7.4 PROBLEME MET GESINNE VAN DIVERSE KULTURE

7.4.1 Die fase van die gesin

Volgens Carter (1989) sien elke kultuur die gesin anders, maar tog kan die volgende gesinne voorkom binne elke kultuur, die pas getroude paar, die gesin met jong kinders, die gesin met adollesente, die gesin met volwasse kinders en die gesin in latere lewe. Die respondente is versoek om 'n aanduiding te gee by hoeveel van die gesinne van diverse kulture en agtergrond hulle by betrokke is. Die response word in Tabel 7.6 weergegee.

Tabel 7.6 Die fase van die gesin

FASE VAN DIE GESIN	RESPONDENTE
Pas getroude paar	6
Gesin met jong kinders	21
Gesin met adollesente	19
Gesin met volwasse kinders	6
Gesin in latere lewe	5

n=24

Dit is duidelik dat 21 maatskaplike werkers betrokke is by gesinne met jong kinders, en 19 maatskaplike werkers betrokke is by gesinne met adollesente. Gesinne met adollesente kinders is ook meer intens, omrede daar nuwe waardes mag inkom. Dit is ook duidelik dat elke kultuur hulle tieners anders hanteer (Carter, 1989). Die afleiding kan dus gemaak word dat meer probleme tydens die twee fases in gesinne van diverse kulture voorkom.

Maatskaplike werkers is minder betrokke by die gesin in latere fase, die gesin met volwasse kinders en die pas getroude gesin. Volgens Carter (1989) verskil elke kultuur rondom die geboorte van die eersteling. Die opvoeding van die kind verskil ook van kultuur tot kultuur en dus is dit belangrik vir die maatskaplike werker om kennis te dra van die fase waarin die gesin verkeer en die verskille in byvoorbeeld die opvoeding van die kind. Die maatskaplike werker moet dus die gesinne evalueer in verhouding met hulle etniese agtergrond.

7.4.2 Tipe probleme

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van die mees algemene maatskaplike probleme wat voorkom by gesinne met verskillende kulturele agtergronde. Die response word in Tabel 7.7 weergegee.

Tabel 7.7 Tipe probleme

TIPE PROBLEME	RESPONDENTE
Huweliksaanpassing	10
Kinderopvoeding	16
Probleme met Tieners	15
Kultuur verwante probleme	9
Alkohol/dwelmmisbruik	17
Gesinsidentiteitsprobleme	3
Enige ander probleme	

n=24

Sewentien respondente toon aan dat dienste meestal gelewer word ten opsigte van alkohol- en dwelmmisbruik, 16 respondente meld dat dienste gelewer word ten opsigte van kinderopvoeding, 15 respondente dui aan dat dienste aan tieners gelewer word, 10 respondente meld dat hulle betrokke is by huweliksaanpassings, 9 respondente toon aan dat kultuur verwante probleme aandag geniet en slegs 3 respondente toon aan dat dienste aan gesinsidentiteitsprobleme gelewer word.

Die maatskaplike werkers meld ook ten opsigte van ander probleme dat die volgende probleme meer algemeen voorkom, naamlik swak ouerskapvaardighede en rolle (4 respondente), verkragting en prostitusie (5 respondente), gesinskonflik en gesinsgeweld (2 respondente), finansiële probleme en werkloosheid (5 respondente) en kinderverlating (1 respondent). Volgens Carter (1989) verskil kinderopvoeding van kultuur tot kultuur en daarom is dit belangrik, veral waar die respondente aandui dat kinderopvoeding 'n probleem is, om kennis te dra van die verskille in opvoeding tydens maatskaplike werk intervensie. 'n Klein persentasie respondente het aangetoon dat hulle gesinsidentiteitsprobleme ervaar, maar dit is 'n probleem wat algemeen voorkom by gesinne van diverse kulture volgens Oriti, (1996). Hy meld dat gemengde oorsprong mag 'n unieke vermoë om veelvoudige identiteite te vorm, impliseer. Gesinne van diverse kulture moet meer moeite doen ten einde hulle ras en etniese identiteit te beheer. Steven (1999) meld dat die gesin elke individu van 'n identiteit voorsien wat elke aspek van sy lewe van geboorte tot dood mag affekteer. Daar bestaan dus die moontlikheid dat maatskaplike werkers in die toekoms meer te doen sal kry met gesinsidentiteitsprobleme, indien daar 'n toename is in dienslewering aan ander kulture en ook gemengde kulture.

7.5 ONDERRIG EN KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

7.5.1 Voorgraadse opleiding

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van voorgraadse opleiding wat ontvang is as maatskaplike werker aan maatskaplike werk intervensie met gesinne van diverse kulture en agtergronde. Die response word in Tabel 7.8 weergegee.

Tabel 7.8 Voorgraadse opleiding

JA	NEE	ONSEKER
10	7	5

n=22

Slegs 22 respondente het die vraag beantwoord. Tabel 7.8 toon aan dat 10 maatskaplike werkers wel in hulle voorgraadse opleiding as maatskaplike werkers lesings ontvang het in verband met maatskaplike werk intervensie met gesinne van diverse kulture en agtergronde. Sewe respondente toon aan dat hulle nie opleiding ontvang het ten einde intervensie aan gesinne van diverse kulture te lewer nie. Die tien respondente toon aan dat hulle nie oor voldoende kennis beskik van verskillende kulture om doeltreffende intervensie aan individue en gesinne wat divers is, te bied nie. Hulle erken dus dat kennis ontbreek ten opsigte van maatskaplike werk intervensie aan gesinne van diverse kulturele agtergronde. Vyf respondente is onseker oor hulle voorgraadse opleiding.

Die maatskaplike werkers wat wel kennis ontvang het ten opsigte van maatskaplike werk intervensie met gesinne van diverse kulture, dui verder aan dat hulle hulle vaardighede kon beoefen tydens praktykopleiding. Praktykopleiding het meestal dienslewering aan ander kulture as hulle eie behels, naamlik die Kleurling kultuur.

7.5.2 Ontbrekende kennis

Indien die maatskaplike werkers nie oor kennis van die waardes, norme en verwagtinge van die kultuur van die gesin beskik nie, sal hulle nie die kliënt se doelstellings of die grense/struikelblokke wat stremming veroorsaak, verstaan nie (Compton en Galaway, 1994). Kennis ten opsigte van elke kultuur waarby maatskaplike werkers betrokke is, is belangrik.

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van kennis wat ontbreek oor dienslewering aan gesinne met diverse etniese verskille.

Die volgende kennis ontbreek by maatskaplike werkers ten einde maatskaplike werk intervensie aan gesinne van diverse kulturele agtergrond te lewer. Figuur 7.1 dui die ontbrekende kennis aan.

ONTBREKENDE KENNIS
Verskillende gelowe, maar veral Islam
Swart kulture en spesifieke gebruike in die Swart kulture. Die oorbrugging van Swart kulture, maar nie die stedelike Swarte nie. Kennis oor die leefstyl en tradisies van swart kulture.
Rolle binne gesinne van diverse kulture.
Taal van diverse gesinne.
Waardes van verskillende kulture en waarde verskille tussen die stedelike en nie-stedelike kulture.

Figuur 7.1 Ontbrekende kennis

Maatskaplike werkers besef dus dat hulle nie oor voldoende kennis beskik van die spesifieke kulture waarby hulle betrokke is nie. Hulle maak staat op praktiese ondervinding elke dag ten einde meer effektiewer dienste te lewer. Jonker (2000) en D'Ardenne (1989) is dit eens dat kennis van die verskillende kulture waarby maatskaplike werkers betrokke is, belangrik is.

7.6 VERDERE OPLEIDING

7.6.1 Tipe opleiding

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van verdere opleiding na voorgraadse opleiding in intervensie aan gesinne van verskillende etniese agtergronde.

Volgens die bevindinge het 20 maatskaplike werkers nie enige verdere opleiding ontvang in intervensie aan gesinne van verskillende etniese agtergrond nie. Twee maatskaplike werkers het wel verdere opleiding ontvang en meld dat hulle konferensies oor verskillende kulture en intervensie aan gesinne van verskillende kulture bygewoon het. Twee maatskaplike werkers het wel tydens indiensopleiding en met behulp van werkswinkels hulle kennis verbreed ten opsigte van ander kulture.

7.6.2 Genoegsame kennis

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee of hulle oor genoeg kennis en vaardighede beskik om intervensie aan gesinne van verskillende etniese agtergronde deurlopend toe te pas. Vyftien maatskaplike werkers toon aan dat hulle oor genoegsame kennis en vaardighede beskik om intervensie aan gesinne van verskillende etniese agtergronde te lewer, terwyl nege maatskaplike werkers erken dat hulle 'n behoefte het aan meer kennis en vaardighede. Alhoewel 20 maatskaplike werkers nie enige verdere opleiding ontvang het nie, voel hulle steeds dat hulle oor genoegsame kennis beskik om effektiewe dienste te lewer.

Die volgende redes word in Figuur 7.2 aangevoer waarom maatskaplike werkers toon dat hulle oor genoegsame kennis en vaardighede beskik :

REDES VIR VOLDOENDE KENNIS EN VAARDIGHEDE
Voldoende praktiese ondervinding.
Goed bekend met die Kleurling kultuur, want het saam met die kultuur grootgeword.
Indiensopleiding stel maatskaplike werkers in staat om daaglik oor kulture te leer.
Ervaring, self-opleiding en self studie oor spesifieke aspekte van die kulture waarby maatskaplike werkers betrokke is.
Leer ken die kultuur tydens onderhoudvoering en konsulteer die kliënt oor sy eie kultuur.
Goed voorbereid ten opsigte van die nodige kennis van kulture.
Kort kursusse is gedoen en praktiese ondervinding help met dienslewering.

Figuur 7.2 Redes vir voldoende kennis en vaardighede

Volgens D'Ardenne (1996) en Pinderhughes (1989) is dit belangrik dat maatskaplike werkers self verdere studie doen oor die kulture waarby hulle betrokke is. Die maatskaplike werker kan haarself deeglik voorberei ten opsigte van die kennis wat ontbreek oor die kulture waaraan sy dienste lewer.

Slegs vier maatskaplike werkers het aangedui dat hulle 'n behoefte aan kennis het, en wel ten opsigte van die verskillende Swart kulture en dat meer opleiding in maatskaplike werk intervensie aan gesinne van Swart kulture nodig is. Figuur 7.3 bevat 'n uiteensetting van onderwerpe vir verdere opleiding .

ONDERWERPE VIR OPLEIDING	RESPONDENTE
Waardes en norme van kulture	4
Godsdienstige verskille	3
Tradisies en gebruike wat in kulture voorkom	2
Verskil in die opvoeding van die kind	1
Siening van huwelike binne elke kulture, sowel as die gesagsrolle	3
Die geskiedenis van spesifieke kulture en spesifiek die Xhosa kulture	2
Wetgewing wat kulturele aangeleenthede ondersteun	1
Benaderings wat met gesinne van diverse kulture gebruik kan word	1
Die leefstyl van spesifieke kulture	1
Intervensie binne swart kulture	1

Figuur 7.3 Onderwerpe vir opleiding

Vier maatskaplike werkers het aangetoon dat hulle meer kennis in verband met die waardes en norme van kulture benodig. Drie maatskaplike werkers toon aan dat hulle verdere opleiding nodig het in verband met godsdienstige verskille in kulture en ook die siening van huwelike binne elke kulture, sowel as die gesagsrolle. Die ander onderwerpe vir opleiding is 'n behoefte by enkele maatskaplike werkers.

7.7 BENADERINGS EN MODELLE VIR INTERVENSIE

7.7.1 Bronne benut

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van die bronne wat hulle benut om inligting oor die kulture van die gesinne aan wie diens gelewer word, te bekom. Tabel 7.9 toon die bronne aan wat deur maatskaplike werkers benut word.

Tabel 7.9 Bronne benut

BRONNE	RESPONDENTE
Gesinsbronne	18
Sosiale netwerke	13
Godsdienstige bronne	18
Gesondheidsbronne	14
Politieke bronne	1
Opvoeding en opleidingsbronne	10
Ander	3

n=24

Agtien maatskaplike werkers maak gebruik van gesinsbronne en godsdienstige bronne, terwyl veertien maatskaplike werkers van gesondheidsbronne, dertien van sosiale netwerke en tien maatskaplike werkers van opvoeding en opleidingsbronne gebruik maak. Maatskaplike werkers maak ook van die internet gebruik om inligting te bekom, sowel as boeke oor kulture en die kliënt self. Die bevindinge kom ooreen met D'Ardenne (1989) se standpunt dat daar verskeie bronne in die gemeenskap is wat benut kan word ten einde kennis op te doen oor verskillende kulture.

7.7.2 Kennis van benaderings, modelle en teorieë

7.7.2.1 Kennis van benaderings

Daar is verskeie algemene en meer spesifieke maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë wat die maatskaplike werker kan benut tydens intervensie aan gesinne van dieselfde kultuur en/of verskillende kulture (Compton en Galaway, 2000). Tabel 7.10 dui die kennis van die maatskaplike werker aan ten opsigte van maatskaplike werk benaderings, teorieë en modelle.

Tabel 7.10 Kennis van benaderings, modelle en teorieë

KENNIS: BENADERINGS, MODELLE, TEORIEË	RESPONSE
BENADERINGS	
Probleem-oplossende benadering	21
Psigososiale benadering	22
Psigoanalitiese benadering	15
Behavioristiese benadering	18
Eksistensialistiese benadering	9
Kliënt-gesentreerde benadering	22
Gestalt beginsels	11
Kognitief-affektiewe benadering	13
“Generalist” benadering	0
Etnies-sensitiewe benadering	2
Ekologiese benadering	6
TEORIEË	
Rolteorie	13
Sisteemteorie	19

MODELLE	
Gedragveranderingsmodel	19
Culturagram	0
Taakgesentreerde model	18
Kulturele bewuswordingsmodel	3
Ander	5
Totaal	24

n=24

Twee en twintig maatskaplike werkers dra kennis van die psigososiale en die kliënt- gesentreerde benadering, 21 respondente dra kennis van die probleem-oplossende benadering, 18 respondente dra kennis van die behavioristiese benadering, 15 respondente dra kennis van die psigoanalitiese benadering, 13 respondente dra kennis van die kognitief affektiewe benadering, 11 respondente dra kennis van die gestalt beginsels, nege respondente dra kennis van die eksistensialistiese benadering, ses respondente dra kennis van die ekologiese benadering en slegs twee dra kennis van die etnies-sensitiewe benadering.

Maatskaplike werkers dra nie kennis van die benaderings wat aangewend word by gesinne van diverse kulture nie, naamlik die etnies-sensitiewe benadering, die ekologiese benadering en die “generalist” benadering nie. Hulle dra kennis van die meer algemene benaderings. Volgens Shaefer (2000) is die doel van die etnies-sensitiewe benadering om maatskaplike werkers bewus te maak van die etniese, kulturele en godsdienstige verskille tussen mense. Die benadering word gebruik wanneer die maatskaplike werker se kultuur verskillend is van die kliënt se kultuur. Die proses-fase benadering word aangewend waar gesinne van verskillende kulturele agtergrond maatskaplike werk intervensie benodig (Lum, 1992). Dit is dus belangrik dat maatskaplike werkers moet kennis dra van die benaderings wat spesifiek ontwerp is vir intervensie met gesinne van diverse kulture.

Dieselfde geld ook vir die teorieë en modelle. Negentien respondente dra kennis van die sisteemteorie en die gedragveranderingsmodel, 18 respondente dra kennis van die taak- gesentreerde model, 13 respondente dra kennis van die rolteorie, maar slegs drie respondente

dra kennis van die kulturele bewuswordingsmodel en niemand dra kennis van die culturagram nie.

Die kulturele bewuswordingsmodel en die culturagram is modelle wat ontwerp is spesifiek vir dienslewering aan gesinne van etniese diversiteit. Volgens Devore en Schlesinger (1996) is die kulturele bewuswordingsmodel ontwikkel om insig in etnisiteit te gee en gee ook riglyne om sensitiwiteit van verskeie etniese groepe te bekom. Die culturagram daarenteen fokus op verskillende aspekte van kultuur en help die maatskaplike werkers om kultuur te verstaan. (Congress, 1994) Indien maatskaplike werkers die modelle gebruik, sal hulle instaat wees om meer effektiewer dienste te lewer.

7.7.2.2 Benutting van benaderings, modelle en teorieë

Die respondent is versoek om 'n aanduiding te gee van die benaderings, modelle en teorieë wat hulle wel benut tydens intervensie aan gesinne met diverse kulturele agtergronde. Tabel 7.11 dui die benaderings aan wat wel deur maatskaplike werkers benut word in intervensie met gesinne van verskillende kulturele agtergronde.

Tabel 7.11 Benaderings wat wel benut word

BENADERINGS	RESPONDENTE
Probleem-oplossende benadering	12
Kliënt-gesentreerde benadering	9
Behavioristiese benadering	5
Ekologiese benadering	2
Psigo-analitiese benadering	2
Ontwikkelingsbenadering	2
Narratiewe benadering	2
Gestalt-beginsels	1
Kognitief-affektiewe benadering	1
Psigo-sosiale benadering	1
Etnies-sensitiewe benadering	1
“strengths based” benadering	1

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat maatskaplike werkers nie gebruik kan maak van benaderings waarvan hulle nie kennis dra nie. Een maatskaplike werker maak gebruik van die etnies-sensitiewe benadering en twee maak gebruik van die ekologiese benadering. Volgens Yamashiro (1997) is die ekologiese benadering meer suksesvol om te gebruik by die individuele sosiale en psigologiese sfere. Twaalf maatskaplike werkers maak gebruik van die probleem-oplossende benadering, nege maatskaplike werkers maak van die kliënt-gesentreerde benadering gebruik en vyf maatskaplike werkers maak van die behavioristiese benadering gebruik.

7.2.2.3 *Gebruik van modelle en teorieë*

Volgens Congress (1994) en Devore en Schlesinger (1996) maak maatskaplike werkers ook gebruik van die volgende teorieë en modelle in intervensie aan gesinne van etniese diversiteit. Die respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van die modelle en teorieë wat hulle gebruik in intervensie met gesinne van diverse kulture. Die response word in Tabel 7.12 weergegee.

Tabel 7.12 Gebruik van modelle en teorieë

MODELLE EN TEORIEË	RESPONDENTE
Kulturele bewuswordingsmodel	1
Taak-gesentreerde model	10
Sisteemteorie	13
Rolteorie	2
Gedragsveranderingsmodel	7
Stuart model	1
Michael White model	1

n=24

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat dertien maatskaplike werkers van die sisteemteorie gebruik maak tydens intervensie, tien maatskaplike werkers maak gebruik van die taakgesentreerde model, sewe maatskaplike werkers van die gedragsveranderingsmodel, twee maatskaplike werkers van die rolteorie en een maatskaplike werker van die kulturele bewuswordingsmodel. Dit is dus duidelik dat maatskaplike werkers nie oor kennis beskik van verskillende benaderings, modelle en teorieë wat in intervensie met gesinne van verskillende kulturele agtergronde gebruik kan word nie. Slegs die enkeles wat oor die kennis beskik, maak daarvan gebruik. Volgens Devore en Schlesinger (1996) is die kulturele bewuswordingsmodel ontwerp om maatskaplike werkers meer sensitief te maak ten opsigte van etniese groepe. Die culturagram volgens Congress (1994) is ontwerp om maatskaplike werkers te help om verskille tussen individue en gesinne van etniese agtergrond te onderskei. Dit is dus belangrik dat maatskaplike werkers hulle kennis sal aanvul ten opsigte van modelle en teorieë wat benut kan word met intervensie aan gesinne van etniese agtergronde.

7.8 INTERVENSIË MET GESINNE VAN VERSKILLENDE KULTURELE AGTERGRONDE

7.8.1 Verskil in intervensie

Compton en Galaway (1994) verduidelik dat 'n meer bewuste poging nodig is om effektiewe dienste aan kliënte van ander kulture te lewer. Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee oor die verskil in intervensie met gesinne van dieselfde kulture teenoor gesinne van verskillende etniese agtergronde. Die response word in Tabel 7.13 weergegee.

Tabel 7.13 Verskil in intervensie

RESPONSE		
JA	NEE	ONSEKER
6	9	8

n=23

Een respondent het die vraag nie beantwoord nie. Nege maatskaplike werkers meld dat intervensie dieselfde is met gesinne van dieselfde kultuur en gesinne van verskillende kulture. Hulle motiveer hulle standpunt as volg :Alle kliënte word dieselfde hanteer, kulture stem ooreen in 'n groot mate en probleme is dieselfde ongeag die kultuur. Ses maatskaplike werkers meld dat daar wel 'n verskil is en verwys na intellektuele vlakke van kliënte wat verskil en daarom sal intervensie ook verskil. Maatskaplike werkers meld ook dat die hantering van kliënte verskil. Maatskaplike werkers meld dat daar 'n definitiewe verskil in intervensie is tussen blank en bruin gesinne. Intervensie word ook beïnvloed deur die taal van die kliënt. Die taalverskille moet aangeleer word en ook meer vereenvoudigde onderhoude moet gevoer word. Kultuur speel 'n groot rol in die opvoeding van die kind en daarom sal intervensie met die gesinne verskil. Die manier van kommunikasie verskil van gesin tot gesin. Die rede waarom maatskaplike werkers ervaar dat daar 'n verskil in intervensie is, kan moontlik wees as gevolg van die tipe kultuurgroep waarby hulle betrokke is, byvoorbeeld Swart kulture sal meer verskil as die Bruin kulture. Agt maatskaplike werkers is onseker oor die verskil in intervensie.

7.8.2 Taalverskille

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van taalverskille tussen die maatskaplike werker en die gesinne wat dienste belemmer. Die response word in Tabel 7.14 weergegee.

Tabel 7.14 Taalverskille

RESPONSE	
JA	NEE
11	12

n=23

Een respondent het nie die vraag beantwoord nie. Volgens Tabel 7.14 is dit duidelik dat 12 maatskaplike werkers nie taal as 'n probleem beskou tydens dienslewering nie, maar 11 maatskaplike werkers ervaar tog dat taal wel 'n probleem is, veral by Swart kulture.

As gevolg van die feit dat taal verskil wanneer dienste aan ander kultuurgroepe gelewer word, is dit belangrik dat die maatskaplike werker gebruik maak van tolke. Tydens die ondersoek is vasgestel dat agt maatskaplike werkers gebruik maak van tolke, twee maatskaplike werkers het die taal aangeleer ten einde dienste te vergemaklik, drie maatskaplike werkers verwys hulle kliënte na ander maatskaplike werkers wat wel die taal magtig is. Compton en Galaway (1994 :177) meld dat kommunikasie tussen mense wat verskil in terme van belangrike faktore soos klas, ras, etnisiteit en geslag, is moeilik om te handhaaf ten spyte van moontlike belangstellings en gesamentlike doelstellings wat dieselfde is. Volgens D'Ardenne (1996) moet die maatskaplike werkers oor die vermoë beskik om in die kliënt se taal te kan kommunikeer. Indien dit nie moontlik is nie, moet die maatskaplike werkers oor die vermoë beskik om die regte keuses te maak ten opsigte van dienslewering byvoorbeeld deur van tolke gebruik te maak.

7.8.3 Godsdienverskille

Volgens Yamashiro (1997) is godsdienstige waardes deel van elke kultuur. Dit het 'n groot invloed op die wêreldsiening van elke kultuurgroep. Die bevindinge volgens die beantwoorde vraelyste toon wel dat godsdien, veral in die Swart kulture, 'n daadwerklike invloed het op die kultuur.

Die respondente is versoek om 'n aanduiding te gee of godsdienverskille tussen maatskaplike werkers en die gesinne aan wie hulle dienste lewer, 'n probleem is. Uit die beantwoorde vraelyste blyk dit dat 19 maatskaplike werkers verskille in godsdien tussen hulself en die gesinne aan wie hulle dienste lewer, nie as 'n probleem ervaar nie. Dit word toegeskryf aan die feit dat die Kleurling kulture ook in die Christendom glo. Die godsdien van die gesinne is dus dieselfde as die van die maatskaplike werkers. Slegs vier maatskaplike werkers ervaar godsdien as 'n probleem, omrede hulle nie kennis dra van die kliënt se geloof nie, hulle verstaan nie die bygelowe van byvoorbeeld die Xhosa kliënte nie, hulle dra nie kennis van die rol wat die voorvaders speel in hulle kultuur en waardes nie, hulle dra nie kennis van die Moslem geloof nie en sommige ervaar dat die wyse waarop mense optree, word deur godsdien beïnvloed en dit word nie altyd deur die maatskaplike werkers verstaan nie.

7.9 GESINDHEID VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

7.9.1 Bewustheid van die gesindheid

Volgens Pinderhughes (1989) is dit belangrik dat die maatskaplike werker oor die vermoë beskik om gemaklik te voel met verskille by ander, hulle moet ook ander kulture kan respekteer. Die maatskaplike werker moet die waardes en norme van elke kulturele sisteem verstaan, so ook van hulle eie sisteem. Hulle moet die verskille beseef en dit aanvaar. Voordat die maatskaplike werker nie hulle eie en ander kulture kan aanvaar nie, kan die kennis nie geïntegreer word en effektief aangewend word nie. Indien die maatskaplike werker enige diskriminasie het ten opsigte van die uitgebreide gesin, huwelikstatus, godsdienstige opvattinge en kulturele waardes van die gesinne waarby hulle betrokke is, kan dit tot nadeel van die kliënt strek en word dienslewering bemoeilik (Devore en Schlesinger, 1996, Compton en Galaway, 1994). Die respondente meld die volgende ten opsigte van hulle gesindheid teenoor gesinne van diverse kulture aan wie hulle dienste lewer :

GESINDHEID VAN MAATSKAPLIKE WERKERS
Hulle moet kulture respekteer
Hulle moenie veroordelend wees teenoor kulture anders as eie nie
Kulture is nie verkeerd, omrede hulle verskil van die maatskaplike werker se kultuur nie
Hulle moet eie weerstand teenoor kultuur hanteer
Hulle kan nie met rassisme effektiewe dienste lewer nie
Hulle kan nie met negatiewe gevoelens oor die ander kultuur dienste lewer nie
‘n Positiewe gesindheid, sal slegs vertroue in mekaar verhoog
Dienste moet opreg gelever word
Hulle moet oop wees vir die kliënt se opinie en optrede wat moontlik van hulle eie verskil
Kry ‘n positiewe gesindheid teenoor ander kulture
Maatskaplike werkers moet ‘n aanvaarbare ingesteldheid teenoor ander kulture toon
Maatskaplike werkers moet ‘n gesindheid van aanvaarding toon met respek vir ander kulture
Hulle moet kulture aanvaar

Figuur 7.4 Gesindheid van die maatskaplike werkers

Bevindinge sluit dus aan by die siening van Strydom (1995) dat die maatskaplike werkers nie diskriminerend en selfgeldend teenoor ander persone moet optree nie, maar eerder met warmte en geloofwaardigheid. Devore en Schlesinger (1996) meld dat indien die maatskaplike werker enige diskriminasie het ten opsigte van die uitgebreide gesin, huwelikstatus, godsdienstige opvattinge en kulturele waardes van die gesinne waarby sy betrokke is, kan dit tot nadeel van die kliënt strek en word dienslewering bemoeilik.

7.9.2 Effek van persoonlike kulturele agtergrond

D'Ardenne (1989) meld dat maatskaplike werkers geneig is om hulle eie kulturele standpunte as vanselfsprekend te aanvaar, in plaas daarvan om dit ook te bevraagteken. Ook wanneer die kliënt se verskillende kulturele standpunte raakgesien word, is die maatskaplike werker nog steeds geneig om nie hulle eie waardes krities te beskou nie. Compton en Galaway (1994) meld dat dit makliker is vir enige maatskaplike werker om met gesinne wat dieselfde kultuur as hulle het, te werk, omrede hulle dieselfde kulturele waardes, norme en verwagtinge deel.

Die respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van die maatskaplike werker se kulturele agtergrond op intervensie met gesinne van etnies diverse kulture. Figuur 7.5 dui die response aan.

MAATSKAPLIKE WERKER SE OPTREDE OM DIE EFFEK VAN HULLE PERSOONLIKE KULTURELE AGTERGROND TE VERMINDER
<ul style="list-style-type: none"> - die maatskaplike werker moet voortdurend bewus wees van die “self” sodat dit nie inmeng met dienslewering nie
<ul style="list-style-type: none"> - die maatskaplike werkers moet nie hulle eie kultuur op hulle kliënte forseer nie - die maatskaplike werker moet meer ingestel wees op die ander kultuur as haar eie - kliënte moet benader word vanuit hulle kultuur ten einde dienslewering te bevorder - die maatskaplike werker moet nie die kliënte beoordeel vanuit haar eie kulturele agtergrond nie - alle mense is verskillend en daarom moet elkeen se kulturele agtergrond in ag geneem word
<ul style="list-style-type: none"> - die maatskaplike werkers moet hulle denkwyse instel op die kliënt se manier van dink ten einde dienslewering te bevorder - die maatskaplike werkers kan nie hulle eie verwysingsraamwerk op die kliënte baseer nie - die maatskaplike werkers moet daarteen waak om nie hulle eie standarde op die kliënt af te druk nie
<ul style="list-style-type: none"> - tree altyd objektief op teenoor gesinne van verskillende kulturele agtergronde - die maatskaplike werkers moet doelbewus objektief wees en oop wees vir die kliënt se sienswyses, eerder as haar eie
<ul style="list-style-type: none"> - die maatskaplike werkers moet enige gevoelens oor apartheid verwerk, omrede dit wantroue aanwakker - die ou bedeling in Suid-Afrika het ‘n effek op die gedagtegang van elke individu en dit moet verstaan en inag geneem word

Figuur 7.5 Effek van persoonlike kulturele agtergrond

Vyf maatskaplike werkers toon dat hulle persoonlike kulturele agtergrond geen effek op intervensie aan gesinne van diverse kulture het nie. Twee maatskaplike werkers het nie die vraag beantwoord nie. Sewentien maatskaplike werkers het getoon dat hulle persoonlike

kulturele agtergrond wel 'n effek op intervensie met gesinne van etnies diverse kulture kan he. Die maatskaplike werkers beskryf nie die effek nie, maar wel wat gedoen kan word om die effek van hulle persoonlike kulturele agtergrond op intervensie te verminder. Die maatskaplike werkers se standpunte stem ooreen met D'Ardenne (1996) wat 'n deeglike studie gedoen het oor die maatskaplike werker se vermoëns om ander kulture in ag te neem en te verstaan.

7.9.3 Aanvaarding en verstaan

Voordat die maatskaplike werker nie haar eie en ander kulture kan aanvaar nie, kan die kennis nie geïntegreer word en effektief aangewend word nie. Indien die maatskaplike werker enige diskriminasie het ten opsigte van die uitgebreide gesin, huwelikstatus, godsdienstige opvattinge en kulturele waardes van die gesinne waarby hulle betrokke is, kan dit tot nadeel van die kliënt strek en word dienslewering bemoeilik (Devore en Schlesinger, 1996, Compton en Galaway, 1994).

Die respondente is versoek om 'n aanduiding te gee aangaande probleme wat ondervind word deur die maatskaplike werkers om die gesinne van diverse kulturele agtergrond te verstaan en te aanvaar. In Figuur 7.6 word die inligting weergegee.

PROBLEME OM GESINNE TE VERSTAAN EN TE AANVAAR
Taalgebruik maak dit moeilik om gesinne te verstaan
Alkohol probleme veral in die kleurlingkultuur skep probleme
Gesinne se optrede en leefwyse maak dit moeilik om hulle te verstaan
Moeilik om die tradisionele waardes te aanvaar en te verstaan
Moeilik om gesinne se denkwyses te verstaan, veral die Moslems
Kinderopvoeding skep probleme as gevolg van die verskille in kulturele waardes
Gesinne mag bedreig voel deur die maatskaplike werker se ras, geslag en ouderdom
Hantering van konflik binne verskillende kulture, skep probleme

Figuur 7.6 Probleme om gesinne van diverse kulture te verstaan

Agt maatskaplike werkers meld dat hulle geen probleme ondervind om die gesin van diverse kulturele agtergrond te aanvaar en te verstaan nie. Sestien maatskaplike werkers ervaar wel probleme om gesinne van diverse kulture te aanvaar en te verstaan. Die standpunte van die maatskaplike werkers stem dus ooreen met Devore en Schlesinger (1996) dat verskille in kulture voorkom en daarom moet die maatskaplike werker die verskille in kulture aanvaar.

7.10 WELSYNSORGANISASIE

7.10.1 Kursusse/programme

Respondente is versoek om aan te dui of die organisasie waar hulle werksaam is enige programme of kursusse aanbied oor intervensie aan gesinne met verskillende etniese agtergronde. Response word in Tabel 7.15 aangedui.

Tabel 7.15 Kursusse/Programme

RESPONSE		
JA	NEE	ONSEKER
2	18	1

n=21

Drie maatskaplike werkers het nie die vraag beantwoord nie. Volgens Tabel 7.16 toon agtien respondente aan dat die organisasie waar hulle werksaam is, nie betrokke is by die aanbieding van kursusse en/of programme oor intervensie aan gesinne met verskillende etniese agtergronde nie. Twee respondente dui aan dat hulle organisasies wel kursusse aanbied. Die kursusse wat aangebied is deur die organisasies handel oor Swart kulture, kulturele verskille en ouerleiding. D'Ardenne (1996), Forte (1999) en Becker en Lewis (1992) meld die noodsaaklikheid om kennis van kulture te bekom. Kennis kan bekom word deur die opleiding wat organisasies bied.

7.10.2 Redes vir geen opleiding

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van moontlike redes waarom die organisasies waar hulle werksaam is nie betrokke is by opleiding oor intervensie aan gesinne met verskillende etniese agtergronde nie. Die response word in Figuur 7.7 aangebied.

REDES VIR GEEN OPLEIDING
Organisasies besef nie die omvang van intervensie aan gesinne met verskillende etniese kulture nie
Organisasies besef nie die nodigheid vir sulke kursusse nie
Organisasies bied kursusse oor ander aspekte aan
Organisasies voel daar is geen behoefte aan kursusse oor intervensie aan gesinne met verskillende etniese kulture nie
Kursusse is nie nodig nie
Organisasie is nog nie lank by dienste aan ander kulture betrokke nie
Organisasies het nie finansies om kursusse aan te bied nie
Die organisasies verstaan nie die verskille in kultuur nie
Organisasies erken nie die verskille wat voorkom tussen verskillende kulture nie
Die spesifieke kantoor is nie primêr by diverse kulture betrokke nie
Kursusse oor taal word aangebied, omrede dit 'n behoefte is by die organisasie

Figuur 7.7 Redes vir geen opleiding

Volgens Devore en Schlesinger (1996) begin hulpverlening wanneer die kliënt/gesin oor 'n probleem beskik. Organisasies besef nie die omvang van dienslewering aan diverse kulture nie. Organisasies sien nie die behoefte raak wat by maatskaplike werkers bestaan ten opsigte van kennis oor kulture nie en daarom is daar geen respons of oplossing nie.

7.10.3 Aspekte belangrik in kursusse

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van moontlike inhoude van kursusse wat in die toekoms wel aangebied moet word. Die response word in Figuur 7.8 uiteengesit.

ASPEKTE BELANGRIK IN KURSUSSE
Optrede van maatskaplike werkers teenoor gesinne van ander kulture
Spesifieke maatskaplike werk benaderings wat benut kan word met gesinne van ander kulture
Ontwikkelingsfases binne verskillende kulture
Die siening van huweliksrolle binne veral die verskillende Swart kulture
Opvoeding van die kind, veral gesien binne die verskillende Swart kulture
Ouerleiding en die verskille in kulture ten opsigte van ouerleiding
Kultuurverskille tussen Swart, Bruin en Indiër kulture
Basiese kennis oor Swart kulture, veral die Xhosa-, Sotho- en Zulu kulture
Basiese kennis oor die kultuur van die Indiërs en die Kaapse Maleiers
Verskillende standaarde binne verskillende kulture
Godsdiensverskille by verskillende kulture en die rol wat godsdiens speel in besluitneming
Verskille in kommunikasie binne verskillende kulture

Figuur 7.8 Aspekte belangrik in kursusse

Dit is duidelik uit die aanbevelings van maatskaplike werkers dat daar 'n behoefte bestaan na kursusse wat kennis sal verbreed aangaande verskeie aspekte in verband met kulture, en veral ten opsigte van Swart kulture. Volgens Compton en Galaway (1994), Greene (1996) en D'Ardenne (1989) kan maatskaplike werk intervensie nie effektief aangewend word indien die maatskaplike werkers nie oor voldoende kennis van die kulture waarby hulle betrokke is, beskik nie. Basiese kennis oor waardes, godsdiens, kommunikasie, rolle en standaarde is noodsaaklik vir elke maatskaplike werker.

7.11 SAMEVATTING

Vir die empiriese ondersoek is 24 respondente, wat maatskaplike werkers by drie verskillende welsynsorganisasies is, by die ondersoek betrek. Die meerderheid van die maatskaplike werkers het 1 tot 4 jaar ondervinding in die professie maatskaplike werk. Die maatskaplike werkers se menings is verkry oor die verskillende kultuurgroepe waarby hulle betrokke is, die tipe gesinne waarby hulle betrokke is, die tipe probleme wat meestal voorkom, hulle voorgraadse en nagraadse opleiding ten opsigte van intervensie met gesinne van diverse kulture, die benaderings en modelle wat hulle benut vir intervensie, die gesindheid van die maatskaplike werker teenoor gesinne van diverse agtergrond en die welsynsorganisasie se betrokkenheid by opleiding oor intervensie met gesinne van diverse kulturele agtergronde.

In hoofstuk 8 sal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word oor die kennis en vaardighede waarvoor maatskaplike werkers beskik met betrekking tot gesinne van diverse kulturele agtergronde.

HOOFSTUK 8

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

8.1 INLEIDING

Die doel van die studie was om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel wat intervensie doen met gesinne van verskillende kulturele agtergronde, sodat intervensie meer effektief sal wees. Met behulp van die literatuurstudie is gefokus op die algemene en die spesifieke maatskaplike werk benaderings, modelle en teorieë wat benut word deur maatskaplike werkers tydens intervensie aan kliënte en gesinne van verskillende kulturele agtergronde. Aandag is ook gegee in die literatuurstudie aan die gesin, die kultuur en maatskaplike intervensie aan gesinne van verskillende kulturele agtergronde.

Na aanleiding van die literatuur en die resultate van die opname, word daar in hierdie hoofstuk gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak. Die gevolgtrekkings word gemaak op grond van die mate van kennis en vaardighede waarvoor maatskaplike werkers beskik ten opsigte van intervensie aan gesinne van verskillende kulturele agtergronde. Die aanbevelings wat hieruit sal volg, word gerig op opleiding in intervensie met gesinne van diverse kulturele agtergronde.

8.2 GEVOLGTREKKINGS

Die gevolgtrekkings sal gemaak word vanuit die literatuurstudie en die resultate van die opname oor persoonlike besonderhede, probleme met gesinne van diverse kulture, opleiding en kennis in intervensie met gesinne van verskillende etniese agtergronde, die benutting van maatskaplike werk benaderings, die gesindheid van die maatskaplike werker tydens intervensie en die welsynsorganisasie se betrokkenheid by opleiding.

8.2.1 Persoonlike besonderhede

Die meeste respondente wat betrek is by die opname het slegs tussen 1 tot 4 jaar ondervinding in die professie maatskaplike werk. Die minderheid respondente het meer as 20 jaar ondervinding. Die meerderheid van die respondente beskik oor min maatskaplike werk ondervinding, maar is sedert indiensneming betrokke by gesinne van diverse kulturele agtergronde.

8.2.2 Gevallelading

Die meerderheid respondente se gevallelading is tussen 40 tot 60 gesinne en/of kliënte. Die minderheid respondente het 'n gevallelading tussen 80 tot 100 gesinne. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat maatskaplike werkers met minder kliënte, meer tyd tot hulle beskikking het vir deeglike voorbereiding vir intervensie aan gesinne met verskillende kulturele agtergronde.

Die meerderheid respondente is betrokke by gesinne van 'n ander kultuur as hulle eie, en wel die Kleurling kultuur. Maatskaplike werkers ervaar die Kleurling en Blanke kultuur as dieselfde as gevolg van taal en godsdiens wat dieselfde is en daarom is intervensie dieselfde. Dit blyk dat meer voorbereiding nodig is wanneer kliënte van Swart kulture en die Indiër kultuur dienste benodig. Die meeste gesinne met Swart kulture waarby maatskaplike werkers betrokke is, is Xhosa's en Sotho's. Die kulture verskil ten opsigte van taal en godsdiens in 'n groot mate en dit vereis meer kennis in verband met die spesifieke kulture as byvoorbeeld die Kleurling kultuur.

'n Toename in dienslewering, die afgelope 8 jaar sedert die demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, aan gesinne van ander kulture as hulle eie word deur die meerderheid respondente aangetoon. Die moontlikheid bestaan dus dat daar 'n verdere toename kan plaasvind in die toekoms en dus kan al meer maatskaplike werkers betrokke raak by gesinne van diverse kulturele agtergronde.

8.2.3 Probleme met gesinne

Dienste word hoofsaaklik aan gesinne met jong kinders en gesinne met tieners gelewer en daarom is dit duidelik uit die bevindinge dat die meeste probleme wat voorkom, alkohol- en dwelmmisbruik en ook kinderopvoeding is. Maatskaplike werkers fokus dus op die tipe probleem en nie soseer op die kultuur wat 'n invloed het op die vorming van die gesin se identiteit het nie.

8.2.4 Kennis van gesinne met diverse kulture en opleiding

Dit blyk duidelik uit die bevindinge dat die meerderheid maatskaplike werkers wel tydens voorgraadse opleiding, opleiding in maatskaplike werk intervensie met gesinne van diverse kulture ontvang het. Die meerderheid respondente het nie enige ander opleiding ontvang na hulle voorgraadse opleiding nie. Hulle ervaar ook dat hulle oor voldoende kennis en vaardighede beskik om wel effektiewe intervensie met gesinne van diverse kulture toe te pas. Dit word toegeskryf aan hulle ervaring in die veld. Dit is dus duidelik dat die maatskaplike werkers hulle kennis aangaande verskillende kulture verbreed terwyl hulle in diens is, maar tog oop is vir verdere opleiding indien dit aangebied sou word en dan veral ten opsigte van kulture wat heeltemal verskil van die tipiese Blanke, Afrikaanse kultuur.

8.2.5 Benaderings, modelle en teorieë

Die bevindinge toon duidelik dat die maatskaplike werkers op hulle voorgraadse studie ten opsigte van verskillende benaderings, modelle en teorieë staatmaak. Hulle beskik nie oor die kennis ten opsigte van die benaderings, modelle en teorieë wat gebruik kan word vir intervensie aan gesinne van verskillende etniese agtergronde nie. Dus is hulle ook nie in staat om die benaderings prakties toe te pas nie.

Dit blyk dat taalverskille gewoonlik 'n groot probleem is, wanneer dienste aan ander kulture gelewer word en dit is duidelik dat ongeveer die helfte van die respondente wel probleme ervaar as gevolg van taal, maar weereens is dit ten opsigte van die Swart kulture. Volgens die literatuur kan gebruik gemaak word van tolke en die meerderheid respondente maak wel

van tolke gebruik. Godsdienverskille word nie as 'n probleem in intervensie met gesinne van diverse kulture ervaar nie. Enkele respondente ervaar probleme waar godsdien drasties verskil van hulle eie byvoorbeeld in die gevalle van voorvaderaanbidding en Islam.

8.2.6 Welsynsorganisasie se betrokkenheid

Die meerderheid respondente het aangetoon dat die spesifieke welsynsorganisasies nie betrokke is by opleiding in intervensie met gesinne van diverse kulture nie. Dit is belangrik dat die welsynsorganisasies die behoefte sal raaksien, veral waar daar 'n toename blyk in dienslewering aan ander kulture, wat deur die meerderheid respondente aangetoon is. Die moontlikheid bestaan dat dienslewering aan ander kulture kan toeneem in die toekoms en dus sal maatskaplike werkers hulself beter moet voorberei ten einde meer effektiewe intervensie te lewer.

Die maatskaplike werkers is meestal betrokke by Kleurling en Swart kulture en fokus tans slegs op die ontbrekende kennis ten opsigte van die Swart kultuur. Indien dienste aan Oosterlinge en Indiërs gelewer sou moes word, bly die vraag steeds of die maatskaplike werkers nogsteeds sou voel dat hulle oor voldoende kennis beskik om effektiewe intervensie te lewer.

8.3 AANBEVELINGS

Gegrand op die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek voortspruit, word die volgende aanbevelings gemaak:

8.3.1 Voortgesette opleiding

Ten opsigte van voortgesette maatskaplikewerk opleiding word aanbeveel dat :

- welsynsorganisasie meer toekomsgerig te werk sal gaan en die behoefte vir opleiding in intervensie met gesinne van diverse kulture sal identifiseer.

- welsynsorganisasies meer betrokke sal raak by voortgesette opleiding in intervensie met gesinne van diverse kulture ten einde maatskaplike werkers, wat reeds etlike jare gelede afgestudeer het, met die nodige kennis en vaardighede te voorsien.
- welsynsorganisasies voortdurend opleiding sal aanbied by wyse van werkswinkels, konferensies, simposiums ten einde die kennis van die maatskaplike werkers te verbreed.

8.3.2 Maatskaplike werk-opleiding

Met betrekking tot die opleiding van maatskaplike werkers word aanbeveel dat :

- opleidingsinstansies in voorgraadse opleiding van maatskaplike werkers meer feitlike inligting oor verskillende kulture sal aanbied, sodat maatskaplike werkers die belangrike rol wat kultuur in elke individu se lewe speel, kan besef;
- opleidingsinstansies in voorgraadse opleiding ruimte sal maak vir spesifieke maatskaplike werk benaderings, modelle en toerieë wat benut kan word in maatskaplike werk intervensie met gesinne van verskillende kulturele agtergronde;
- voorgraadse instansies behoort as gevolg van Suid-Afrika se lang proses van apartheid, die student te help om sy gesindheid teenoor ander kulture te verander, indien nodig, sodat wanneer die student in die beroep, maatskaplike werk staan, daar geen vooroordele is ten opsigte van enige kultuur nie;
- opleidingsinstansies studente tydens praktykopleiding sal blootstel aan meer intervensie met Swart, Indiër en Oosterlinge se kulture.

8.3.3 Verdere navorsing

Dit word aanbeveel dat verdere navorsing onderneem sal word oor maatskaplike werk intervensie aan :

- gesinne van verskillende diverse kulture, byvoorbeeld 'n Oosterling met 'n Swart kultuur en/of 'n Indiër met 'n wit kultuur
- die rol wat kultuur speel in die opvoeding van die kind, veral waar gemengde kulture betrokke is

- die rol wat kultuur speel in die vorming van die selfbeeld by tieners, veral waar gemengde kulture betrokke is

8.3.4 Taalverskille

Dit word aanbeveel dat maatskaplike werkers, as gevolg van die probleme wat ervaar word met taal, dit sal oorweeg om 'n Swart taal aan te leer, aangesien tolke nie altyd beskikbaar is nie. Die intervensie proses met behulp van tolke, duur soveel langer.

BIBLIOGRAFIE

ARKAVA, M.L. EN LANE, T.A. 1983. Beginning social work research. Boston :Allyn & Bacon, Inc.

BABBIE, E. 1992. The practice of social research (Sixth ed.) Belmont: Wadsworth.

BAINHAM, A. SCLATER, S.D. EN RICHARDS, M. 2000. What is a Parent? A Socio-legal Analysis. Child and Family Social Work. 5 :185-188.

BARN, R. 1999. White mothers, mixed-parentage children and child welfare. The British Journal of Social Work. 29 (2) :269-284.

BECKER, L. EN LEWIS, H. 1992. An Exploration of the use of the genogram with families of different cultural groups. Social Work. 28 (1) :14-21.

CARTER, B. EN MCGOLDRICK, M. 1989. The Changing Family Life Cycle. Boston : Allyn & Bacon.

COMPTON, B.R. EN GALAWAY, B. 1994. Social Work Processes. California : Brooks/Cole Publishing Company.

COMPTON, B.R. EN GALAWAY, B. 2000. Sixth Edition. Social Work Processes. United States of America : Brooks/Cole Publishing Company.

CONGRESS, E.P. 1994. The use of culturagrams to assess and empower culturally diverse families. Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services. 75 (9):531-533.

D'ARDENNE. 1989. Transcultural Counselling in Action. London : Sage Publications.

DEVORE, W. EN SCHLESINGER, E.G. 1996. Ethnic-sensitive social work practice. London : Allyn & Bacon

DE VOS, A.S. 1998. Research at grass roots. A primer for the caring professions. Pretoria : JL van Schaik Publishers.

FISHER, J. 1978. Effective Casework Practice an eclectic approach. New York : McGraw-Hill book company.

FONG, R. EN MOKUAU, N. 1994. Not simply "Asian Americans" " Periodical literature review on Asians and Pacific Islanders. Social Work. 39 (3) :298-305.

FORTE, J.A. 1999. Culture :The fool-kit metaphor and multicultural social work. Families in Society :The Journal of Contemporary Human Services. 80 (1) :51-61.

GALDENBERG, H EN GALDENBERG, J. 1998. Counseling Today's Families. New York : Brooks/Cole.

GERMAIN, C.B. EN GITTERMAN, A. 1980. The life model of social work practice. New York : Columbia University Press.

GOULD, K.H. 1995. The misconstruing of Multiculturalism :The Stanford Debate and Social Work. Social Work. 40(2) :198-205.

GREENE, G.J. EN JENSEN, C. AND JONES, D.H. 1996. A Constructivist perspective on Clinical social work practice with Ethnically diverse clients. Social Work. 41(2) :172-180.

GRINNELL, R.M. 1988. Social work research and evaluation. Third Edition. Illinois : FE Peacock Publishers, Inc.

GRINNELL, R.M. EN WILLIAMS, M. 1990. Research in social work:a primer. Illinois : FE Peacock Publishers, Inc.

GROBBELAAR, S.W.P. EN LOUW, S. 1990. Benaderings in maatskaplike werk. Pretoria : Uitgewers Onbekend.

HARRISON, D.F. 1992. Cultural Diversity and Social work Practice. U.S.A. : Charles C. Thomas Publisher Springfield

HINES, P.M. 1992. Intergenerational Relationships Across Cultures. Families in Society :The Journal of Contemporary Human Services. 73 (6) :323-337.

HOLLIS, F. 1972. Casework:A psychosocial therapy . Second Edition. New York : Random House.

HOWE. 2000. What is a parent? Child and Family Social Work. (5):185-188.

JONKER, C. 2000. The cross-cultural ravine:Why the bridge is necessary and how to go about building it. Social Work. 36(3): 218-235.

JAYASURIYA, L. 1992. The problematic of culture and identity in social functioning. Journal of Multicultural Social Work, 2 (4) :37-58.

KADUSHIN, A. 1985. Supervision in social work. Second Edition. New York : Columbia University Press.

KELLER, JODEE. 1997. Sources of help and obstacles to support for parents. Journal of Multicultural Social Work. 5 (1/2) :63-77.

LEE MO-YEE. 1999. A Social constructivist framework for integrating cross-cultural issues in teaching clinical social work. Journal of Social Work Education. 35(1) :21-37.

LOMBARD, A. WEYERS, M.L. EN SCHOEMAN, J.H. 1991. Gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling. Pretoria : Haum-Tersier.

LUM, D. 1992. Social work practice and people of color. A Process-stage approach. California : Brooks/Cole Publishing Company.

MCGILL, D. 1992. The cultural story in multicultural family therapy. Families in Society :The Journal of Contemporary Human Services. 73(6) :339-349.

MEYER, C.H. EN MATTAINI, M.A. 1995. The foundations of social work practice. America : NASW Press.

MOUTON J. EN MARAIS, H.C. 1989. Metodologie van die geesteswetenskappe :Basiese begrippe. Pretoria : RGN

O'HAGAN, K. 1999. Culture, cultural identity, and cultural sensitivity in child and family social work. Child and Family Social work. 4 :269-281.

ORITI, B. 1996. Family-centered Practice with Racially/Ethnically Mixed families. Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services, 77(9) :573-581.

PARSONS, 1994. The Integration of Social Work Practice. California : Brooks/Cole Publishing Company.

PERLMAN, H.H. 1957. Social casework: A problem-solving process. Chicago : University of Chicago Press .

PINCUS, A. EN MINAHAM. 1973. Social Work Practice Model and Method. Illinois : F.E. Peacock Publishers.

PINDERHUGHES, E. 1997. Developing diversity competence in child welfare and permanency planning. Journal of Multi-cultural social work. 5(1/2) :19-38.

PINDERHUGHES, E. 1989. Understanding Race, Ethnicity and Power. New York : The Free Press.

REID, W.J. EN EPSTEIN, L. 1972. Task-centered casework. New York : Columbia University Press .

ROBINSON, L. 2000. Racial Identity attitudes and self-esteem of black adolescents in residential care :An Exploratory study. British Journal of Social Work. 30 (1) :3-24.

RUBIN, A. EN BABBIE, E. 1993. Research methods for social work. Second Edition. California : Brooks/Cole publishing company.

SHAEFER, B.W. EN HOREJSI, C.R. EN HOREJSI, G.A. 2000. Techniques and Guidelines for Social Work Practice. Third Edition. United States of America : Allyn and Bacon.

SHERTZER, B. EN STONE, S.C. 1974. Fundamentals of counselling. Boston : Houghton Muffin Company.

STEVEN, M. 1999. Treating Asian American clients in crisis:a Collectivist approach. Social Work. 69(3) :525-540.

STREAN, H.S. 1978. Clinical Social Work. New York : The Free press.

STRYDOM, H. 1995. Die inhoud van 'n kursus in multi-kulturele maatskaplike werk. Maatskaplike Werk/Social Work. 31(2) :115-125.

TOLSON, E.R., REID, W.J. EN GARVIN, C.D. 1994. Generalist practice – a task-centered approach. New York : Columbia University press.

TOLSON, E.R., REID, W.J. EN EPSTEIN, 1972. Task-Centered Casework.Columbia : University Press.

TOLSON, E.R. EN REID, W.J. 1981. Models of family Treatment. Columbia : University Press.

TURNER, F.J. 1986. Social work treatment :inter-locking theoretical approaches. Third Edition. New York : The Free Press

VAKTAAL KOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk. Suid-Afrika :s.n. : CTP Book Printers.

VAN ROOYEN I.J.J. EN COMBRINK, M.J. 1980. Gevallewerk, 'n Integreerende benadering. Pretoria : Academica .

WERNER, D. 1965. A rational approach to social casework. New York : Association Press.

YAMASHIRO, G. 1997. Help-seeking among Asian and Pacific Americans:A Multiperspective analyses. Social work. 42(2):176-186.

BYLAE 1

TOESTEMMINGSBRIEF AAN HOOFDE VAN SA STATISTIEKE DIENS

DECLARATION

This serves to testify that Marie Koch (Student number 10841822) is registered for the MA-degree in Social Work at this University. A requirement of the Masters programme is that the student should conduct an independent research project.

The student is interested to conduct research into the guidance of married couples from multi-cultural backgrounds on how to bring up their children.

As the student's supervisor, I would appreciate it if you could assist her in obtaining relevant information on the topic of her research. The student will be able to provide more detailed information about the nature and scope of the study.

Prof S Green
Supervisor

STELLENBOSCH

14 FEBRUARY 2001

BYLAE 2

THE STATISTICS BELOW REPRESENT THE REPATRIATIONS AS GIVEN BY THE VARIOUS PORTS OF ENT BE REGARDED AS THE OFFICIAL STATISTICS FOR THE YEAR 2000

CITIZENS OF	Jan	Feb	Mar	Apr	May	Jun	Jul	Aug	Sep	Oct	Nov	Dec	Total
Albania	0	0	0	1	8	0	0	0	0	0	0	0	9
Algeria	0	0	1	0	0	1	2	1	0	1	1	0	7
Angola	9	8	25	40	8	32	9	35	32	22	56	136	412
Argentina	0	1	0	0	0	1	0	0	1	0	5	0	8
Australia	0	0	1	0	1	1	0	0	3	1	1	0	8
Austria	0	0	0	1	0	0	0	0	0	1	0	0	2
Bahamas	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	1
Bangladesh	6	0	3	1	16	0	2	0	2	5	5	1	41
Belgium	0	0	0	2	0	2	0	0	2	1	1	1	9
Bermuda	2	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2
Benin	0	0	0	1	0	0	1	0	0	0	0	0	2
Bolivia	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Bornea	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	1
Bosnia	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	1
Botswana	0	3	6	9	0	9	3	4	1	1	7	0	43
Brazil	0	0	0	3	0	0	0	1	0	0	0	0	4
Bulgaria	2	7	5	7	8	7	5	3	8	6	7	0	65
Burkina Faso	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	1
Burma	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Burundi	0	0	0	0	0	0	2	1	0	0	1	0	4

Canada	0	0	0	0	0	0	0	3	0	1	1	0	5
Cameroon	0	3	2	5	3	0	1	1	3	1	1	3	23
Cape Verde	1	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	2
Chad	0	0	0	0	1	0	0	0	0	1	0	0	2
Chid	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	1
China	14	0	6	18	13	7	18	24	10	7	17	9	153
Colombia	0	0	0	0	0	0	1	0	0	1	0	0	2
Comoros	0	0	0	1	1	0	0	0	4	0	1	0	7
Congo	1	2	2	1	7	2	3	4	12	2	0	23	59
Cote d'ivoire	2	1	1	2	2	4	0	3	3	1	3	3	25
Coatia	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Cyprus	0	1	0	0	0	1	1	0	0	0	0	1	4
Czech Republic	0	2	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	3
Denmark	0	0	0	0	1	0	0	1	0	0	1	0	3
Dominica nRep.	0	0	0	0	0	0	3	0	0	0	0	0	3
Egypt	0	1	0	0	0	2	4	1	0	0	0	2	10
Ethiopia	4	1	3	9	2	0	1	3	1	5	2	2	33
France	5	1	4	0	1	2	2	3	0	2	3	2	25
French Polynesia	1	0	0	1	1	0	0	0	0	0	0	2	5
Gabon	1	0	0	0	0	0	0	1	1	1	2	1	7
Georgia Rep	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	1
Germany	1	3	0	4	3	1	3	0	0	3	3	0	21
Ghana	5	2	3	7	7	8	4	3	3	7	3	2	54
Greece	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	1	0	2
Guatemala	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	1
Guinea	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	1
Honduras	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	1
Hong Kong	2	1	3	2	2	1	2	2	0	0	1	0	16

Hungary	0	0	1	1	0	0	0	0	0	0	0	0	2
Iceland	0	2	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	2
India	21	18	10	9	29	11	13	10	19	17	25	7	189
Indonesia	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Iran	0	0	1	0	0	0	1	0	1	0	1	0	4
Ireland	0	1	0	0	0	1	1	0	0	1	1	0	5
Iretrea	0	2	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	3
Israel	5	0	0	1	5	1	9	1	1	2	3	0	28
Italy	2	1	1	0	0	1	2	4	1	0	0	1	13
Japan	0	0	0	0	0	0	1	1	0	0	0	0	2
Jordan	0	0	0	0	2	0	0	1	2	0	1	1	7
Kenya	8	4	1	6	10	4	9	5	9	4	4	1	65
Korea	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	1
Latvia	0	1	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	2
Lebanon	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	1	0	2
Lesotho	407	566	435	623	470	478	805	497	522	537	531	309	6180
Liberia	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Libya	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	1
Malawi	234	342	284	290	432	310	337	289	225	207	249	108	3309
Malaysia	1	0	0	0	0	12	0	0	0	0	0	0	2
Mali	1	0	0	0	3	0	0	0	0	0	0	0	4
Mauritius	4	2	0	0	2	0	1	0	0	2	1	1	13
Mexico	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	1
Morocco	0	0	0	0	1	1	2	0	0	0	0	0	4
Mozambique	9105	6677	6256	6182	8071	9313	8348	8311	8010	7035	7430	21909	106647
Namibia	0	0	0	0	0	0	1	0	2	0	1	2	6
Nepal	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Netherlands	0	0	2	1	1	1	0	1	1	1	0	0	8
New Zealand	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	2
Nigeria	8	8	10	129	2	15	1	9	6	5	4	14	211
Pakistan	21	13	26	12	10	6	9	9	9	11	9	25	160
Palestine	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Peru	3	0	0	1	1	0	1	0	0	0	0	0	6

Philippines	0	1	0	0	2	0	0	0	0	0	1	0	4
Portugal	0	5	2	2	0	1	2	2	4	3	1	0	22
Romania	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	1	2
Russia	0	1	0	1	2	1	1	2	0	0	0	1	9
Rwanda	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	1	2
Saudi Arabia	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Senegal	18	9	12	11	15	8	6	4	2	8	5	6	104
Sentral Afr Rep	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	1
Solomon Islands	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	1
Somalia	0	0	0	0	0	1	0	8	0	0	0	0	9
Sri Lanka	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	1
Sudan	0	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	1	2
Swaziland	354	263	420	483	266	266	273	231	256	184	188	387	3571
Sweden	0	0	0	0	0	0	0	1	0	1	0	1	3
Switzerland	0	0	0	1	0	1	0	0	0	0	0	0	2
Syria	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	2
Taiwan	4	3	0	0	4	2	6	4	2	5	1	3	34
Tanzania	47	11	89	8	97	84	27	78	73	41	29	32	616
Thailand	0	1	3	14	1	0	1	1	2	6	0	0	29
Trinidad Tobego	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	3	0	3
Turkey	1	0	0	0	1	2	2	2	0	1	1	0	10
Uganda	5	2	2	2	2	18	0	4	5	3	2	1	46
Ukraine	1	0	0	0	0	0	1	0	0	0	0	0	2
United Arab	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	1
United Kingdom	8	3	5	7	5	5	5	10	6	2	5	8	69
United Nations	0	0	0	0	7	0	0	1	1	1	0	0	10
Uruguay	0	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
USA	2	2	2	1	1	3	1	1	1	1	2	0	17

USA	2	2	2	1	1	3	1	1	1	1	2	0	17
Venezuela	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Yemen	0	1	0	0	2	0	0	1	0	0	0	0	4
Yugoslavia	0	0	0	0	0	1	0	0	0	1	2	1	5
Zaire	0	0	0	0	1	0	5	0	0	0	0	3	9
Zambia	5	4	4	24	18	11	8	9	2	4	3	0	92
Zimbabwe	261	5071	7268	7069	3029	3176	3984	7342	3133	2651	293	172	47649
											8	7	
Poland	0	2	2	0	0	1	1	0	1	0	1	0	8
Total	10585	13062	14907	14995	12591	13808	13934	16936	12387	10802	11568	24742	170317

BYLAE 3

VRAELYS

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE WERK

MAATSKAPLIKE WERK INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE KULTUUR EN AGTERGROND :

DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK IS OM VAS TE STEL OOR WATTER VAARDIGHEDE MAATSKAPLIKE WERKERS BESKIK OM MAATSKAPLIKE WERK BENADERINGS TE BENUT VIR INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE KULTURELE AGTERGRONDE.

TEN EINDE DIE VOLTOOIING VAN DIE VRAELYS TE VERGEMAKLIK, VOLG 'N VERDUIDELIKING VAN GESINNE VAN VERSKILLENDE KULTURELE AGTERGROND. DIE GESIN BESTAAN GEWOONLIK UIT 'N EGPAAR WIE SE KULTURELE AFKOMSTE VERSKILLENDE IS. (BYVOORBEELD INDIËR EN CHINEES) EN HULLE KINDERS.

1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE :

1.1 Hoe lank beoefen u al die professie maatskaplike werk?

1 – 4 jaar	5-8 jaar	9-12 jaar	13 – 20 jaar	20+ jaar
------------	----------	-----------	--------------	----------

1.2 Geslag

Manlik	Vroulik
--------	---------

2. GEVALLELADING :

2.1 Hoe groot is u gevallelading?

40-60	60-80	80-100	100+
-------	-------	--------	------

2.2 Hoeveel kliënte/gesinne in u gevallelading is van 'n ander kultuur as u eie?

5-10	10-20	20-30	30-40	40+
------	-------	-------	-------	-----

2.3 By watter van die volgende kultuurgroepe is u betrokke in u dienslewering?

	Swart	Kleurling	Blank	Indiër	Oosters
Getal kliënte					

2.4 Bespreek die spesifieke kultuurgroepe waarby u betrokke , byvoorbeeld is die kliënte Swart, maar van Malawi, Tanzanië of 'n ander land?

2.5 Is daar 'n toename in dienslewering die afgelope 8 jaar (sedert Suid-Afrika bekend staan as die reënboognasie) by gesinne van verskillende etniese agtergrond en kultuur?

Indien ja, bespreek die gesinne se kulturele afkoms en probleme, aan wie u dienste lewer.

3. PROBLEME MET GESINNE VAN DIVERSE KULTUUR

3.1 By hoeveel van die volgende gesinne van diverse kulture en agtergrond is u by betrokke ?

	Getal
Pas getroude paar	
Gesin met jong kinders	
Gesin met adollesente	
Gesin met volwasse kinders	
Gesin in latere lewe	

3.2 Wat is die mees algemene maatskaplike probleme wat voorkom by gesinne met verskillende kulturele agtergronde?

Huweliksaanpassing	
Kinderopvoeding	
Probleme met tieners	
Kultuur verwante probleme	
Alkohol/dwelmmisbruik	
Gesinsidentiteitsprobleme	
Enige ander probleme	

4. ONDERRIG EN KENNIS VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN KULTURELE DIVERSITEIT

4.1 Is daar in u voorgraadse opleiding as maatskaplike werker deur middel van lesings aandag gegee aan maatskaplike werk intervensie met gesinne van diverse kulture en agtergronde?

Ja	Nee	Onseker

Indien Ja op vraag 4.1 beantwoord 4.1.1

Indien Nee op vraag 4.1 beantwoord 4.1.3

4.1.1 Indien wel, het die voorgraadse opleiding aandag gegee aan die inoefening van vaardighede ten opsigte van intervensie met gesinne van diverse kultuur en agtergrond?

Ja	Nee	Onseker

4.1.2 Indien ja, spesifiseer watter vaardighede aangeleer is.

4.1.3 Indien nee of onseker, is u van mening dat u oor genoegsame kennis beskik van verskillende kulture om doeltreffende intervensie aan individue en gesinne wat divers is, te bied?

Ja	Nee
----	-----

4.1.4 Indien nee, identifiseer watter kennis by u ontbreek?

5. OPLEIDING EN KENNIS VAN INTERVENSIE

5.1 Het u na u voorgraadse opleiding enige ander vorm van opleiding in intervensie aan gesinne van verskillende etniese agtergrond ontvang?

Ja	Nee
----	-----

Indien Ja, gaan na vraag 5.1.1

Indien Nee, gaan na vraag 5.1.2

5.1.1 Watter vorm het die opleiding aangeneem?

Simposium	Konferensie	Verdere tersiêre opleiding	Ander

5.1.1.1 Indien ander, spesifiseer asseblief

5.1.2 Is u van mening dat u met u huidige kennis en vaardighede in staat is om intervensie aan gesinne van verskillende etniese agtergronde deurlopend toe te pas?

Ja	Nee
----	-----

5.1.2.1 Indien ja, motiveer u antwoord

5.1.2.2 Indien Nee, het u 'n behoefte aan verdere opleiding in intervensie met gesinne van diverse kulturele agtergrond?

Ja	Nee
----	-----

5.2 Watter tipe kennis en vaardighede moet volgens u uitgebrei word?

6. BENADERINGS EN MODELLE VIR INTERVENSIE

6.1 Watter bronne benut u om inligting oor die kulture van die gesinne aan wie diens gelewer word, te bekom?

Gesinsbronne	Sosiale netwerke	Godsdienstige bronne	Gesondheidsbronne	Politieke bronne	Opvoeding En Opleidingsbronne

6.2 Van watter van die volgende benaderings wat in maatskaplike werk intervensie benut kan word, dra u kennis van?

Probleem-oplossende benadering	
Psigososiale benadering	
Psigoanalitiese benadering	
Behavioristiese benadering	
Eksistensialistiese benadering	
Kliënt-gesentreerde benadering	
Gestalt-beginsels	
Kognitief-affektiewe benadering	
“Generalist” benadering	
Etnies-sensitiewe benadering	
Ekologiese benadering	
Ander	

6.3 Van watter van die volgende modelle en teorieë in maatskaplike werk intervensie dra u kennis?

Rolteorie	
Sisteemteorie	
Gedragsveranderingsmodel	
Taak-gesentreerde model	
Kulturele bewuswordingsmodel	
Culturagram	
Ander	

7. INTERVENSIE MET GESINNE VAN VERSKILLENDE KULTURELE AGTERGRONDE

7.1 Watter benaderings gebruik u in u intervensie met gesinne van verskillende kulturele agtergrond met inagneming van 6.2?

7.2 Van watter teorieë of modelle soos genoem by 6.3 maak u van gebruik in intervensie met gesinne van diverse kultuur?

7.3 Is daar 'n verskil in intervensie met gesinne van dieselfde kultuur en gesinne van verskillende diverse kulture?

Ja	Nee	Onseker

Motiveer u antwoord :

7.4 Ervaar u taalverskille tussen uself en gesinne aan w ie u diens lewer as 'n probleem in dienslewering?

Ja	Nee

7.5 Indien wel, hoe hanteer u die probleem?

Tolke	Verwys na ander maatskaplike werker	Leer die taal	Ander

7.6 In watter mate ervaar u verskille in godsdiens tussen uself en die gesinne aan wie u diens lewer, as 'n probleem in dienslewering?

8. GESINDHEID VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

8.1 Gee u opinie oor die noodsaaklikheid om bewus te wees van u gesindheid teenoor gesinne van diverse kulture aan wie u diens lewer?

8.2 Watter effek het u persoonlike kulturele agtergrond op intervensie met gesinne van etnies diverse kulture?

8.3 Watter soort probleme ondervind u om die gesin van diverse kulturele agtergrond te aanvaar en te verstaan?

9. INDIENSNEMING VAN WELSYNSORGANISASIE

9.1 Bied u organisasie waar u werksaam is enige programme/kursusse aan oor intervensie aan gesinne met verskillende etniese agtergrond as u eie?

Ja	Nee
----	-----

Indien ja, gaan na 9.1.1

Indien nee, gaan na 9.1.2

9.1.1 Bespreek die inhoud van die kursusse en hoe gereeld die kursusse plaasvind.

9.1.2 Verstrek redes waarom u meen u organisasie nie betrokke is by opleiding van die bogenoemde aard nie.

9.1.3 Watter aspekte meen u behoort gedek te word in opleiding ten opsigte van multi-kulturele intervensie.

DANKIE VIR U SAMEWERKING.

BYLAE 4

PERMISSION TO DO RESEARCH

FOR ATTENTION :MRS. MEYER
COMMUNICARE

I finished my studies as social worker at Stellenbosch University the end of 1985. Since then I worked at the previous Departement of Health and Welfare for almost 6 years, I also worked at Child and Family Welfare for 7 months. Then we went to Taiwan for mission work for almost 7 years. Since we came back, I had a desire to further my studies and therefore I started with my masters degree at Stellenbosch University this year.

I want to ask if you will help me to finish my degree by allowing the social workers of Communicare to be involved in the research. I am interested to find out which perspective/s the social workers use in the process to help clients and then more specifically clients of different cultures. I therefore have a questionnaire that need to be filled in and I would need their assistance. The questionnaire will be ready during August 2001.

I can come personally to explain the questionnaire individually or in a group session.

Can you please let me know as soon as possible.

With Regards

Marie Koch

BYLAE 5

GOEDKEURING VIR VOLTOOIING VAN VRAELYSTE

VIR AANDAG:ACVV

CMR

Ek het my studies as maatskaplike werker aan die einde van 1985 aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Sedertdien was ek werksaam by die vorige Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn vir ongeveer 6 jaar en daarna by Kinder- en gesinsorg vir ongeveer 7 maande. Verder was ons as gesin ongeveer 7 jaar in Taiwan vir sendingwerk en sedert ons terugkeer, het ek 'n behoefte om verder te studeer. Dus het ek die jaar begin met my meestersgraad in Maatskaplike Werk.

Ten einde die graad te voltooi, het ek die hulp van u maatskaplike werkers nodig om die vraelyste te voltooi. Die studie gaan oor die verskillende benaderings wat maatskaplike werkers gebruik in hulle dienslewering en wel met etnies-sensitiewe gesinne of/en egpare. Die onderwerp is van toepassing op die nuwe Suid-Afrika en sal ook vir elke maatskaplike werker van hulp wees. Die vraelys behoort teen Augustus 2001 gereed te wees.

Ek kan die vraelyste individueel of in 'n groepsituasie laat voltooi. Kan u my asseblief behulpsaam wees.

Dankie by voorbaat

Marie Koch

BYLAE 6

BENUTTING ACVV

Me M Koch

Brackenfell

7560

Mevrou Koch

VERSOEK OM NAVORSING :BENUTTING ACVV

Dankie vir u versoek aan die ACVV-Hoofbestuur om goedkeuring vir die benutting van die ACVV in u beoogde navorsing.

Die ACVV-Hoofbestuur het u versoek sorgvuldig bespreek en besluit om nie hierdie navorsing te ondersteun nie.

Sterkte word u toegewens met die verdere studie.

Met vriendelike groete

(MEV) M KOORNHOF

DIREKTEUR